Vandag se Martelaarskerk

# VIR CHRISTUS GEMARTEL


*deur*

RICHARD WURMBRAND

Met 'n Voorwoord deur Eerw. W. Stuart Harris, F.R.G.S.,
Algemene Bestuurder, European Christian Mission

*Uit die Engels vertaal deur*

TIMO KRIEL



CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY

POSBUS 132 ROODEPOORT

GEDRUK DEUR CITADEL-PERS KAAPSTAD

## OMTRENT DIE SKRYWER

EERW. RICHARD WURMBRAND is 'n evangeliese predikant wat in sy tuisland Roemenië, veertien jaar van Kommunistiese gevangenskap en foltering deurleef het. Hy is een van Roemenië se mees bekende Christenleiers, skrywers en opvoedkundiges. Daar is min name wat beter bekend is in sy tuisland.

In 1945, toe die Kommuniste Roemenië in besit geneem en probeer het om die kerke vir hulle doeleindes te beheer, het Richard Wurmbrand onmiddellik 'n doeltreffende en kragtige „ondergrondse" evangeliebediening onder sy verslaafde volksgenote en die invallende Russiese soldate begin. Eindelik in 1948 is hy en sy vrou Sabine gearresteer. Laasgenoemde het drie jaar lank slawearbeid verrig. Richard Wurmbrand het drie jaar in eensame opsluiting deurgebring en in daardie tyd niemand gesien nie, behalwe sy pynigers. Na drie jaar is hy vir vyf jaar oorgeplaas in 'n massasel waar die foltering voortgesit is.

Danksy sy internasionale gestalte as 'n Christenleier, het diplomate van buitelandse ambassades by die Kommunistiese regering navraag gedoen oor sy veiligheid. Hulle is meegedeel dat hy uit Roemenië gevlug het. Geheime polisie wat hulle voorgedoen het as ontslane medegevangenes het sy vrou vertel dat hulle sy begrafnis in die tronk se begraafplaas bygewoon het. Sy familiebetrekkinge in Roemenië en sy vriende in die buiteland moes hoor dat hulle hom maar moes vergeet daar hy nou dood was.

Na agt jaar is hy vrygelaat en het hy dadelik sy werk in verband met die Ondergrondse Kerk hervat. Twee jaar later, in 1959 is hy weer gearresteer en tot vyf-en-twintig jaar tronkstraf gevonnis.

In 'n algemene amnestie in 1964 is hy vrygelaat en weer het hy sy ondergrondse bediening voortgesit. Met 'n besef van die groot gevaar aan 'n derde gevangenskap verbonde,

het Christene in Noorweë met die Kommunistiese outoriteite onderhandel met die oog op sy vrylating uit Roemenië. Die Kommunistiese regering het begin om hulle politieke gevangenes te „verkoop". Die prys vir 'n gevangene was R1,600. Sy prys was R5,000.

In Mei 1966 het hy voor 'n Komitee van die Amerikaanse Senaat in Washington getuig en sy bolyf ontbloot om agttien diep folterwonde wat sy liggaam oordek het te toon. Sy verhaal is oor die wêreld versprei in koerante in die V.S.A., Europa en Asië. In September 1966 is hy gewaarsku dat die Kommunistiese bewind in Roemenië 'n besluit geneem het om hom te vermoor. Maar hy bly nie stil in die aangesig van hierdie dreigemente nie. Hy het bekend gestaan as „die stem van die Ondergrondse Kerk". Christenleiers noem hom „'n lewende martelaar" en „die Ystergordyn se Paulus".

# VOORWOORD

*deur Eerw. W. Stuart Harris, F.R.G.S.,*
*Algemene Bestuurder, European Christian Mission*

DIT WAS in Desember 1964 dat ek Roemenië die eerste keer binnegegaan het. Behalwe Albanië was Roemenië voorheen die enigste land in Europa wat ek nog nie besoek het nie. Ek het enige maande lank 'n duidelike leiding van God gehad om te gaan. Ek het dus die grens van Hongarye na Roemenië in die geselskap van eerw. John Moseley oorgesteek.

Ons het gou agtergekom dat ons in 'n Kommunistiese land was waar ons baie stip deur die outoriteite dopgehou is. Die gelowiges het ons nietemin warm verwelkom. Die eerste Sondagaand het ons na die Duitse Baptistekerk in Boekarest gegaan, waar ons gevra is om ons groete en getuienisse te gee. Na die diens het etlike mense met ons gepraat, onder meer 'n lang kêrel met 'n vurige uitdrukking op sy bleek aangesig. Hy het gevra of hy met ons kon gesels en gesê hy sou die risiko neem as ons na sy huis wou kom. Gevolglik het ons laat daardie aand, ongeveer om tienuur, ons weg gevind na die huis waarin Richard Wurmbrand met sy vrou en seun, Mihai, in 'n klein kamertjie op die boonste verdieping gewoon het.

Ons het stilweg binnegegaan en toe het die Pastor van wie ons in die Weste so baie gehoor het ons vertel van sy verbasende ondervindinge en verlossinge gedurende veertien jaar van gevangenskap. Eers het die seun en toe die vrou, Sabine in die straat uitgegaan om te verken. Albei het gerapporteer dat die huis deur die polisie omring was en dat hulle motor teenoor ons huis gewag het. Hoe lank sou hulle die huis dophou? Wat sou die uitslag wees? Richard Wurmbrand het sy verhaal beëindig en toe het ons saam gebid. Dit was 'n gedenkwaardige biduur waar ons by God ge-

pleit het om die beskerming van Sy diensknegte. Ons het die littekens van die marteling in sy liggaam gesien en soos nooit tevore nie die verskriklike aaklighede van daardie tye besef. En tog, deur die donker verhaal van gevangenskap en lyding het die lig van heerlikheid en van liefde geskyn. God het ons gebede verhoor en toe ons eindelik na die straat uitgegaan het, was die polisie weg.

Ons het vir die eerste keer hierdie gesin van God ontmoet, sulke heldhaftige getuies vir Jesus Christus en ons het albei gevoel dat ons nooit weer dieselfde kon wees nie. Ek voel dus geëerd om gevra te word om 'n voorwoord vir hierdie boek te skrywe en ek doen dit met die vurige gebed dat God baie harte sal beweeg om die volke van Oos-Europa so lief te kry dat 'n grootmoedige reaksie aanmerklike hulp sal bring aan diegene wat ter wille van Jesus Christus ly en in hulle vlees die oorblyfsels aanvul van die verdrukkinge van Christus vir Sy liggaam wat die gemeente is.

AAN

EERW. W. STUART HARRIS, Algemene Bestuurder van die European Christian Mission, Londen, wat in 1964, toe ek uit die tronk ontslaan is, as die eerste boodskapper van Christene in die Weste na Roemenië gekom het. Nadat hy baie voorsorgsmaatreëls getref het, het hy baie laat in die nag na ons huis gekom en vir ons die eerste woorde van liefde en vertroosting gebring sowel as die eerste noodleniging vir die gesinne van Christenmartelare. Namens hulle wil ek hiermee ons innige dank betuig.

# INLEIDING

## WAAROM EK HIERDIE BOEK SKRYWE

EK BRING aan elke vrye Christen 'n boodskap van die Ondergrondse Kerk agter die Ystergordyn.

Die Ondergrondse Kerk waarvan ek baie jare lank die leier was, het besluit dat ek alle pogings moes aanwend om na die vrye wêreld te kom en u 'n dringende boodskap te bring. Deur 'n wonderwerk omtrent die ontsaglikheid waarvan u hierin gaan lees, het ek behoue gebly en die vrye wêreld bereik. In hierdie boek gee ek die boodskap wat aan my opgedra is deur die getroue, lydende Ondergrondse Kerk in Kommunistiese lande.

Sodat die boodskap van die Ondergrondse Kerk u volle dringende aandag mag geniet, gee ek eers my getuienis en vertel ek van die werk van die Ondergrondse Kerk.

# HOOFSTUK EEN

## 'N ATEÏS VIND CHRISTUS

EK HET opgegroei in 'n huis waar geen godsdiens erken is nie. As kind het ek geen godsdiensonderrig ontvang nie en op veertienjarige ouderdom was ek reeds 'n oortuigde verstokte ateïs. Dít was die gevolg van ongelukkige kinderjare. Ek was 'n weeskind van die vroegste jare van my lewe af en gedurende die moeilike jare van die Eerste Wêreldoorlog was ek bekend met armoede. Op veertienjarige leeftyd was ek net so 'n oortuigde ateïs as wat die Kommuniste vandag is. Ek het ateïstiese boeke gelees en dit was nie dat ek net nie in God of Christus geglo het nie . . . Ek het hierdie begrippe gehaat en hulle as skadelik beskou vir die menslike gees. En so het ek grootgeword met bitterheid teenoor godsdiens.

Maar soos ek later verstaan het, het ek die genade gehad om een van God se uitverkorenes te wees om redes wat ek nie verstaan het nie. Dit was redes wat nie aan enigiets aan my karakter eie was nie want my karakter was baie sleg.

Hoewel ek 'n ateïs was, het iets wat onredelik was my altyd na kerke aangetrek. Ek het dit moeilik gevind om by 'n kerk verby te loop sonder om in te gaan. Ek het egter nooit verstaan wat daar in daardie kerke plaasgevind het nie. Ek het na die preke geluister maar hulle het geen indruk op my hart gemaak nie. Ek was baie seker dat daar geen God was nie. Die idee van God as 'n Meester wat ek sou moet gehoorsaam, het ek gehaat. Ek het die verkeerde begrip van God wat ek in my gedagte gehad het, gehaat. Maar ek sou baie graag wou geweet het dat daar êrens in hierdie heelal 'n liefdevolle hart bestaan het. Ek het maar min van die genietinge van my kinderdae en die jeug geken. Ek het verlang dat daar êrens ook vir my 'n liefdevolle hart moes klop.

Ek het geweet dat daar geen God was nie maar ek was bedroef dat so 'n God van liefde nie bestaan het nie. In my innerlike geestelike stryd het ek eenmaal 'n Katolieke kerk

binnegegaan; ek het mense daar sien neerkniel en iets hoor sê. Ek het gedink ek sou naby hulle kniel en opvang wat hulle sê en ek sou die gebede herhaal om te sien of daar iets gebeur. Hulle het tot die Heilige Maagd gebid: „Wees gegroet, Maria, vol van genade!" Ek het die woorde herhaaldelik nagesê en na die standbeeld van die Maagd Maria gekyk maar daar het niks gebeur nie. Ek was baie treurig daaroor.

En eendag het ek as 'n baie oortuigde ateïs tot God gebid. My gebed het ongeveer soos volg gelui: „o God, ek weet beslis dat U nie bestaan nie, maar as U wel bestaan, wat ek bestry, is dit nie my plig om in U te glo nie; dit is U plig om U aan my te openbaar." Ek was 'n ateïs maar ateïsme het geen vrede in my hart gebring nie.

In hierdie tyd van innerlike stryd – soos ek later ontdek het – het 'n ou timmerman bo in die berge van Roemenië soos volg gebid: „My God, ek het u op aarde gedien en ek wens om my loon op aarde sowel as in die hemel te ontvang. En my loon moet wees dat ek die dood nie sal sien voordat ek 'n Jood na Christus gebring het nie want Jesus was 'n Jood. Maar ek is arm, oud en siek. Ek kan nie rondgaan om 'n Jood te soek nie. In my dorp is daar nie een nie. Bring U tog 'n Jood na my dorp en ek sal my bes doen om hom na Christus te bring."

Iets onweerstaanbaars het my na daardie dorp getrek. Ek het daar niks te doen gehad nie. Maar ek het na daardie dorp gegaan. Aangesien ek 'n Jood was, was die timmerman oorstelp met blydskap en het my absoluut op die hande gedra. In my het hy die verhoring van sy gebed gesien en hy het my 'n Bybel gegee om te lees. Ek het die Bybel voorheen al dikwels uit kulturele belangstelling gelees. Maar die Bybel wat hy my gegee het, was 'n ander soort Bybel. Soos hy my later meegedeel het, het hy en sy vrou *ure lank* saam gebid vir die bekering van my en my vrou. En die Bybel wat hy my gegee het, was nie soseer in letters geskrywe nie maar in vlamme van liefde deur sy gebede ontsteek. Ek kon dit nouliks lees. Ek kon slegs daaroor ween terwyl ek my slegte lewe met die lewe van Jesus vergelyk het; my onrein-

heid met Sy reinheid; my haat met Sy liefde. En Hy het my aangeneem as een van Sy eie.

Kort na my het my vrou ook tot bekering gekom. Sy het ander siele na Christus gebring en hulle het weer ander siele na die Heer gebring en so het daar 'n nuwe Lutherse gemeente in Roemenië ontstaan.

Nou het die Nazitydperk aangebreek. Ons moes baie lyding verduur. In Roemenië het die Nazisme die vorm aangeneem van 'n diktatorskap van die uiterste ortodokse elemente wat die Protestantse groepe sowel as die Jode vervolg het.

Selfs voor my formele bevestiging en voordat ek vir die bediening toegerus was, was ek in werklikheid die leier van hierdie kerk aangesien ek die stigter daarvan was en die verantwoordelikheid daarvoor gedra het. Ek en my vrou is etlike male gearresteer, geslaan en voor die Naziregters gesleep. Die Naziterreur was groot maar slegs 'n voorsmaak van wat daar onder die Kommuniste sou kom. My seun, Mihai moes 'n nie-Joodse naam ontvang om sy dood te voorkom.

Maar hierdie Nazitydperk het een groot voordeel gehad. Dit het ons geleer dat fisiese slae *wel* verduur kon word, dat die menslike gees met God se hulp aaklige folteringe kan oorleef. Dit het ons die tegniek geleer van geheime Christelike werk wat 'n voorbereiding was vir 'n baie swaarder toets wat sou kom – 'n beproewing wat vlak voor die deur was.

## MY BEDIENING ONDER DIE RUSSE

Uit berou vanweë die feit dat ek 'n ateïs was, het ek vanaf die eerste dag van my bekering verlang om teenoor die Russe te getuig. Die Russe is 'n volk wat van kleins af in die ateïsme opgegroei het. My verlange om die Russe te bereik, is vervul. Die vervulling daarvan het begin in die Nazitydperk, want ons het in Roemenië derduisende Russiese krygsgevangenes gehad en ons kon Christelike werk onder hulle doen.

Dit was 'n dramatiese, aandoenlike werk. Nooit sal ek my

eerste ontmoeting met 'n Russiese prisonier vergeet nie. Hy het my meegedeel dat hy 'n ingenieur was. Ek het hom gevra of hy in God glo. As hy „nee" sou gesê het, sou ek nie soveel omgegee het nie. Elke mens het die reg om te glo of nie te glo nie. Maar toe ek hom vra of hy in God glo, het hy my aangekyk met oë sonder begrip en gesê: „Ek het nie so 'n militêre bevel ontvang om te glo nie. As ek 'n bevel kry, sal ek glo."

Die trane het oor my wange gerol. Dit het gevoel of my hart aan stukke geskeur word. Hier het 'n man voor my gestaan wie se verstand dood was, 'n man wat die grootste gawe wat God aan die mens gegee het naamlik om 'n individu te wees, verloor het. Deur breinspoeling het hy 'n werktuig in die hande van die Kommuniste geword, gereed om op bevel te glo of nie te glo nie. Hy kon nie meer vir homself dink nie. Hy was 'n tipiese Rus na al hierdie jare van Kommunistiese heerskappy! Na die skok om te sien wat die Kommunisme aan menslike wesens gedoen het, het ek die Here belowe dat ek my lewe aan hierdie mense sou wy om aan hulle hul persoonlikheid terug te gee en aan hulle geloof in God te gee.

Ek het nie nodig gehad om na Rusland te gaan om die Russe te bereik nie.

Op 23 Augustus 1944 het eenmiljoen Russiese troepe Roemenië begin binnekom, en baie gou daarna het die Kommuniste in ons land aan die bewind gekom. Dit was die begin van 'n nagmerrie wat die lyding onder die Nazi's na speletjies laat lyk het.

In Roemenië met sy bevolking van agttienmiljoen het die Kommunistiese Party destyds slegs tienduisend lede gehad. Maar Wisjinski, die Sowjet-Unie se Sekretaris van Buitelandse Sake, het die kantoor van ons geliefde Koning Michael I binnegestorm, met sy vuiste op die tafel geslaan en gesê: „Jy moet Kommuniste in die regering aanstel." Ons leër en polisie is ontwapen en so, deur geweld en deur omtrent almal gehaat, het die Kommuniste aan die bewind gekom. Dit het nie sonder die medewerking van die Amerikaanse en Britse heersers van daardie tyd geskied nie.

Mense is voor God verantwoordelik, nie alleen vir hulle persoonlike sondes nie maar ook vir hulle nasionale sondes. Die tragedie van al die gevange nasies is 'n verantwoordelikheid op die harte van Amerikaanse en Engelse Christene. Amerikaners moet weet dat hulle die Russe by tye onwetend gehelp het deur 'n bewind van moord en verskrikking op ons te lê. Amerikaners moet hiervoor vergoed deur die gevange nasies te help om na die lig van Christus te kom.

## DIE TAAL VAN LIEFDE EN DIE TAAL VAN VERLEIDING IS DIESELFDE

Toe die Kommuniste eers eenmaal aan die roer was, het hulle op knaphandige manier die middele van verleiding teenoor die Kerk gebruik. Die taal van liefde en die taal van verleiding is dieselfde. Die man wat 'n meisie as vrou wil hê en die een wat haar slegs vir een nag wil hê om haar later weg te gooi, sê albei: „Ek het jou lief." Jesus het ons geleer om te onderskei tussen die taal van verleiding en die taal van liefde en om die wolwe in skaapsklere van die regte skape te onderskei.

Toe die Kommuniste aan die bewind gekom het, het duisende priesters, pastors en predikante nie geweet hoe om tussen die twee stemme te onderskei nie.

Die Kommuniste het 'n kongres van alle Christelike liggame in ons parlementsgebou belê. Daar was vierduisend priesters, pastors en predikante van alle denominasies. Hierdie vierduisend priesters, pastors en predikante het Josef Stalin tot erevoorsitter van hierdie kongres gekies. Terselfdertyd was hy president van die Wêreldbeweging van die Goddeloses en 'n massamoordenaar van Christene. Biskoppe en pastors het die een na die ander in ons parlementsgebou opgestaan en verklaar dat die Kommunisme en die Christendom fundamenteel dieselfde is en naas mekaar kan bestaan. Die predikante het die een na die ander die Kommunisme geprys en die nuwe regering van die lojaliteit van die Kerk verseker.

Ek en my vrou was teenwoordig op hierdie kongres. My vrou het gesê: „Richard, staan op en was hierdie skande van

die gesig van Christus af! Hulle is besig om in Sy aangesig te spuug." „As ek dit doen," het ek gesê, „verloor jy jou man." „Ek wil nie 'n lafaard vir 'n man hê nie," was haar antwoord.

Ek het opgestaan en die kongres toegespreek. Ek het nie die moordenaars van Christene geprys nie, maar Christus en God en gesê ons lojaliteit is in die eerste plek aan Hom verskuldig. Die toesprake op hierdie kongres is uitgesaai en die hele land kon van die spreekgestoelte van die Kommunistiese Parlement die boodskap van Christus hoor verkondig. Later moes ek hiervoor boet, maar dit wat die moeite werd.

Ortodokse en Protestantse kerkleiers het met mekaar gewedywer om aan die Kommunisme toe te gee. 'n Ortodokse biskop het die hamer en sekel op sy klere laat aanbring en sy priesters versoek om hom nie meer as „Hoogeerwaarde Heer" aan te spreek nie maar as „kameraad biskop". Ek het die kongres van die Baptiste in die stad Resita bygewoon – 'n kongres onder die rooi vlag waar die volkslied van die Sowjet-Unie gesing is terwyl almal staan. Die voorsitter van die Baptiste het verkondig dat Stalin niks anders gedoen het as om die bevele van God na te kom nie. Hy het Stalin geprys as 'n groot leraar van die Bybel! Priesters soos Patrascoiu en Rosianu was meer uitgesproke. Hulle het offisiere van die geheime polisie geword. Rapp, onderbiskop van die Lutherse kerk in Roemenië het in die teologiese kweekskool begin leer dat God drie openbaringe gegee het: een deur Moses, een deur Jesus en die derde deur Stalin en dat die laaste die vorige vervang het.

Dit moet verstaan word dat die ware Baptiste wat ek baie liefhet nie saamgestem het nie maar baie getrou aan Christus was en baie gely het. Hoe dit sy, die Kommuniste het hulle leiers „gekies" en die Baptiste het geen ander keuse gehad as om hulle te aanvaar nie. Hierdie toedrag van sake is vandag nog die geval ten opsigte van die hoogste godsdienstige „leierskap".

Diegene wat dienaars van die Kommunisme in plaas van

Christus geword het, het die broeders wat nie wou saamwerk nie begin verkla.

Soos die Russiese Christene na die Russiese revolusie 'n Ondergrondse Kerk gestig het, so het die koms van die Kommunistiese bewind en die verraad deur baie amptelike kerkleiers ons gedwing om ook in Roemenië 'n Ondergrondse Kerk te stig; 'n kerk getrou om te evangeliseer, die Evangelie te verkondig en siele vir Christus te bereik. Die Kommuniste het dit alles verbied en die offisiële kerk het saamgestem.

Saam met ander het ek met ondergrondse werk begin. Ek het uiterlik 'n baie agtenswaardige sosiale posisie beklee wat niks te doen gehad het met my ondergrondse werk nie en as 'n dekmantel gedien het. Ek was pastor van die Noorse Lutherse Sending en het terselfdertyd in die verteenwoordiging van die Wêreldraad van Kerke in Roemenië gewerk. (In Roemenië het ons nie die vaagste benul gehad dat hierdie organisasie ooit met die Kommuniste sou saamwerk nie. In ons land het dit hom destyds aan niks anders as noodleniging gewy nie.) Hierdie twee titels het my 'n baie goeie naam by die outoriteite besorg wat onbekend was met my ondergrondse werk.

Hierdie werk het twee takke gehad. Die eerste was ons geheime bediening onder die eenmiljoen Russiese soldate. Die tweede tak was ons ondergrondse bediening onder die verslaafde mense van Roemenië.

### RUSSE – 'N VOLK MET SULKE „DORSTIGE" SIELE

Vir my is dit hemel op aarde om die Evangelie aan die Russe te verkondig. Ek het die Evangelie aan mense van baie nasies verkondig maar nooit het ek mense die Evangelie sien indrink soos die Russe nie. Hulle het sulke dorstige siele.

'n Ortodokse priester, 'n vriend van my, het my oor die telefoon meegedeel dat 'n Russiese offisier na hom gekom het om te bieg. My vriend het geen kennis van die Russiese

taal gehad nie maar hy het geweet dat ek Russies kon praat, dus het hy hom my adres gegee. Die volgende dag het die man na my toe gekom. Hy het God liefgehad, hy het na God verlang maar hy het nog nooit 'n Bybel gesien nie. Hy het nooit kerkdienste bygewoon nie (kerke is baie skaars in Rusland). Hy het geen godsdienstige opleiding gehad nie. Hy het God liefgehad sonder die minste kennis van Hom.

Ek het die Bergrede vir hom begin voorlees asook die gelykenisse van Jesus. By die aanhoor hiervan het hy in vervoering in die kamer rondgedans en uitgeroep: „Wat 'n wonderlike skoonheid! Hoe kan ek lewe sonder om hierdie Christus te ken!" Dit was die eerste keer dat ek iemand so verruklik vol vreugde in Christus gesien het.

Toe het ek 'n fout begaan. Ek het vir hom die lyding en kruisiging van Christus voorgelees sonder om hom daarvoor voor te berei. Hy het dit nie verwag nie, en toe hy hoor hoedat Christus geslaan is, hoedat Hy gekruisig is en dat Hy eindelik gesterf het, het hy in 'n leuningstoel geval en bitterlik aan die ween gegaan. Hy het in 'n Verlosser geglo en nou was sy Verlosser dood!

Ek het hom aangekyk en ek het my geskaam dat ek myself 'n Christen en 'n pastor genoem het, 'n leraar van andere. Ek het nooit die lyding van Christus gedeel soos hierdie Russiese offisier dit nou gedeel het nie. Dit was of ek weer vir Maria Magdalena aan die voet van die kruis sien ween en hoe sy nog getrou was selfs nadat Jesus 'n lyk in die graf was.

Toe lees ek vir hom die verhaal van die opstanding. Hy het nie geweet dat sy Verlosser uit die graf opgestaan het nie. Toe hy hierdie wonderlike tyding hoor, het hy op sy knieë geslaan en 'n baie liederlike maar myns insiens 'n baie „heilige" vloekwoord geuiter. Dit was sy ruwe manier van praat. Weer het hy gejuig. Hy het uitgeroep van blydskap: „*Hy leef! Hy leef!*" En weer het hy in die kamer rondgedans, oorweldig deur blydskap.

„Kom ons bid saam," het ek gesê. Hy het nie gebede geken nie. Hy het nie ons heilige uitdrukkings geken nie. Hy

het saam met my neergekniel en die woorde van sy gebed was: „O Here, wat 'n gawe persoon is U! As ek U was en U ek was, sou ek *nooit* U sondes vergewe het nie. Maar U is regtig 'n baie gawe persoon! Ek het U met my hele hart lief."

Ek dink al die engele in die hemel het stilgestaan om te luister na hierdie verhewe gebed van 'n Russiese offisier. Die man is vir Christus gewin!

Ek het 'n Russiese kaptein met 'n dame-offisier in 'n winkel ontmoet. Hulle was besig om allerhande goed te koop en het dit moeilik gevind om met die winkelier wat nie Russies verstaan het nie te praat. Ek het aangebied om vir hulle te tolk en so het ons kennis gemaak. Ek het hulle genooi om by ons te kom eet. Voordat ons begin eet het, het ek hulle meegedeel: „U is in 'n Christenhuis en dis ons gewoonte om te bid." Ek het in Russies gebid. Hulle het hulle messe en vurke neergesit en het nie langer in kos belang gestel nie. Hulle het begin vrae stel omtrent God, Christus en die Bybel. Hulle het letterlik *niks* geweet nie.

Dit was nie maklik om met hulle te praat nie. Ek het hulle die gelykenis vertel van die man met die honderd skape wat een daarvan verloor het. Hulle het nie verstaan nie en het gevra: „Hoe is dit dat hy honderd skape het? Het die Kommunistiese gemeenskapsplaas dit nie weggeneem nie?" Toe vertel ek hulle dat Jesus 'n koning is. Hulle antwoord: „Alle konings was slegte mense wat die volk getiranniseer het en Jesus moet dan ook 'n tiran wees." Toe ek hulle die gelykenis van die werkers in die wingerd vertel, sê hulle: „Wel, hulle het baie goed gedoen om teen die eienaar van die wingerd te rebelleer. Die wingerd moet aan die gemeenskap behoort." Alles was vir hulle nuut. Toe ek hulle van die geboorte van Jesus vertel, het hulle gevra wat in die mond van 'n westerling laster sou wees: „Was Maria die vrou van God?" In die gesprek met hulle en met baie ander het dit vir my duidelik geword dat om die Evangelie na so baie jare van Kommunisme aan die Russe te verkondig, ons 'n totaal nuwe taal moet gebruik.

Die sendelinge wat na Midde-Afrika gegaan het, het dit moeilik gevind om die woorde van Jesaja te vertaal: „Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu." Niemand in Midde-Afrika het nog ooit sneeu gesien nie. Hulle moes dit vertaal: „Julle sondes sal so wit word soos die kern van die kokosneut."

Om dit vir hulle verstaanbaar te maak, moes ons die Evangelie dus in die Marxistiese taal oorsit. Dit was iets wat ons nie op ons eie kon doen nie maar die Heilige Gees het Sy werk deur ons gedoen.

Die kaptein en die dame-offisier het daardie selfde dag tot bekering gekom. Hulle het ons later baie gehelp in ons ondergrondse bediening onder die Russe. Ons het in die geheim derduisende Evangelies en ander Christelike leesstof gedruk en onder die Russe versprei. Deur die bekeerde Russiese soldate kon ons baie Bybels en gedeeltes van die Bybel in Rusland insmokkel.

Ons het van 'n ander tegniek gebruik gemaak om eksemplare van die Woord van God in die hande van die Russe te kry. Die Russiese soldate was al etlike jare besig om oorlog te voer, en baie van hulle het tuis kinders gehad wat hulle in al daardie tyd nie gesien het nie. (Die Russe is baie lief vir kinders). My seun, Mihai en ander kinders onder tien jaar het hulle sakke volgestop met Bybels, Evangelies en ander leesstof en na die Russiese soldate op die strate en in die parke gegaan. Die soldate het hulle koppe gestreel en met liefde met hulle gepraat, gedagtig aan hulle eie kinders wat hulle in geen jare gesien het nie. Die soldate het hulle sjokolade of lekkers gegee en dan het die kinders hulle ook iets gegee, Bybels en Evangelies wat hulle gretig aangeneem het. Dikwels het ons kinders met volkome veiligheid dinge gedoen wat vir ons te gevaarlik was om openlik te doen. Hulle was „jong sendelinge" onder die Russe. Die uitslae was uitstekend. Baie Russiese soldate het die Evangelie op hierdie manier ontvang toe daar geen ander weg was om dit aan hulle te gee nie.

## PREDIKING IN DIE KASERNES VAN DIE RUSSIESE LEËR

Ons het nie slegs deur individuele getuienis onder die Russe gewerk nie. Ons was in staat om ook in klein groepbyeenkomste te werk.

Die Russe is baie lief vir horlosies. Hulle het van almal horlosies gesteel. Hulle het mense op straat voorgekeer en almal moes maar oorhandig. Jy kon Russe sien met verskeie horlosies aan elke arm. Jy kon Russiese vroue-offisiere sien met 'n wekker wat om die nek hang. Hulle het nooit voorheen horlosies besit nie en kon nie genoeg daarvan kry nie. Die Roemene wat graag 'n horlosie wou hê, moes na die kasernes van die Sowjetleër gaan om 'n gesteelde een te koop, miskien nog hulle eie. Dit was dus iets alledaags vir Roemene om die Russiese kasernes te besoek. Ons van die Ondergrondse Kerk het 'n goeie voorwendsel gehad om ook daarheen te gaan, naamlik om horlosies te koop.

Vir my eerste poging om in 'n Russiese kaserne te preek, het ek die dag van Sint Paulus en Sint Petrus gekies. Ek het gemaak of ek 'n horlosie wou koop maar het beweer dat die een te duur was, 'n ander te klein, nog een te groot. Etlike soldate het om my saamgedrom met een of ander iets om te verkoop en vir die grap vra ek hulle: „Is hier van julle wat Paulus of Petrus heet?" Daar was 'n paar. Toe vervolg ek: „Weet julle dat vandag die dag is waarop julle Ortodokse Kerk Sint Paulus en Sint Petrus vereer?" (Sommige van die ouer Russe het dit geweet.) Ek vra toe: „Weet julle wie Paulus en Petrus was?" Niemand het geweet nie. Ek het hulle van Paulus en Petrus begin vertel. Een van die ouer Russiese soldate het my in die rede geval en gesê: „Jy het nie hier gekom om horlosies te koop nie. Jy het gekom om ons van die geloof te vertel. Kom sit hier by ons en praat met ons, maar wees baie versigtig. Ons weet vir wie ons op ons hoede moet wees. Die wat hier om my staan, is almal goeie kêrels. As ek my hand op jou knie sit, moet jy net oor horlosies gesels. As ek my hand wegneem, kan jy weer met jou boodskap voortgaan." Daar was al sommer 'n groot klomp manne rondom my en ek het hulle van Paulus en Petrus

vertel en van die Christus vir wie Paulus en Petrus gesterf het. Af en toe het daar iemand nader gekom in wie hulle geen vertroue gehad het nie. Die ou soldaat het sy hand op my knie gesit en dadelik het ek oor horlosies gesels. As die persoon weer weg was, het ek voortgegaan om Christus te verkondig. Hierdie besoek is met behulp van Russiese Christensoldate baie dikwels herhaal. Baie van hulle makkers het Christus gevind. Duisende Evangelies is in die geheim uitgedeel.

Baie van ons broeders en susters van die Ondergrondse Kerk is gevang en vreeslik geslaan hieroor maar hulle het nie ons organisasie verraai nie.

Gedurende hierdie werk het ons die vreugde gesmaak om broeders van die Ondergrondse Kerk in Rusland te ontmoet en van hulle wedervarings te verneem. In die eerste plek het ons in hulle die aanleg vir groot heiliges gesien. Hulle het deur so baie jare van Kommunistiese indoktrinasie gegaan! Sommige van hulle was deur Kommunistiese universiteite. Maar net soos 'n vis in die soutwater lewe en sy vleis vars hou, so het hulle deur die Kommunistiese skole gegaan, maar hulle siele skoon en rein in Christus bewaar.

Hierdie Russiese Christene het sulke lieflike siele gehad. Hulle het gesê: „Ons weet dat die ster met die hamer en die sekel wat ons op ons pette dra die ster van die Antichris is." Dit het hulle met groot droefheid gesê. Hulle het ons baie gehelp om die Evangelie onder die ander Russiese soldate te versprei.

Ek kan sê dat hulle al die Christelike deugde besit het behalwe die deug van blydskap. Dit het hulle slegs by hulle bekering gehad. Daarna het dit verdwyn. Ek het my baie hieroor verwonder. Eenmaal het ek 'n Baptis gevra: „Hoe is dit dat julle geen blydskap ken nie?" Sy antwoord was:

„Hoe kan ek bly wees wanneer ek dit vir my pastor moet wegsteek dat ek 'n ernstige Christen is, dat ek 'n lewe van gebed lei, dat ek siele probeer win? Die pastor van die kerk is 'n verklikker van die geheime polisie. Ons word die een deur die ander bespied en die herders is die verraaiers van die kudde. *Baie diep* in ons hart is daar die blydskap van

verlossing maar hierdie uiterlike blydskap wat julle besit – ons kan dit nie meer hê nie. Die Christelikheid het by ons dramaties geword. Wanneer julle, vrye Christene 'n siel vir Christus win, win julle 'n lid vir 'n vreedsame lewende kerk maar wanneer ons iemand win, weet ons dat hy miskien nog in die tronk mag beland, dat sy kinders wese mag word. Die blydskap van iemand na Christus te bring, is altyd gemeng met hierdie gevoel dat daar 'n prys te betaal is."

Ons het 'n totaal nuwe tipe Christen ontmoet – die Christen van die Ondergrondse Kerk. Hier het ons baie verrassings gehad. Net soos daar baie mense is wat glo dat hulle Christene is en dit in werklikheid nie is nie, so het ons gevind dat daar onder die Russe baie is wat glo dat hulle ateïste is maar dit in werklikheid nie is nie.

Ek het voor my 'n Russiese egpaar gehad, albei beeldhouers. Toe ek met hulle praat oor God, was hulle antwoord: „Nee, God bestaan nie. Ons is ‚Bezbosjniki' – godloos maar ons sal u iets interessants vertel wat met ons gebeur het.

„Ons was eenmaal besig om aan 'n standbeeld van Stalin te werk. Terwyl ons besig was, vra my vrou my: ‚Ou man, wat van die duim? As ons nie die duim teenoor die ander vingers kon stel nie – as die vingers van die hand soos die tone was sou ons nie 'n hamer, 'n blokhamer, enige soort gereedskap, 'n boek of 'n stuk brood kon vashou nie. Die menslike lewe sou onmoontlik gewees het sonder hierdie klein duimpie. Nou, wie het hierdie duim gemaak? Ons het albei die Marxisme op skool geleer en ons weet dat die hemel en die aarde vanself bestaan. Hulle is nie deur God geskape nie. So het ek geleer en so glo ek. Maar as God nie die hemel en die aarde geskape het nie; as Hy slegs die duim geskape het, sou Hy lofwaardig wees vir hierdie klein dingetjie. Ons prys Edison en Bell en Stephenson wat die elektriese gloeilamp, die telefoon en die spoorweg en ander dinge uitgevind het maar waarom sou ons nie die een wat die duim uitgevind het, prys nie? As Edison nie 'n duim gehad het nie, sou hy niks uitgevind het nie. Dit is nie meer as reg om God wat die duim gemaak het, te prys nie'."

Die man het baie kwaad geword, soos mans baie dikwels

word wanneer hulle vroue vir hulle verstandige dinge sê. „Moenie sulke dom dinge sê nie. Jy het geleer dat daar geen God is nie. Jy kan nooit weet of die huis se mure nie ore het nie en ons nie in die moeilikheid mag beland nie. Laat dit nou *eens en veral* in jou verstand posvat dat daar geen God is nie. In die hemel is daar *niemand* nie."

„Dit is 'n nog groter wonder," was haar antwoord. „As daar in die hemel 'n Almagtige God was in wie ons voorvaders in hulle domheid geglo het, sou dit heel natuurlik wees dat ons duime het. 'n Almagtige God kan enigiets doen, dus kan Hy 'n duim ook maak. Maar as daar in die hemel niemand is nie, is ek van my kant af vas beslote om met my hele hart die ‚Niemand' wat die duim gemaak het te aanbid."

Hulle het dus aanbidders van die „Niemand" geword. Hulle geloof in hierdie „Niemand" het met verloop van tyd toegeneem; hulle het geglo dat Hy nie alleen die duim geskape het nie maar ook die sterre, blomme, kinders en alles wat skoon is in die lewe.

Dit was net soos in Athene in die ou tyd toe Paulus aanbidders van die „onbekende God" teengekom het.

Hierdie egpaar was onuitspreeklik gelukkig om van my te verneem dat hulle reg geglo het, dat daar in die hemel werklik 'n „Niemand" is, God wat Gees is – 'n gees van liefde, wysheid, waarheid en krag – wat hulle so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het om Homself aan die kruis vir hulle te offer. Hulle het in God geglo sonder om te weet dat hulle dit doen. Ek het die groot voorreg gehad om hulle 'n stap verder te neem – na die ondervinding van vergifnis en verlossing.

Eenmaal het ek 'n Russiese dame-offisier in die straat gesien. Ek het haar genader en om verskoning gevra: „Ek weet dit is onhoflik om 'n onbekende dame op straat aan te spreek maar ek is 'n pastor en my bedoeling is ernstig. Ek wil graag met u praat oor Christus."

„Het u Christus lief?" wou sy weet. „Ja," was my antwoord, „met my hele hart." Daarop val sy in my arms en soen my oor en oor. Dit was 'n groot verleentheid vir 'n

pastor om in te verkeer, dus het ek haar soene beantwoord en gehoop die mense sou dink ons is familie. „Ek het Christus ook lief!" het sy uitgeroep. Ek het haar na ons huis geneem. Daar het ek tot my verbasing ontdek dat sy niks omtrent Christus geweet het nie – absoluut niks – *behalwe die naam*. En tog het sy Hom liefgehad. Sy het nie geweet dat Hy die Verlosser is nie, ook nie wat verlossing beteken nie. Sy het nie geweet waar en hoe Hy geleef en gesterf het nie. Sy was onbekend met wat Hy geleer het en met Sy lewe en bediening. Sy was vir my 'n sielkundige eienaardigheid. Hoe kan 'n mens iemand liefhê as jy slegs sy naam ken?

Op my vrae het sy verduidelik. „As kind het ek leer lees deur middel van prente. Vir 'n ‚a' was daar 'n appel, vir 'n ‚b' was daar 'n bal, vir 'n ‚d' 'n dam en so meer. In die hoërskool is ek geleer dat dit my heilige plig is om die Kommunistiese vaderland te verdedig. Ek het les ontvang aangaande Kommunistiese moraal maar ek het nie geweet soos wat 'n ‚heilige plig' of 'n ‚moraal' gelyk het nie. Daarvoor het ek 'n prent nodig gehad. Nou het ek geweet dat ons voorvaders 'n prent gehad het vir alles wat mooi, lofwaardig en waar was. My ouma het altyd voor so 'n prent gebuig en gesê dit was die prent van iemand met die naam, ‚Cristos' (Christus). Ek het hierdie naam liefgekry. Hierdie naam het vir my so 'n werklikheid geword. Net die uitspreek van hierdie naam het my met vreugde vervul."

Terwyl ek na haar luister, het ek my herinner wat daar in Filippense staan, naamlik dat in Sy naam elke knie sal buig. Miskien sal die Antichris in staat wees om 'n tyd lank die kennis van God uit die wêreld uit te wis. Maar daar is krag in die eenvoudige Naam van Christus en *dit* sal mense na die lig lei. Sy het Christus met blydskap in my huis gevind, en nou het Hy wie se naam sy liefgehad het in eie persoon in haar hart gelewe.

Elke ontmoeting wat ek met Russe gehad het, was vol poësie en diepe betekenis.

'n Suster wat die Evangelie in spoorwegstasies versprei het, het aan 'n belangstellende offisier my adres gegee. Een

aand het hy by my huis aangekom – 'n lang, mooi Russiese luitenant.

„Wat kan ek vir u doen?" het ek gevra.

„Ek het gekom om lig," was sy antwoord.

Ek het die mees essensiële gedeeltes van die Skrif vir hom begin lees. Hy het sy hand op myne gesit en gesê: „Ek versoek u met my hele hart, moet my nie mislei nie. Ek behoort aan 'n volk wat in die duisternis gehou is. Sê asseblief vir my is dít die *ware* Woord van God?" Ek het hom verseker dat dit die geval was. Hy het ure lank geluister . . . en Christus aangeneem.

Russe is nooit oppervlakkig in godsdienstige sake nie. As hulle die godsdiens bestry het of as hulle ten gunste daarvan was en Christus gesoek het, het hulle hul *hele siel* daarin gesit. Dit is die rede waarom elke Christen in Rusland 'n sielsoekende sendeling is. Daarom is dit dat geen land op aarde so ryp en vrugbaar is vir Evangelisasiewerk nie. Russe is uiteraard een van die godsdienstigste nasies op aarde. Die gang van die wêreld kan verander word as ons hulle aanvallend wil evangeliseer. Dit is so 'n tragedie dat hierdie Rusland en sy volke die sterkste honger en dors na die Woord van God het, en nogtans oënskynlik deur almal afgeskrywe is.

Op 'n trein het 'n Russiese offisier voor my gesit. Ek het nog maar 'n paar minute met hom oor Christus gepraat toe hy losbreek met 'n vloed ateïstiese argumente. Marx, Stalin, Voltaire, Darwin en ander aanhalings teen die Bybel het eenvoudig by sy mond uitgevlieg. Hy het my geen kans gegee om hom te weerspreek nie. Hy het byna 'n uur lank gepraat om my te oortuig dat daar geen God is nie. Toe hy klaar was, vra ek hom: „As daar geen God is nie waarom bid jy wanneer jy in die nood is?" Soos 'n dief wat op heter daad betrap is, vra hy: „Hoe weet jy dat ek bid?" Ek het hom nie kans gegee om te ontkom nie. „Ek het my vraag eerste gestel. Ek het gevra waarom jy bid? Antwoord asseblief." Hy het sy kop laat sak en erken: „Aan die front toe ons deur die Duitsers omsingel was, het ons almal gebid. Ons het nie geweet hoe om dit te doen nie en het sommer

gesê: ‚God en gees van moeder' " – wat seker 'n baie goeie gebed was in die oog van Hom wat die hart ken.

Ons bediening onder die Russe het baie vrug afgewerp.

Ek dink aan Piotr (Peter). Niemand weet in watter Russiese tronk hy dood is nie. Hy was so jonk! Miskien maar twintig. Hy het met die Russiese leër na Roemenië gekom. Hy het in 'n ondergrondse diens tot bekering gekom en het my gevra om hom te doop. Na die doop het ek hom gevra watter teks in die Bybel die grootste indruk op hom gemaak en hom beïnvloed het om na Christus te kom.

„In een van ons geheime byeenkomste," het hy gesê, „het ek aandagtig geluister toe u uit Lukas 24 die verhaal gelees het waar Jesus by twee van Sy dissipels gekom het wat op pad was na Emmaus. Toe hulle naby die dorp kom, het Hy ‚gemaak of Hy verder wou gaan'. Ek het gewonder waarom Jesus dit gesê het. Hy wou tog seker by Sy dissipels bly. Waarom het Hy dan *gesê* dat Hy verder wou gaan? My verklaring was dat Jesus hoflik is. Hy wou graag *baie seker* wees dat hulle Hom wou hê. Toe Hy sien dat Hy welkom was, het Hy blymoedig met hulle die huis binnegegaan. Die Kommuniste is onhoflik. Hulle dring met geweld in ons harte en verstand in. Hulle verplig ons om van die oggend tot laat in die aand na hulle te luister. Hulle doen dit deur hulle skole, die radio, koerante, plakkate, rolprente, ateïstiese byeenkomste en net waar jy jou draai. Jy moet gedurig na hulle godlose propaganda luister of jy daarvan hou of nie. Jesus respekteer ons vryheid. Hy klop saggies aan die deur. *Jesus het my deur Sy hoflikheid gewin.*"

Hierdie starre teenstelling tussen die Kommunisme en Christus het hom oortuig. Hy was nie die enigste Rus wat deur hierdie karaktertrek van Jesus beïndruk is nie. (Ek as pastor het nooit so daaroor gedink nie.)

Na sy bekering het Piotr keer op keer sy vryheid en sy lewe gewaag om Christelike leesstof en hulp vir die Ondergrondse Kerk uit Roemenië na Rusland te smokkel. Uiteindelik is hy gevang. Ek weet dat hy in 1959 nog in die tronk was. Het hy gesterf? Is hy reeds in die hemel of is hy

nog besig om op aarde die goeie stryd te stry? Ek weet nie. God alleen weet waar hy hom vandag bevind.

Baie ander is net soos hy, nie maar net bekeerd nie. Ons moet nooit ophou wanneer ons 'n siel vir Christus gewin het nie. Daardeur het ons maar die *helfte* van die werk gedoen. Die Russe het nie slegs tot bekering gekom nie maar het „sendelinge" in die Ondergrondse Kerk geword. Hulle was roekeloos waaghalsig vir Christus en het altyd gesê dat dit maar min was wat hulle kon doen vir Christus wat vir hulle gesterf het.

### ONS ONDERGRONDSE BEDIENING ONDER 'N VERSLAAFDE VOLK

Die tweede tak van ons werk was ons ondergrondse sendingwerk onder die Roemene self. Die Kommuniste het baie gou hulle maskers laat val. Aanvanklik het hulle van verleiding gebruik gemaak om kerkleiers na hulle kant te trek maar toe het die terreur begin. Duisende is gearresteer. Om 'n siel vir Christus te win het vir ons ook iets dramaties geword, net soos dit al lank vir die Russe was. Ek was later self in die tronk saam met siele wat God my gehelp het om vir Christus te win. Ek was in dieselfde sel met iemand wat sy ses kinders agtergelaat het en nou weens sy Christelike geloof opgesluit was. Sy vrou en kinders was aan die verhonger. Dit was moontlik dat hy hulle dalk nooit weer sou sien nie. Ek het hom gevra: „Het jy enige gevoel teen my omdat ek jou na Christus gelei het en jou gesin nou in so 'n ellende verkeer?" Sy antwoord was: „*Ek het geen woorde om my dankbaarheid te betuig dat u my na die wonderlike Heiland gelei het nie. Ek sou dit nooit anders wou hê nie.*"

Die verkondiging van Christus onder die nuwe omstandighede was nie maklik nie. Ons het daarin geslaag om verskeie Christelike pamflette te druk en hulle deur die strenge sensorskap van die Kommuniste te stuur. Ons het die sensor 'n boekie aangebied met 'n portret van Karl Marx, die grondlêer van die Kommunisme, op die eerste bladsy. Die naam van die boek was: *Godsdiens is die Opium van die Volk* of ander soortgelyke titels. Hy het hulle vir Kommunistiese

boeke aangesien en die seël daarop geplaas. In hierdie boeke het ons na 'n paar bladsye vol aanhalings uit Marx, Lenin en Stalin wat die sensor behaag het, ons boodskap oor Christus gegee.

Die Ondergrondse Kerk is slegs gedeeltelik ondergronds. Soos 'n ysberg is slegs 'n klein gedeelte van die werk in die openbaar. Ons het na die Kommunistiese demonstrasies gegaan en hierdie „Kommunistiese" boeke is versprei. Die Kommuniste het die portret van Marx gesien en met mekaar gewedywer om die boek te koop. Teen die tyd dat hulle bladsy tien bereik het en gevind het dat dit alles oor God en Jesus was, was ons al baie ver weg.

Om onder hierdie nuwe omstandighede te preek, was nie maklik nie. Ons mense was baie verdruk. Die Kommuniste het alles van almal weggeneem. Van die boer het hulle landerye en skape geneem. Van 'n haarkapper of 'n kleremaker het hulle die klein winkeltjie geneem. Nie alleen die kapitaliste is onteien nie. Baie arm mense het veel gely. Byna elke gesin het iemand in die tronk gehad en die armoede was groot. Mense het gevra: „Hoe is dit dat 'n God van liefde die triomf van die kwaad toelaat?"

Ook vir die eerste apostels sou dit nie baie maklik gewees het om Christus op Goeie Vrydag te verkondig nie – die dag toe Jesus aan die kruis gesterf het en die woorde uitgespreek het: „My God, My God, waarom het U My verlaat?"

Maar die feit dat die werk gedoen is, is 'n bewys dat dit van God was en nie van ons nie. Die Christelike geloof het 'n antwoord op sulke vrae.

Jesus het ons vertel van die arme Lasarus, destyds verdruk soos ons verdruk is – sterwend, honger, sy wonde deur die honde gelek – maar op die ou end het engele hom na die skoot van Abraham gedra.

## HOE DIE ONDERGRONDSE KERK GEDEELTELIK IN DIE OPENBAAR GEWERK HET

Die Ondergrondse Kerk het in privaathuise, in kelderverdiepings, in bosse vergader – oral waar moontlik. Daar

het dit dikwels in die geheim sy „openbare" werk berei. Onder die Kommuniste het ons 'n plan beraam om straatdienste te hou wat mettertyd baie gevaarlik geword het maar hierdeur het ons baie siele bereik wat ons andersins nie kon bereik nie. My vrou was hierin baie aktief. 'n Klompie Christene sou stilletjies op 'n straathoek vergader en begin sing. Mense het om hulle saamgedrom om na die pragtige sang te luister en my vrou kon haar boodskap bring. Ons het die plek verlaat voordat die polisie opgedaag het.

Een agtermiddag terwyl ek elders besig was, het my vrou by die ingang van die groot MALAXA-fabriek in Boekarest 'n boodskap gelewer voor duisende arbeiders. Sy het hulle van God en van verlossing vertel. Die volgende dag is baie van die arbeiders doodgeskiet omdat hulle in opstand gekom het teen die onregverdighede van die Kommuniste. Hulle het die boodskap net betyds gehoor.

Ons was 'n Ondergrondse Kerk maar net soos Johannes die Doper het ons openlik met mense en heersers oor Christus gepraat.

Op die trappe van een van ons regeringsgeboue het twee Christenbroeders eendag deurgedruk tot by ons eersteminister, Gheorghiu Dej. In die paar minute tot hulle beskikking het hulle voor hom van Christus getuig en hom vermaan om sy sondes en vervolgings te staak. Hy het hulle in die tronk gewerp vir hulle waagsame getuienis. Jare later toe hierdie selfde eersteminister baie siek was, het die saad van die Evangelie wat hulle jare tevore geplant het en waarvoor hulle swaar gely het, vrug gedra. In die uur van sy nood het die eersteminister die woorde onthou wat tot hom gerig was. Daardie woorde was, soos die Bybel sê, „lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard". Hulle het deur die hardheid van sy hart gedring en hy het sy lewe aan Christus oorgegee. Hy het sy sondes bely en die Heiland aangeneem en Hom in sy siekte begin dien. Nie lank daarna nie is hy oorlede maar hy het na sy pasgevonde Heiland gegaan omdat twee Christene gewillig was om die prys te betaal. Hulle is tipies van die moedige Christene in die Kommunistiese lande vandag.

Die Ondergrondse Kerk was dus nie net in die geheime byeenkomste en bedekte aktiwiteite werksaam nie maar ook in die moedige openbare verkondiging van die Evangelie op die Kommunistiese strate en aan die Kommunistiese leiers. Daar was 'n prys. Ons was bereid om dit te betaal. En die Ondergrondse Kerk is vandag nog bereid om dit te betaal.

Die geheime polisie het die Ondergrondse Kerk baie vervolg want hulle het daarin die enigste doeltreffende teenstand gesien; juis die soort teenstand wat, as dit ongehinderd gelaat sou word, hulle ateïstiese mag sou ondermyn. Hulle het besef, soos alleen die duiwel kan besef, dat dit vir hulle 'n onmiddellike bedreiging ingehou het. *Hulle het geweet as iemand in Christus geglo het hy nooit 'n verstandelose, gewillige onderdaan sou wees nie. Hulle het geweet hulle kon mense in die tronk stop, maar hulle kon nie geloof in God in die tronk stop nie.* Hulle het dus baie hard geveg.

Maar die Ondergrondse Kerk het ook sy vriende of lede selfs in die Kommunistiese regerings en in die geheime polisie.

Ons het Christene onderrig om by die geheime polisie aan te sluit en die mees gehate en veragte uniform in ons land aan te trek sodat hulle die werksaamhede van die geheime polisie aan die Ondergrondse Kerk kon rapporteer. Verskeie broeders van die Ondergrondse Kerk het dit gedoen terwyl hulle hul geloof geheim gehou het. Dit is nie maklik om deur jou eie familie en vriende verag te word omdat jy die Kommunistiese uniform gedra het en hulle nie van jou ware sending vertel het nie. Tog het hulle dit gedoen. So groot was hulle liefde vir Christus.

Toe ek op straat ontvoer is en jare lank in die strengste geheimhouding opgesluit was, het 'n Christendokter om my op te spoor werklik lid van die geheime polisie geword. As dokter van die geheime polisie het hy toegang tot die selle van al die prisoniers gehad en gehoop om my te ontdek. Al sy vriende het hom vermy en gedink hy het 'n Kommunis geword. Om rond te gaan in die uniform van die folte-

raars is 'n baie groter offer aan Christus as om die uniform van 'n prisonier te dra.

Die dokter het my in 'n diep, donker sel gevind en laat weet dat ek nog in die lewe was. Hy was die eerste vriend wat my gedurende my eerste agt en 'n halfjaar in die tronk ontdek het. Deur hom het die woord die ronde gedoen dat ek nog geleef het en toe prisoniers in 1956 losgelaat is, het Christene ook op my ontslag aangedring en is ek vir 'n kort tydjie vrygelaat. As dit nie vir hierdie Christendokter was wat by die geheime polisie aangesluit het opsetlik om my te soek nie, sou ek nooit losgelaat geword het nie. Ek sou vandag nog in die tronk gewees het – of in 'n graf.

Deur gebruik te maak van hulle posisie in die geheime polisie het hierdie lede van die Ondergrondse Kerk ons dikwels gewaarsku en was hulle ons tot baie groot hulp. Die Ondergrondse Kerk het vandag nog mense in die geheime polisie wat die Christene beskerm en waarsku teen dreigende gevaar. Sommige beweeg hoog in Kommunistiese kringe terwyl hulle hul geloof in Christus geheim hou en ons tot groothulp is. Eendag in die hemel kan hulle die Christus wat hulle nou in die geheim dien, openlik bely.

Nietemin is baie lede van die Ondergrondse Kerk ontdek en in die tronk gestop. Ons het ook ons „Judasse" gehad wat ons by die geheime polisie verklap het. Deur slae, dwelmstof, dreigemente en afpersing, het die Kommuniste predikers en leke probeer vind wat hulle broeders sou verklik.

## HOOFSTUK TWEE

EK HET op 'n amptelike sowel as op 'n ondergrondse manier gewerk tot op 29 Februarie 1948. Dit was Sondag – 'n lieflike Sondag. Daardie Sondag is ek op straat op weg na die kerk deur die geheime polisie ontvoer.

Ek het dikwels gewonder wat in die Bybel bedoel word met „mensediewe". Die Kommuniste het ons geleer.

Baie is in daardie tyd op hierdie manier ontvoer. 'n

Vangwa van die geheime polisie het voor my stilgehou; vier manne het uitgespring en my in die voertuig gestoot. Ek is weggevoer vir baie jare. Meer as agt jaar lank het niemand geweet of ek lewend of dood was nie. My vrou het besoek ontvang van die geheime polisie wat hulle as ontslane medegevangenes voorgedoen het. Hulle het haar vertel dat hulle my begrafnis bygewoon het. Sy was ontroosbaar.

Duisende uit kerke van alle denominasies het in daardie tyd tronk toe gegaan. Nie net evangeliedienaars is in die tronk gestop nie maar ook eenvoudige kleinboere en jong seuns en dogters wat van hulle geloof getuig het. Die tronke was vol en in Roemenië soos in alle Kommunistiese lande beteken om in die tronk te wees om gemartel te word.

Marteling was soms verskriklik. Ek verkies om nie te veel te sê oor wat ek self deurgemaak het nie. As ek dit wel doen, kan ek snags nie slaap nie. Dit is te pynlik. In 'n ander boek, *In God's Uuderground*, gee ek 'n relaas met baie besonderhede van al ons ondervindinge met God in die tronk.

### ONUITSPREEKLIKE FOLTERINGE

'n Pastor genaamd Florescu is met rooiwarm ysters en met messe gemartel. Hy is geweldig geslaan. Daarop is uitgehongerde rotte deur 'n groot pyp in sy sel ingejaag. Hy kon nie slaap nie maar moes hom gedurig teen die rotte verdedig. As hy een oomblik gerus het, het die rotte hom aangeval. Hy was gedwing om twee weke lank dag en nag regop te staan. Die Kommuniste wou hom dwing om sy broeders te verraai maar hy het standvastig geweier. Uiteindelik het hulle sy veertienjarige seun gebring en hom voor sy vader met 'n sweep geslaan. Hulle het gesê hulle sou aanhou om hom te slaan totdat die pastor sou doen wat hulle verlang het. Die arme man was halfmal. Hy het uitgehou solank as wat hy kon. Toe hy dit nie langer kon verduur nie, het hy uitgeroep: „*Alexander, ek sal moet sê wat hulle wil hê! Ek kan jou lyding nie langer aanskou nie.*" Die seun het geantwoord: „Vader, moenie my die onreg aandoen om 'n verraaier as vader te hê nie. Bied weerstand! As hulle my doodmaak, sal ek sterf met die woorde: ‚Jesus en my vaderland'." Met

groot woede het die Kommuniste op die kind toegesak en hom doodgeslaan. Sy bloed het oral op die mure van die sel gespat. Hy het gesterf terwyl hy God geprys het. Ons dierbare broeder Florescu was nooit weer dieselfde nadat hy dit aanskou het nie.

Handboeie met skerp spykers aan die binnekant is aan ons gewrigte gesit. As ons ons *absoluut* stil gehou het, het hulle ons nie beseer nie, maar in die bitter koue selle, as ons van die koue gebewe het, het die spykers ons gewrigte gesny.

Christene is onderstebo aan toue opgehang en so geweldig geslaan dat hulle liggame heen en weer geswaai het onder die houe. Christene is in „yskas-selle" gesit waarvan die mure aan die binnekant met ys bedek was. Ek is self eenmaal met baie min klere aan in so 'n sel gewerp. Tronkdokters het ons deur 'n venstertjie dopgehou totdat hulle tekens van doodvries gewaar het, dan het hulle 'n waarskuwing laat hoor en het die wagte ingestorm om ons uit te haal en warm te maak. Wanneer ons dan deeglik warm was, is ons dadelik in die yskas-sel teruggeplaas om te verkluim – oor en oor en oor! Ontdooi en dan bevries tot binne 'n minuut of twee van die dood, dan weer ontdooi. Dit het geen end gehad nie. Selfs vandag kan ek soms nie verdra om 'n yskas oop te maak nie.

Ons, die Christene, is in houtkiste geplaas wat effens groter was as ons. Dit het geen ruimte gelaat om in te beweeg nie. Talle spykers is deur al die sye van die kis geslaan sodat hulle vlymskerp punte binnekant uitgesteek het. Solank as ons doodstil gestaan het, kon dit gaan. Ons was gedwing om eindelose ure lank in hierdie kiste te staan. Maar sodra ons moeg geword en begin slinger het, het die spykers in ons vlees gesteek. As ons beweeg het of 'n spier vertrek het, was die nare spykers daar!

Wat die Kommuniste aan Christene gedoen het, gaan alle moontlike menslike verstand te bowe. Ek het gesien hoe Kommuniste Christene folter terwyl die gesigte van die pynigers van verrukking geblink het. Onderwyl hulle die Christene gemartel het, het hulle uitgeroep: „Ons is die duiwel!"

Ons worstel nie teen vlees en bloed nie maar teen die owerhede en magte van die duisternis. Ons het gesien dat die Kommunisme nie uit die mens is nie maar uit die duiwel. Dit is 'n geestelike mag, 'n mag van die bose en dit kan slegs teruggeslaan word deur 'n groter geestelike mag, die Gees van God.

Ek het die pynigers dikwels gevra: „Het julle geen jammergevoel in julle harte nie?" Hulle het gewoonlik met 'n aanhaling van Lenin geantwoord: „Jy kan nie omelette maak sonder om die eiers te breek nie en jy kan nie hout kap sonder om die spaanders te laat waai nie." „Ek ken ook daardie aanhaling van Lenin," het ek gesê, „maar daar is 'n onderskeid. Wanneer jy 'n stuk hout kap, voel dit niks, maar hier is julle besig met menslike wesens. Elke pak slae gee pyn en daar is moeders wat huil." Dit was alles vergeefs. Hulle is materialiste. Vir hulle bestaan daar niks anders as materie nie en 'n mens is vir hulle soos hout, soos die dop van 'n eier. In hierdie geloof sink hulle af tot ongelooflike dieptes van wreedheid.

Dit is moeilik om aan die wreedheid van die Kommuniste te glo. Wanneer die mens geen geloof het in loon vir die goeie of straf vir die kwaad nie is daar geen rede om menslik te wees nie. Daar is niks wat hom terughou van die dieptes van boosheid wat daar in die mens is nie. Die Kommunistiese folteraars het dikwels gesê: „Daar is geen God, geen hiernamaals, geen straf vir die kwaad nie. Ons kan doen net wat ons wil." Ek het een pyniger self hoor sê: „Ek dank God in wie ek nie glo nie dat ek geleef het tot op hierdie uur waarin ek uitdrukking kan gee aan al die kwaad in my hart." Hy het dit uitgedruk in ongelooflike onmenslikheid en marteling waaraan hy die prisoniers onderwerp het.

Ek is baie jammer as 'n krokodil 'n man opeet maar ek kan nie die krokodil verkwalik nie. Hy is 'n krokodil. Hy is nie 'n morele wese nie. Net so kan die Kommuniste ook nie verkwalik word nie. Die Kommunisme het alle morele gevoel in hulle vernietig. Hulle het daarop geroem dat hulle geen jammergevoel in hulle harte het nie.

Ek het van hulle geleer. Net soos hulle geen plek vir

Jesus in hulle harte toegelaat het nie het ek besluit om nie die geringste plekkie vir die Satan in my hart toe te laat nie.

Ek het voor die Binnelandse Veiligheidskomitee van die Amerikaanse Senaat getuig. Daar het ek verskriklike dinge beskrywe soos van Christene wat vir vier dae en nagte aan kruise vasgemaak was. Die kruise is op die grond neergelê en honderde prisoniers moes hulle liggaamlike behoeftes oor die aangesigte en liggame van die gekruisigdes verrig. Daarna is die kruise weer opgerig terwyl die Kommuniste gehoon en gespot het: „*Kyk na julle Christus! Hoe pragtig is Hy!* Watter geur bring Hy van die hemel af!" Ek het beskryf hoe 'n priester wat deur marteling byna kranksinnig was, gedwing was om menslike ekskreta en urine te heilig en die heilige nagmaal in hierdie vorm aan die Christene te bedien. Dit is wat gebeur het in die Roemeense gevangenis van Pitesti. Later het ek vir daardie priester gevra waarom hy nie liewer gesterf het as om aan so 'n bespotting deel te neem nie. Sy antwoord was: „Moet my asseblief nie oordeel nie. Ek het meer gely as Christus!" Al die Bybelse beskrywings van die hel en die pyne van Dante se Inferno is niks in vergelyking met die martelinge in Kommunistiese tronke nie.

Dit is maar 'n baie klein deeltjie van wat op een Sondag en op baie ander Sondae in die tronk van Pitesti plaasgevind het. Daar is ander dinge wat eenvoudig nie vertel kan word nie. My hart sou beswyk as ek hulle weer en weer sou vertel. Hulle is te verskriklik obseen om op skrif te stel. Dit is wat u broeders in Christus deurgemaak het en *vandag* deurmaak.

Een van die werklike groot geloofshelde was pastor Milan Haimovici. Die tronke was oorvol en die wagte het ons nie by name geken nie. Hulle het die name uitgelees van diegene wat gevonnis was tot twintig houe met 'n sweep omdat hulle een of ander tronkreël oortree het. Talle male het pastor Milan Haimovici uitgegaan om die pak slae in iemand anders se plek te ontvang. Hierdeur het hy die respek van die ander prisoniers afgedwing, nie alleen vir homself nie maar vir die Christus wat hy verteenwoordig het.

As ek moes voortgaan om te vertel van al die verskrik-

kinge van die Kommuniste en al die selfopofferinge van Christene sou ek nooit klaarkry nie. Nie slegs die martelinge was bekend nie. Ook die heldedade was bekend. Die heldhaftige voorbeelde van die wat in die tronke was, het die broeders wat nog vry was grootliks geïnspireer.

Een van ons werkers was 'n jong meisie van die Ondergrondse Kerk. Die Kommunistiese polisie het uitgevind dat sy in die geheim Evangelies versprei en kinders van Christus vertel het. Hulle het besluit om haar te arresteer. Maar om die arres baie smartliker en so pynlik as moontlik te maak, het hulle besluit om die arres 'n paar weke uit te stel tot op die dag dat sy in die huwelik sou tree. Op haar troudag was die meisie soos 'n bruid aangetrek – die wonderlike, gelukkige dag van 'n meisie se lewe! Meteens is die deur oopgedruk en het die geheime polisie binnegestorm.

Toe die bruid die geheime polisie sien, het sy haar arms na hulle uitgesteek om geboei te word. Met ruheid het hulle die boeie aan haar gewrigte gesit. Sy het na haar geliefde gekyk; toe soen sy die kettings en sê: „*Ek dank my hemelse Bruidegom vir hierdie juweel wat Hy my op my troudag gegee het. Ek dank Hom dat ek waardig geag word om vir Hom te ly.*" Hulle het haar weggesleep terwyl wenende Christene en 'n wenende bruidegom agtergebly het. Hulle het geweet wat daar met jong Christenmeisies in die hande van Kommunistiese wagte gebeur. Na vyf jaar is sy vrygelaat – 'n vernietigde, gebroke vrou wat dertig jaar ouer gelyk het. Haar bruidegom het vir haar gewag. Sy het gesê dit was die minste wat sy kon doen vir haar Christus. Sulke lieflike Christene is daar in die Ondergrondse Kerk.

### WAT BREINSPOELING EINTLIK IS

Westerlinge het miskien van breinspoeling in die Koreaanse oorlog gehoor en nou in Viëtnam. Ek het self deur breinspoeling gegaan. Dit is die allervreeslikste marteling.

Jare lank moes ons sewentien uur per dag sit en luister na:

*Kommunisme is goed!*
*Kommunisme is goed!*
*Kommunisme is goed!*

*Kommunisme is goed!*
*Christelikheid is bog!*
*Christelikheid is bog!*
*Christelikheid is bog!*
*Gee dit op!*
*Gee dit op!*
*Gee dit op!*
*Gee dit op!*
Sewentien uur per dag – dae, weke en maande.

Verskeie Christene het my gevra hoe ons breinspoeling kon weerstaan. Daar bestaan maar net een metode van weerstand teen breinspoeling. Dit is „*hartspoeling*". As die hart gereinig is deur die liefde van Jesus Christus en as die hart Hom liefhet, kan 'n mens alle marteling weerstaan. Wat sou 'n liefhebbende bruid nie vir 'n liefhebbende bruidegom doen nie? Wat sou 'n liefhebbende moeder nie vir haar kind doen nie? As u Christus liefhet soos Maria wat Christus as 'n babatjie in haar arms gehou het; as u Jesus liefhet soos 'n bruid haar bruidegom bemin, dan *kan* u sulke martelinge weerstaan. God sal ons nie oordeel volgens wat ons verduur het nie maar volgens hoeveel ons kon liefhê. Ek is 'n getuie vir die Christene in Kommunistiese tronke dat hulle kon liefhê. Hulle kon God en mens bemin.

Die martelinge en wreedheid het ononderbroke voortgeduur. Wanneer ek my bewussyn verloor het of te bedwelmd was om die pynigers enige verdere hoop op bekentenisse te gee, het hulle my na my sel teruggebring. Daar het ek onversorg en halfdood gelê om weer 'n bietjie krag te kry sodat hulle die mishandeling kon voortsit. Baie het op hierdie stadium beswyk maar op een of ander manier was ek altyd weer in staat om my kragte te herwin. In die daaropvolgende jare in verskillende tronke het hulle vier van my rugwerwels en baie ander bene gebreek. Hulle het my op 'n dosyn verskillende plekke gekerwe. Hulle het agttien gate in my liggaam gebrand en gesny.

Dokters in Ohio wat dit alles gesien het sowel as die littekens van die longtering wat ek ook gehad het, het verklaar dat die feit dat ek vandag nog lewe 'n louter wonderwerk

is! Volgens hulle mediese boeke moes ek al jare gelede gesterf het. Ek weet self dat dit 'n wonderwerk is. God is 'n God van wonderwerke.

Ek glo dat God hierdie wonderwerk verrig het sodat u my stem kon hoor roep ten behoewe van die Ondergrondse Kerk agter die Ystergordyn. Hy het een toegelaat om uit te kom en luid die boodskap van u lydende, getroue broeders uit te roep.

### VRYHEID KORT VAN DUUR – TOE WEER GEARRESTEER

Die jaar 1956 het aangebreek. Ek was agt en 'n halfjaar in die tronk. Ek het baie gewig verloor, het lelike littekens opgedoen, is wreed geslaan en geskop, bespot, uitgehonger, gepers, ondervra, bedreig en verwaarloos. Niks hiervan het die resultate gelewer wat my gevangenemers wou hê nie. In moedeloosheid het hulle my toe ontslaan. Buitendien het hulle nog steeds proteste oor my gevangenskap ontvang.

Ek is toegelaat om na my ou posisie terug te keer – net vir een week. Ek het twee maal gepreek. Toe het hulle my ingeroep en my verbied om weer te preek of aan enige ander godsdienstige werksaamheid deel te neem. Wat het ek dan gesê? Ek het my gehoor aangeraai om „geduld, geduld en nogmaals geduld" te beoefen. – „Dit beteken dat jy hulle vertel het om net geduldig te wees en die Amerikaners sal hulle kom verlos," het die polisie my toegesnou. Ek het ook gesê dat die wiel draai en tye verander. „Jy vertel hulle dat die Kommuniste nie sal voortgaan om te regeer nie. Dit is teenrevolusionêre leuens!" het hulle geskreeu. Dit was dus die einde van my openbare bediening. Waarskynlik het die outoriteite geglo dat ek bang sou wees om hulle te trotseer en na die ondergrondse evangelisasiewerk terug te gaan. Dit is waar hulle hul misreken het. Ek het in die geheim teruggegaan na die werk wat ek voorheen gedoen het. My gesin het my gerugsteun.

Ek het opnuut vir verborge groepe van die getroues gepreek en onder beskerming van diegene wat vertrou kon word, gekom en gegaan. Hierdie keer het ek die littekens

gehad om gewig by te sit by my boodskap aangaande die ateïstiese gesigspunt en om wankelende siele moed in te praat om God te vertrou en dapper te wees. Ek het 'n geheime netwerk van evangeliste gereël wat mekaar gehelp het om die Evangelie onder die deur die Voorsienigheid verblinde Kommunistiese oë te versprei. Per slot van rekening, as iemand te blind is om die hand van God aan die werk te sien, sal hy miskien ook nie die hand van die evangelis sien nie.

Eindelik het die onophoudelike belangstelling van die polisie in my bedrywighede en verblyfplek vir hulle vrug afgewerp. Ek is weer ontdek en weer in die tronk gestop. Om een of ander rede het hulle hierdie keer nie my gesin opgesluit nie, miskien vanweë al die publisiteit wat ek ontvang het. Ek het agt en 'n halfjaar tronkstraf uitgedien en toe drie jaar betreklike vryheid geniet. Nou sou ek nog vyf en 'n halfjaar in die tronk slyt.

My tweede gevangenskap was in baie opsigte erger as die eerste. Ek het goed geweet wat om te verwag. My fisiese toestand het byna dadelik begin versleg, maar ons het die *ondergrondse* werk van die *Ondergrondse* Kerk in die *ondergrondse* Kommunistiese tronke voortgesit.

### ONS HET 'N AKKOORD AANGEGAAN – ONS PREEK EN HULLE SLAAN

Dit was streng verbode om vir ander prisoniers te preek. Ons het goed verstaan dat wie betrap word dat hy preek 'n deftige pak slae sou kry.

'n Aantal van ons het besluit om die prys te betaal vir die voorreg om te preek, dus het ons hulle terme aanvaar: *Ons het gepreek en hulle het ons geslaan.* Ons was gelukkig as ons preek, hulle was gelukkig as hulle ons slaan, sodoende was almal gelukkig.

Die volgende toneel is meermale afgespeel as wat ek kan onthou: 'n Broeder was besig om vir die ander prisoniers te preek toe die wagte skielik binnestorm en hom halfpad deur 'n sin betrap. Hulle het hom met die gang afgesleep na die „slaankamer". Nadat hulle hom ongenadiglik geslaan het,

het hulle hom teruggebring en bebloed en gekneus op die tronkvloer neergegooi. Langsaam het hy sy gehawende liggaam opgerig, met pynlike bewegings sy klere reggetrek en gesê: „Nou, broeders, waar het ek opgehou toe ek in die rede geval is?" Hy het voortgegaan met sy boodskap.

Ek het heerlike dinge gesien.

Soms was die predikers leke. Eenvoudige manne deur die Heilige Gees geïnspireer het dikwels pragtig gepreek. Hulle hart en siel was in hulle woorde want om onder sulke strafbare omstandighede te preek was nie kinderspeletjies nie. Dan het die wagte ingekom en die prediker uitgeneem en hom halfdood geslaan.

In die tronk van Gherla is 'n Christen met die naam van Grecu gevonnis om doodgeslaan te word. Die proses het 'n week lank geduur. Hy is baie langsaam geslaan. Eers het hulle hom met 'n rubberkierie een hou onder die voet gegee. Na 'n paar minute weer 'n hou en na 'n ruk nog een. Toe is hy op die testikels geslaan. 'n Dokter het hom 'n inspuiting gegee en hy het weer bygekom. Hulle het hom goeie kos gegee om sy kragte te herwin en toe is hy weer geslaan totdat hy onder hierdie langsame, herhaalde slae gesterf het.

Die leier van hierdie marteling was 'n lid van die Sentrale Komitee van die Kommunistiese party. Sy naam was Reck. Op 'n sekere oomblik het Reck 'n woord gesê wat die Kommuniste dikwels vir Christene sê: „Jy weet, *ek* is God. Ek het die mag van lewe en dood oor jou. Hy wat in die hemel is, kan nie besluit om jou in die lewe te behou nie. Alles hang van *my* af. As ek wil, leef jy. As ek wil, word jy gedood. *Ek is God!*" So het hy die Christen bespot.

In hierdie aaklige situasie het broeder Grecu vir Reck 'n baie interessante antwoord gegee wat ek later van Reck self gehoor het. Hy het gesê: „Jy weet nie watter gewigtige woord jy gesê het nie. Jy is werklik 'n god. Elke rusper is in werklikheid 'n skoenlapper *as hy reg ontwikkel*. Jy is nie geskape om 'n folteraar, iemand wat doodmaak, te wees nie. Jy is geskape om 'n Godgelykvormige wese te wees. Jesus het vir die Jode van Sy tyd gesê: ‚Julle is gode'. Die lewe van die Godheid is in jou. Baie mense wat soos jy was, baie

verdrukkers soos die apostel Paulus het op 'n sekere oomblik ontdek dat dit skandelik is vir 'n mens om wreedhede te pleeg, dat hulle baie beter dinge kan doen. Hulle het dus deelgenote van die Goddelike natuur geword. Glo my mnr. Reck, jou werklike roeping is om 'n god te wees, goddelik; nie 'n folteraar nie."

Reck het daardie oomblik nie baie ag geslaan op die woorde van sy slagoffer nie, net soos Saulus nie ag geslaan het op die pragtige getuienis van Stefanus wat in sy teenwoordigheid gedood is nie, maar hierdie woorde het hulle werk in sy hart gedoen en later het Reck verstaan dat *dit* sy werklike roeping was.

Uit al die slae, martelinge en slagtinge van die Kommuniste het daar een groot les te voorskyn gekom: *Dat die gees meester is van die liggaam.* Dikwels het ons wel die foltering gevoel maar dit was soos iets wat ver verwyder was van die gees wat versonke was in die heerlikheid van Christus en Sy teenwoordigheid by ons.

Toe ons een sny brood per week en 'n bietjie vuil sop elke dag ontvang het, het ons besluit om selfs onder daardie omstandighede ons „tiendes" af te staan. Elke tiende week het ons die sny brood geneem en dit as ons tiende aan die Meester, aan ons swakker broeders gegee.

'n Christen is ter dood veroordeel. Voor sy teregstelling is hy toegelaat om sy vrou te sien. Sy laaste woorde aan haar was: *„Jy moet weet dat ek sterf met liefde vir hulle wat my doodmaak. Hulle weet nie wat hulle doen nie en my laaste versoek aan jou is dat jy hulle ook moet liefhê. Moenie bitterheid in jou hart toelaat omdat hulle jou geliefde ombring nie. Ons sal mekaar in die hemel ontmoet.*" Hierdie woorde het die offisier van die geheime polisie wat by die twee se afskeid aanwesig was diep getref en later het hy self die voorval aan my meegedeel in die tronk waarin hulle hom gewerp het omdat hy 'n Christen geword het.

In die tronk van Tirgu-Oena was daar 'n baie jong prisonier genaamd Matchevici. Hy is op agttienjarige leeftyd in die tronk gestop. As gevolg van die martelinge was hy baie

siek aan die tering. Op een of ander manier het die familie uitgevind dat hy in hierdie ernstige toestand verkeer en het hulle hom honderd bottels Streptomisien gestuur wat die onderskeid tussen lewe en dood kon maak. Die polisie-offisier van die tronk het hom geroep en hom die pakkie gewys met die woorde: „Hier is die medisyne wat jou lewe kan red, maar jy is nie toegelaat om pakkies van jou mense te kry nie. Persoonlik sou ek jou graag wou help. Jy is nog jonk en ek sou nie graag dat jy in die tronk moet omkom nie. Help my om my in staat te stel om jou te help. Gee vir my informasie teen jou medegevangenes en dit sal my in staat stel om my by my hoofde te regverdig waarom ek jou die pakkie gegee het." Matchevici het dadelik geantwoord: „Ek het geen begeerte om in die lewe te bly en my te skaam as ek in die spieël kyk en die gesig van 'n verraaier daarin sien nie. Ek kan nie so 'n voorwaarde aanvaar nie. *Ek verkies die dood.*"

Die offisier van die geheime polisie het sy hand geskud en gesê: „Ek moet jou gelukwens. Ek het geen ander antwoord van jou verwag nie, maar ek wil graag iets anders voorstel. Sommige van die prisoniers het ons aanbringers geword. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle Kommuniste is en hulle is besig om julle te verraai. Hulle speel 'n dubbele rol. Ons het geen vertroue in hulle nie. Ons sou graag wil weet in watter mate hulle opreg is. Teenoor julle is hulle verraaiers. Hulle doen julle soveel kwaad; hulle vertel ons alles van julle woorde en dade. Ek kan verstaan dat jy nie jou makkers wil verraai nie, maar gee vir ons informasie oor diegene wat julle teenwerk en red also jou lewe!" Net so onmiddellik as die eerste keer het Matchevici se antwoord gekom: „Ek is 'n dissipel van Jesus Christus en Hy het ons geleer om selfs ons vyande lief te hê. Hierdie manne wat ons verraai, doen ons baie kwaad maar ek kan nie kwaad met kwaad vergeld nie. Ek kan geen informasie selfs teen hulle gee nie. Ek het hulle jammer, ek bid vir hulle, ek wil geen verband met die Kommuniste hê nie." Matchevici het teruggekeer van die onderhoud met die polisie-offisier. Hy het gesterf in dieselfde sel waarin ek was. Ek het hom sien

sterwe – *hy was besig om die Here te prys.* Die liefde het selfs die natuurlike dors na die lewe oorwin.

As 'n arm man 'n groot liefhebber van musiek is, sal hy sy laaste rand uitgee om na 'n konsert te luister maar hy voel nie gefrustreer nie. Hy het pragtige dinge gehoor. Ek voel nie gefrustreer omdat ek baie jare in die tronk verloor het nie. Ek het pragtige dinge gesien. Ek was self onder die swakkes en onbeduidendes in die tronk, maar ek het die voorreg gesmaak om in dieselfde tronk met groot heiliges te wees, geloofshelde wat gelykgestaan het met die Christene van die eerste eeue. Hulle het blymoedig vir Christus gaan sterwe. Die geestelike skoonheid van sulke heiliges en geloofshelde kan nooit beskryf word nie.

Die dinge wat ek hier sê, is nie uitsonderlik nie. Die bonatuurlike dinge het vir Christene in die Ondergrondse Kerk natuurlik geword. Die Ondergrondse Kerk is die Kerk wat na hulle eerste liefde teruggekeer het.

Voordat ek in die tronk beland het, het ek Christus baie liefgehad. Nou, nadat ek die „Bruid van Christus" – Sy geestelike Liggaam – in die tronk gesien het, moet ek sê dat ek die Ondergrondse Kerk net so liefhet soos vir Christus self. Ek het haar skoonheid gesien, haar gees van opoffering.

### WAT MET MY VROU EN SEUN GEBEUR HET

Ek is van my vrou weggeneem. Ek het nie geweet wat daarna met haar gebeur het nie. Eers baie jare later het ek gehoor dat sy ook in die tronk gestop is. Christenvroue het baie meer in die tronk gely as mans. Meisies is deur wrede wagte verkrag. Die bespotting, die obseniteit is vreeslik. Vroue is gedwing om harde arbeid te verrig aan 'n kanaal wat gebou moes word en hulle moes dieselfde hoeveelheid werk lewer as mans. Hulle moes grond laai in die winter. Prostitute is oor hulle aangestel en het gewedywer om die getroues te mishandel. Om in die lewe te bly, het my vrou gras geëet soos 'n dier. By hierdie kanaal het die uitgehongerde prisoniers rotte en slange geëet. Een groot pret van die wagte was om op Sondae vroue in die Donau te gooi en hulle weer uit te vis, hulle uit te lag en te bespot by die aan-

skouing van hulle nat liggame, hulle terug te gooi en weer uit te vis. My vrou is op hierdie manier in die Donau gegooi.

My seun het agtergebly om op straat rond te slenter nadat sy ouers weggeneem was. Mihai was van kindsbeen af baie godsdienstig en baie geïnteresseerd in sake van die geloof. Op negejarige ouderdom toe sy vader en moeder van hom weggeneem is, het hy deur 'n krisis in sy geestelike lewe gegaan. Hy het verbitterd geword en al sy godsdiens in twyfel getrek. Op hierdie ouderdom het hy met probleme te doen gekry wat kinders gewoonlik nie het nie. Hy moes planne beraam om 'n bestaan te maak.

Dit was 'n misdaad om die families van Christenmartelare te help. Twee dames wat hom gehelp het, is gearresteer en so vreeslik geslaan dat hulle nou na vyftien jaar nog kreupel is. 'n Dame wat haar lewe gewaag en vir Mihai in haar huis opgeneem het, is tot agt jaar tronkstraf gevonnis weens die misdaad van hulpverlening aan gesinne van prisoniers. Al haar tande is uitgeskop en bene is gebreek. Sy sal nooit weer kan werk nie en sal lewenslank gebreklik wees.

### „MIHAI, GLO IN JESUS!"

Op die ouderdom van elf jaar het Mihai sy brood as 'n gereelde werker begin verdien. Swaarkry het sy geloof laat wankel maar na twee jaar van my vrou se gevangenskap is hy toegelaat om haar te sien. Hy het na die Kommunistiese tronk gegaan en sy moeder agter die tralies gesien. Sy was vuil, maer, met vereelte hande en het die veragtelike uniform van 'n prisonier aangehad. Hy het haar nouliks herken. Haar eerste woorde was: *„Mihai, glo in Jesus!"* In groot woede het die wagte haar van Mihai weggeskeur en uitgeneem. Mihai het geween toe hy sien hoe hulle sy moeder wegsleep. Hierdie oomblik was die oomblik van sy bekering. Hy het geweet dat as Christus onder sulke omstandighede bemin kon word Hy gewis die ware Verlosser was. Hy het later gesê: „As die Christelikheid geen ander argumente in sy guns gehad het as die feit dat my moeder daarin glo nie

*is dit genoeg vir my.*" Dit was die dag dat Hy Christus volkome aangeneem het.

Op skool het hy 'n gedurige stryd om bestaan gevoer. Hy was 'n goeie leerling en as vergelding het hy 'n rooi das ontvang – teken van lidmaatskap van die Jong Kommunistiese Pioniers. My seun het gesê: „Ek sal nooit die das dra van hulle wat my vader en moeder in die tronk gestop het nie." Om hierdie rede is hy uit die skool gesit. Nadat hy 'n jaar verloor het, het hy weer skool toe gegaan en die feit dat hy die seun van 'n Christenprisonier was, verberg.

Later moes hy 'n tesis skrywe teen die Bybel. In hierdie tesis het hy geskryf: „Die argumente teen die Bybel is flou en die aanhalings teen die Bybel is onwaar. Die onderwyser het bepaald nie die Bybel gelees nie. Die Bybel is in harmonie met die wetenskap." *Hy is opnuut uitgesit.* Hierdie keer moes hy twee skooljare verloor.

Uiteindelik is hy toegelaat om in die Kweekskool te studeer. Hier is die „Marxistiese teologie" gedoseer. Alles is verklaar volgens die patroon van Karl Marx. Mihai het openlik in die klas geprotesteer. Ander studente het hulle by hom gevoeg. Die gevolg was dat hy weer uitgesit is en nie sy teologiese studies kon voltooi nie.

Eenmaal op skool het 'n onderwyser 'n ateïstiese toespraak gelewer. My seun het opgestaan en die onderwyser weerspreek. Hy het hom vertel watter verantwoordelikheid hy op hom geneem het deur so baie jongmanne te mislei. Die hele klas het sy kant gekies. Dit was nodig dat een persoon die moed sou hê om eerste beswaar te maak, dan het al die ander hom ondersteun. Om 'n opvoeding te kry het hy gedurig die feit probeer wegsteek dat hy die seun was van Wurmbrand, die Christenprisonier, maar dikwels het dit bekend geword en weer was daar die bekende voorval van uitgesit te word.

Mihai het ook dikwels honger gely. Die gesinne van gevange Christene in Kommunistiese lande gaan byna altyd amper dood van honger. Dit is 'n groot misdaad om hulle te help.

Ek sal u net een geval van lyding vertel van 'n gesin wat

ek geken het. 'n Broeder is tronk toe weens sy werk in die Ondergrondse Kerk. Hy het 'n vrou en ses kinders agtergelaat. Sy oudste dogters van sewentien en negentien kon geen werk kry nie. Die enigste instansie wat werk verskaf in 'n Kommunistiese land is die staat en die staat gee geen werk aan kinders van „misdadige" Christene nie. Moet asseblief nie hierdie verhaal volgens morele standaarde oordeel nie! Aanvaar net die feite! Die twee dogters van 'n Christenmartelaar – self Christene – het prostitute geword ten einde hulle kleiner broertjies en die siek moeder te onderhou. Toe hulle jonger broer van veertien dit sien, het hy van sy verstand af geraak en moes hy in 'n gestig vir geesteskrankes opgeneem word. Toe die vader jare later ontslaan is en teruggekom het, was sy enigste gebed: *„Here, neem my terug na die tronk. Ek kan dit nie verduur om dít te aanskou nie."* Sy gebed is verhoor en hy is vandag in die tronk omdat hy die misdaad begaan het om teenoor kinders van Christus te getuig. Sy dogters is nie meer prostitute nie. Hulle het werk gekry deur gehoor te gee aan die eis van die geheime polisie. Hulle het aanbringers geword. As dogters van 'n Christenmartelaar is hulle in elke huis met eer ontvang. Hulle luister en rapporteer alles wat hulle hoor aan die geheime polisie. Moenie net sê dit is lelik en immoreel nie – natuurlik is dit – *maar vra uself af of dit nie ook u sonde is dat sulke tragedies plaasvind nie*, dat sulke Christenfamilies alleen gelaat word sonder om gehelp te word deur u wat vry is.

## HOOFSTUK DRIE

EK WAS altesaam veertien jaar in die tronk. In al daardie tyd het ek nooit 'n Bybel of enige ander boek gesien nie. Ek het vergeet hoe om te skrywe. Vanweë die groot honger, verdowings en folteringe het ek die Heilige Skrif vergeet. Maar die dag toe my veertien jaar verstreke was, skiet 'n vers my te binne: „Jakob het veertien jaar vir Ragel gedien

en hulle was in sy oë *soos 'n paar dae* omdat hy haar liefgehad het."

Baie kort hierna is ek vrygelaat deur 'n algemene amnestie wat in ons land afgekondig is grotendeels as gevolg van die invloed van Amerikaanse openbare mening. My vrou het ek weer gesien. Sy het veertien jaar getrou op my gewag.

Ons het 'n nuwe lewe in die grootste armoede begin want as iemand gearresteer word, word *alles* van hom geneem. Die priesters en pastors wat vrygelaat is, kon klein kerkies kry. Ek het 'n kerkie in die dorp Orsowa gekry. Die Kommunistiese Departement van kultusse het my meegedeel dat dit 'n ledetal van vyf-en-dertig het en my gewaarsku dat dit *nooit* ses-en-dertig moes hê nie! Ook moes ek hulle agent wees en by die geheime polisie oor elke lid rapporteer en alle jongmense daar weghou. Dit is hoe die Kommuniste kerke gebruik as hulle „middel" van beheer.

Ek het geweet dat as ek sou preek, baie sou kom luister. Ek het dus nooit eens in die amptelike kerk probeer begin nie. Ek het weer in die Ondergrondse Kerk begin werk en in al die heerlikhede en gevare van hierdie werk gedeel.

Gedurende die jare dat ek in die tronk was, het God wonderlik gewerk. Die Ondergrondse Kerk was nie meer verlate en vergeet nie. Amerikaners en ander Christene het ons begin help en vir ons gebid. Een agtermiddag terwyl ek in die huis van 'n broeder op 'n plattelandse dorp gerus het, maak hy my wakker en sê: „Broeders van oorsee het gekom". In die Weste was daar Christene wat ons nie vergeet of in die steek gelaat het nie. Gewone Christene het 'n geheime werk van noodleniging georganiseer ten behoewe van gesinne van Christenmartelare en om Christelike leesstof en hulp in te smokkel.

In die aangrensende kamer het ek ses broeders aangetref wat gekom het om hierdie werk te doen. Hulle het baie met my gesels. Na 'n lang ruk het hulle my vertel dat hulle gehoor het dat aan hierdie adres daar iemand was wat veertien jaar in die tronk deurgebring het en dat hulle hom graag wou ontmoet. Ek het hulle dus meegedeel dat

ek die man was. „Maar," het hulle gesê, „ons het verwag om 'n swaarmoedige persoon te sien. U kan nie hierdie man wees nie want u is vol blydskap." Ek het hulle verseker dat ek die gewese gevangene was en dat my blydskap toe te skrywe was aan die wete dat hulle gekom het en dat ons nie langer vergete was nie. Bestendige, gereelde hulp het na die Ondergrondse Kerk begin kom. Langs geheime kanale het ons baie Bybels en ander Christelike leesstof en hulp vir families van Christenmartelare ontvang. Gevolglik kon ons, lede van die Ondergrondse Kerk, baie beter werk. Dit was nie slegs dat hulle ons die Woord van God gegee het nie maar ons het gesien dat ons bemin word. Hulle het ons 'n woord van troos gebring.

Gedurende die jare van breinspoeling het ons gehoor: „Niemand het jou nog lief nie, niemand het jou nog lief nie, niemand het jou nog lief nie." Nou het ons Amerikaanse en Engelse Christene gesien wat hulle lewe gewaag het om ons te toon dat hulle ons liefhet. Op ons advies het hulle 'n tegniek van geheime werk ontwikkel. Hulle het in huise ingesluip wat deur geheime polisie omring was. Die polisie het nie geweet dat hulle daar ingegaan het nie. Die waarde van die Bybels wat op hierdie manier ingesmokkel is, kan nie besef word deur 'n Amerikaanse of Engelse Christen wat in Bybels „swem" nie.

Ek en my gesin sou nooit in die lewe gebly het sonder die hulp wat ek van biddende Christene oorsee ontvang het nie. Dit geld ook vir baie ander ondergrondse pastors en martelare in Kommunistiese lande. Ek kan uit my eie ondervinding getuig van die materiële en selfs groter morele hulp wat ons ontvang het van die European Christian Mission van Groot-Brittanje. Vir ons was hulle manne soos engele deur God gestuur.

Vanweë die hernieude werksaamhede van die Ondergrondse Kerk het ek in groot gevaar verkeer om weer gearresteer te word. Op daardie tydstip het twee Christelike organisasies – die Noorse Sending aan die Jode en die Hebreeuse Christelike Alliansie – 'n losgeld van £2,500 (R5,000) vir my betaal. Nou kon ek Roemenië verlaat.

Ten spyte van die gevare sou ek nie weggegaan het nie as die leiers van die Ondergrondse Kerk my nie beveel het om van hierdie geleentheid gebruik te maak om die land te verlaat en die „stem" van die Ondergrondse Kerk aan die Vrye Wêreld te wees nie. Hulle het verlang dat ek in hulle naam met u van die Westerse wereld moes spreek van hulle lyding en hulle behoeftes. Ek het na die Weste gekom maar my hart het daar by hulle gebly. As ek nie 'n begrip gehad het van die groot noodsaaklikheid dat u van die lyding en die moedige werksaamheid van die Ondergrondse Kerk moes hoor nie, sou ek Roemenië nooit verlaat het nie. Dit is my sending.

Voor my vertrek uit Roemenië is ek twee keer deur die geheime polisie ontbied. Hulle het my meegedeel dat hulle die geld vir my ontvang het. (Roemenië verkoop sy burgers vir geld vanweë die moeilike ekonomiese krisis waarin die Kommunisme ons land laat beland het.) Hulle het my gemaan: „Gaan na die Weste en verkondig Christus soveel as wat jy wil maar los ons uit. Moenie een woord teen ons sê nie. Ons sê jou reguit wat ons plan met jou is as jy vertel wat hier gebeur het. In die eerste plek, vir £500 (R1,000) kan ons 'n rampokker vind om jou te likwideer of ons kan jou ontvoer. (Ek was self in 'n sel met die Ortodokse biskop, Vasile Leul, wat in Oostenryk ontvoer en na Roemenië gebring is. Hulle het al sy vingernaels uitgepluk. Roemene is onlangs in Italië en Parys ontvoer.) Verder het hulle gesê: „Ons kan jou ook sedelik vernietig deur 'n gerug te versprei oor jou en 'n meisie, diefstal of een of ander sonde van jou jeug. Die Westerlinge – veral Amerikaners – is baie liggelowig en word maklik mislei."

Nadat hulle my gewaarsku het, het hulle my toegelaat om na die Weste te kom. Hulle het groot vertroue in die breinspoeling wat ek ondergaan het. Daar is vandag baie in die Weste wat dieselfde dinge as ek deurgemaak het maar hulle is stil. Sommige van hulle prys selfs die Kommunisme nadat hulle deur die Kommuniste gemartel is. Die Kommuniste was baie seker dat ek ook sou swyg.

So kon ek en my gesin dan in Desember 1965 Roemenië verlaat.

Die laaste ding wat ek voor my vertrek gedoen het, was om na die graf te gaan van die kolonel wat die bevel gegee het om my te arresteer en wat my jare van marteling voorgeskryf het. Ek het 'n blom op sy graf gesit. Deur dit te doen het ek myself daaraan gewy om die vreugdes van Christus wat ek besit aan die Kommuniste te bring wat geestelik so leeg is.

Ek haat die Kommunistiese stelsel maar ek het die manne lief. Ek haat die sonde maar ek het die sondaar lief. Ek het die Kommuniste lief met my hele hart. Kommuniste kan Christene ombring maar hulle kan nie hul liefde, selfs vir diegene wat hulle omgebring het, dood nie. Ek het nie die geringste bitterheid of wrok teen die Kommuniste of my folteraars nie.

## HOOFSTUK VIER

DIE JODE het 'n legende dat toe hulle voorvaders uit Egipte verlos is en die Egiptenare in die Rooi See verdrink het, die engele die liedere van oorwinning saam met die Israeliete gesing het. En God het vir die engele gesê: „Die Jode is mense en kan juig oor hulle bevryding maar van julle verwag Ek meer begrip. Is die Egiptenare nie ook My skepsele nie? Het Ek hulle nie ook lief nie? Hoe is dit dat julle nie My droefheid oor hulle tragiese lot kan aanvoel nie?"

„Terwyl Josua by Jerigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande?" (Jos. 5:13).

As die een wat Josua daar ontmoet het slegs 'n mens was, kon die antwoord slegs gewees het: „Ek is aan julle kant," of: „Ek is aan die kant van julle vyande," of miskien: „Ek is neutraal." Dit is die enigste menslike antwoorde wat

moontlik is op so 'n vraag. Maar die Wese wat Josua teengekom het, was van 'n ander sfeer en derhalwe toe Hy gevra is of Hy vir of teen Israel was, het Hy 'n antwoord gegee wat uiters onverwags en moeilik was om te verstaan: „Nee." Nou wat beteken hierdie „Nee"?

Hy het van 'n sfeer gekom waar wesens nie vir of teen is nie maar waar almal en alles begryp word, met simpatie en ontferming betrag word en met vuur bemin word.

Daar bestaan 'n menslike vlak. Op hierdie vlak moet die Kommunisme bestry word. Op hierdie vlak moet ons ook teen Kommuniste veg aangesien hulle die ondersteuners is van hierdie barbaarse ideaal.

Maar Christene is meer as blote mense; hulle is kinders van God, deelgenote aan die Goddelike natuur. Daarom het die martelinge in die Kommunistiese tronke nie gemaak dat ek die Kommuniste haat nie. Hulle is God se skepsels. Hoe kan ek hulle haat? Ewe min kan ek hulle vriend wees. Vriendskap beteken een siel in twee boesems. Ek is nie een siel met die Kommuniste nie. Hulle haat die idee van God. Ek het God lief.

As iemand my sou vra: „Is jy aan die kant van die Kommuniste of teen hulle?" sou my antwoord saamgesteld wees. Kommunisme is die grootste bedreiging vir die mensdom. Ek is absoluut daarteen gekant en wens om dit te bestry totdat dit uitgeroei is maar in die gees sit ek in die hemele in Jesus. Ek sit in die sfeer van die „Nee" waarin die Kommuniste ten spyte van al hulle misdade begryp en bemin word, 'n sfeer waarin daar engelagtige wesens is wat probeer om almal te help om die doel van die menslike lewe te bereik, naamlik om aan Christus gelykvormig te word. Daarom is my doel om die Evangelie onder die Kommuniste te versprei, om hulle die goeie tyding aangaande die ewige lewe te bring.

Christus, my Heer, het die Kommuniste lief. Hy het self gesê dat Hy elke mens liefhet en dat Hy eerder die negeen-negentig regverdige skape sal laat staan as om toe te laat dat die een wat verdwaal het, verlore bly. Sy apostels en al die groot leraars van die Christelikheid het hierdie algemene

liefde in Sy Naam verkondig. Sint Macary het gesê: „As iemand alle mense hartstogtelik liefhet maar sê dat daar een persoon is wat hy nie kan liefhê nie is die man wat dit sê nie meer 'n Christen nie want sy liefde is nie alomvattend nie." Augustinus leer: „As die hele mensdom regverdig was en slegs een mens 'n sondaar, sou Christus na die aarde gekom het om dieselfde kruis vir die een persoon te verduur, so lief het Hy elke individu." Die Christelike leer is duidelik. Kommuniste is mense en Christus het hulle lief. Dit is ook die geval met elke mens wat die sin van Christus het. Ons het die sondaar lief hoewel ons die sonde haat. Ons weet van die liefde van Christus vir die Kommuniste aan ons eie liefde vir hulle.

Ek het Christene in Kommunistiese tronke gesien met 50 pond kettings aan hulle voete, gefolter met rooiwarm vuurysters in wie se kele lepels vol sout ingeforseer is terwyl hulle daarna sonder water moes bly, verhonger, geslaan, verkluim en nogtans besig om met gloed vir die Kommuniste te bid. Dit is menslikerwys onverklaarbaar. Dit was die liefde van Jesus wat in ons harte uitgestort was.

Later is die Kommuniste wat ons gemartel het ook in die tronk gestop. Onder die Kommunisme is Kommuniste en selfs Kommunistiese heersers net so dikwels gevange geneem as hulle teenstanders. Nou was die gemartelde en die pyniger in dieselfde sel. En terwyl die nie-Christene haat teen hulle gewese inkwisiteurs getoon en hulle geslaan het, het Christene hulle beskerm selfs op gevaar af van self geslaan en beskuldig te word van medepligtiges te wees van die Kommunisme. Ek het gesien hoe Christene hulle laaste sny brood (ons het destyds een sny per week ontvang) en die medisyne wat hulle lewe kon red, weggegee het aan 'n siek Kommunistiese pyniger wat nou 'n medegevangene was.

Die laaste woorde van Iuliu Maniu, die eertydse Christenpremier van Roemenië wat in die tronk oorlede is, was: „As die Kommuniste in ons land oorweldig word, sal dit die heiligste plig van elke Christen wees om met lewensgevaar op straat te gaan en die Kommuniste te beskerm teen die

geregverdigde woede van die menigtes wat hulle getiranniseer het."

In die eerste dae na my bekering het ek gevoel dat ek nie veel langer kon lewe nie. Wanneer ek op straat loop, het ek 'n fisiese pyn gevoel vir elke man of vrou wat verbygaan. Dit was soos 'n mes in my hart, so skrynend was die vraag of hy of sy gered was. As 'n lid van die gemeente gesondig het, het ek ure lank geween. Die verlange na die verlossing van alle siele het in my hart gebly en die Kommuniste was nie daaruit gesluit nie.

In eensame opsluiting kon ons nie meer soos voorheen bid nie. Ons was ondenkbaar honger; ons is bedwelm totdat ons soos idiote geword het. Ons was so swak soos geraamtes. Die gebed van die Here was vir ons te lank. Ons kon nie genoegsaam konsentreer om dit te herhaal nie. My enigste gebed wat ek gedurig herhaal het, was „Jesus, ek bemin U."

En toe kry ek een heerlike dag die antwoord van Jesus: „Bemin jy My? Nou sal Ek jou toon hoe Ek jou bemin." Dadelik het ek 'n vlam in my hart gevoel wat soos die kroonwimpels van die son gebrand het. Die Emmausgangers het gesê dat hulle harte brandende was toe Jesus met hulle gepraat het. So was dit met my. Ek het die liefde geken van Hom wat Sy lewe vir ons almal aan die kruis gegee het. So 'n liefde kan nie die Kommuniste uitsluit nie, hoe swart hulle sondes ook al mag wees.

Kommuniste het verskrikkinge gepleeg en pleeg dit nog maar „groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie. Liefde is sterk soos die dood, die liefdesywer is hard soos die doderyk" (vgl. Hoogl. 8:6-7). Soos die doderyk daarop aandring om almal in sy besit te kry – ryk en arm, jonk en oud, mense van alle rasse, nasies en politieke oortuigings, heiliges en misdadigers – so is die liefde allesomvattend. Christus, die Vleesgeworde Liefde, sal nooit ophou totdat Hy ook die Kommuniste win nie.

'n Predikant is in my sel gegooi. Hy was halfdood. Bloed het van sy gesig en liggaam gestroom. Hy was vreeslik geslaan. Ons het hom gewas. Sommige van die prisoniers

het die Kommuniste gevloek. Kreunend het hy gesê: „Asseblief, moet hulle nie vloek nie! Bly stil! Ek wil vir hulle bid."

HOE ONS VOL BLYDSKAP KON WEES – SELFS IN DIE TRONK

As ek terugkyk oor die veertien jaar in die tronk – dit was soms 'n baie gelukkige tyd. Ander prisoniers en selfs die wagte het dikwels gewonder hoedat Christene so gelukkig kon wees onder die vreeslikste omstandighede. Hulle kon ons nie verhinder om te sing nie hoewel ons daaroor geslaan is. Ek verbeel my nagtegale sou ook sing, selfs al sou hulle weet dat hulle daarna gedood sou word. Christene het in die tronk van blydskap rondgedans. Hoe kon hulle so bly wees onder sulke tragiese omstandighede?

Ek het dikwels in die tronk gepeins oor Jesus se woorde aan Sy dissipels: „Salig is die oë wat sien wat julle sien." Die dissipels het pas teruggekom van 'n reis deur Palestina waar hulle aakligheide gesien het. Palestina was 'n verdrukte land. Oral was daar die vreeslike ellende van 'n getiranniseerde volk te sien. Die dissipels het siekte, plae, honger en droefheid teëgekom. Hulle het in huise gekom van waar vaderlanders tronk toe geneem is met agterlating van wenende ouers of vroue. Dit was nie 'n mooi wêreld om na te kyk nie.

En nog het Jesus gesê: „Salig is die oë wat sien wat julle sien." Dit was omdat hulle nie slegs die lyding gesien het nie. Hulle het ook die Verlosser van almal gesien, die Volbrenger van die laaste goed, die Doel wat die mensdom sal bereik. Vir die eerste keer het 'n paar lelike wurms, ruspers wat op blare kruip, verstaan dat daar na hierdie ellendige bestaan 'n lewe kom soos van 'n pragtige, veelkleurige skoenlapper, in staat om van blom tot blom te vlieg. Hierdie blydskap was ook ons blydskap.

Om my heen was daar Jobs, sommige selfs erger geteister was Job. Maar ek het die einde van Job se verhaal geken, hoedat hy twee maal soveel ontvang het as wat hy voorheen gehad het. Ek het om my heen manne gehad soos die arme Lasarus, honger en vol onversorgde swere maar ek het

geweet dat engele hulle almal na die boesem van Abraham sou voer. Ek het hulle aanskou soos hulle in die toekoms sal wees. In die slordige en vuil en swak martelaar hier by my het ek die skitterend gekroonde heilige van môre gesien.

Maar deur op hierdie wyse na mense te kyk – nie soos hulle is nie maar soos hulle sal wees – kon ek ook in vervolgers soos Saulus van Tarsus toekomstige Paulusse ontdek. En sommige het dit alreeds geword. Offisiere van die geheime polisie voor wie ons getuig het, het self Christene geword en was bly om later in die tronk te ly omdat hulle ons Christus gevind het. In die tronkbewaarders wat ons geslaan het, het ons die moontlikhede van die tronkbewaarder van Filippi gesien wat eers vir Paulus geslaan en toe tot bekering gekom het. Ons het gedroom dat hulle spoedig sou vra: „Wat moet ek doen om gered te word?" In hulle wat spottend toegekyk het toe Christene met ekskreta besmeer aan kruise vasgemaak is, het ons die skare van Golgota gesien wat spoedig op hulle borste sou slaan uit vrees dat hulle gesondig het.

Dit was in die tronk dat ons hoop gekry het vir die Kommuniste om gered te word. Dit was daar dat ons 'n gevoel van verantwoordelikheid vir hulle ontwikkel het. Dit was toe hulle ons gemartel het dat ons hulle leer liefkry het. 'n Groot gedeelte van my familie is vermoor. *Dit was in my huis dat hulle moordenaar tot bekering gekom het*. Dit was dan ook die mees gepaste plek. So is dan in die Kommunistiese tronke die Christelike sending na die Kommuniste gebore.

God sien dinge anders as wat ons dit sien, net soos ons anders sien as 'n mier. Uit die menslike oogpunt is dit iets verskrikliks om, besmeer met ekskreta aan kruise vasgebind te word. Nietemin noem die Bybel die lyding van martelare 'n „ligte verdrukking". Om veertien jaar in die tronk deur te bring, was vir ons 'n lang termyn. Die Bybel noem dit 'n oomblik wat vir ons 'n ewige gewig van heerlikheid uitwerk (vgl. 2 Kor. 4:17). Dit gee ons die reg om te veronder-stel dat die woeste misdade van die Kommuniste wat vir ons as mense onverskoonbaar is en waarteen ons met reg tot die uiterste moet veg, ligter is in die oë van God as wat dit

het die Kommuniste gevloek. Kreunend het hy gesê: „Asseblief, moet hulle nie vloek nie! Bly stil! Ek wil vir hulle bid."

HOE ONS VOL BLYDSKAP KON WEES – SELFS IN DIE TRONK

As ek terugkyk oor die veertien jaar in die tronk – dit was soms 'n baie gelukkige tyd. Ander prisoniers en selfs die wagte het dikwels gewonder hoedat Christene so gelukkig kon wees onder die vreeslikste omstandighede. Hulle kon ons nie verhinder om te sing nie hoewel ons daaroor geslaan is. Ek verbeel my nagtegale sou ook sing, selfs al sou hulle weet dat hulle daarna gedood sou word. Christene het in die tronk van blydskap rondgedans. Hoe kon hulle so bly wees onder sulke tragiese omstandighede?

Ek het dikwels in die tronk gepeins oor Jesus se woorde aan Sy dissipels: „Salig is die oë wat sien wat julle sien." Die dissipels het pas teruggekom van 'n reis deur Palestina waar hulle aakligheде gesien het. Palestina was 'n verdrukte land. Oral was daar die vreeslike ellende van 'n getiranniseerde volk te sien. Die dissipels het siekte, plae, honger en droefheid teëgekom. Hulle het in huise gekom van waar vaderlanders tronk toe geneem is met agterlating van wenende ouers of vroue. Dit was nie 'n mooi wêreld om na te kyk nie.

En nog het Jesus gesê: „Salig is die oë wat sien wat julle sien." Dit was omdat hulle nie slegs die lyding gesien het nie. Hulle het ook die Verlosser van almal gesien, die Volbrenger van die laaste goed, die Doel wat die mensdom sal bereik. Vir die eerste keer het 'n paar lelike wurms, ruspers wat op blare kruip, verstaan dat daar na hierdie ellendige bestaan 'n lewe kom soos van 'n pragtige, veelkleurige skoenlapper, in staat om van blom tot blom te vlieg. Hierdie blydskap was ook ons blydskap.

Om my heen was daar Jobs, sommige selfs erger geteister as Job. Maar ek het die einde van Job se verhaal geken, hoedat hy twee maal soveel ontvang het as wat hy voorheen gehad het. Ek het om my heen manne gehad soos die arme Lasarus, honger en vol onversorgde swere maar ek het

geweet dat engele hulle almal na die boesem van Abraham sou voer. Ek het hulle aanskou soos hulle in die toekoms sal wees. In die slordige en vuil en swak martelaar hier by my het ek die skitterend gekroonde heilige van môre gesien.

Maar deur op hierdie wyse na mense te kyk – nie soos hulle is nie maar soos hulle sal wees – kon ek ook in vervolgers soos Saulus van Tarsus toekomstige Paulusse ontdek. En sommige het dit alreeds geword. Offisiere van die geheime polisie voor wie ons getuig het, het self Christene geword en was bly om later in die tronk te ly omdat hulle ons Christus gevind het. In die tronkbewaarders wat ons geslaan het, het ons die moontlikhede van die tronkbewaarder van Filippi gesien wat eers vir Paulus geslaan en toe tot bekering gekom het. Ons het gedroom dat hulle spoedig sou vra: „Wat moet ek doen om gered te word?" In hulle wat spottend toegekyk het toe Christene met ekskreta besmeer aan kruise vasgemaak is, het ons die skare van Golgota gesien wat spoedig op hulle borste sou slaan uit vrees dat hulle gesondig het.

Dit was in die tronk dat ons hoop gekry het vir die Kommuniste om gered te word. Dit was daar dat ons 'n gevoel van verantwoordelikheid vir hulle ontwikkel het. Dit was toe hulle ons gemartel het dat ons hulle leer liefkry het. 'n Groot gedeelte van my familie is vermoor. *Dit was in my huis dat hulle moordenaar tot bekering gekom het.* Dit was dan ook die mees gepaste plek. So is dan in die Kommunistiese tronke die Christelike sending na die Kommuniste gebore.

God sien dinge anders as wat ons dit sien, net soos ons anders sien as 'n mier. Uit die menslike oogpunt is dit iets verskrikliks om, besmeer met ekskreta aan kruise vasgebind te word. Nietemin noem die Bybel die lyding van martelare 'n „ligte verdrukking". Om veertien jaar in die tronk deur te bring, was vir ons 'n lang termyn. Die Bybel noem dit 'n oomblik wat vir ons 'n ewige gewig van heerlikheid uitwerk (vgl. 2 Kor. 4:17). Dit gee ons die reg om te veronderstel dat die woeste misdade van die Kommuniste wat vir ons as mense onverskoonbaar is en waarteen ons met reg tot die uiterste moet veg, ligter is in die oë van God as wat dit in

ons oë is. Hulle tirannie wat alreeds 'n halwe eeu geduur het, mag voor God by wie duisend jaar soos een dag is slegs 'n oomblik van afdwaling wees. Die moontlikheid bestaan nog vir hulle om gered te word.

Die hemelse Jerusalem is 'n moeder en bemin soos 'n moeder. Die poorte van die hemel is nie vir die Kommuniste gesluit nie. Ook is die lig nie vir hulle uitgedoof nie. Hulle kan hulle bekeer soos enigiemand anders. En ons moet hulle tot bekering lei. Liefde alleen kan die Kommuniste verander ('n liefde wat duidelik onderskei moet word van toegeeflikheid aan die Kommunisme soos deur baie kerkleiers beoefen word). Haat verblind. Hitler was 'n anti-Kommunis maar iemand wat gehaat het. Gevolglik het hy in plaas van hulle te oorwin hulle gehelp om een derde van die wêreld te verower.

In die tronk het ons met liefde 'n sendingwerk onder die Kommuniste beplan en daarby het ons eerste aan die Kommunistiese heersers gedink.

Sommige sendingbestuurders het skynbaar min kerkgeskiedenis bestudeer. Hoe is Noorweë vir Christus gewin? Deur koning Olaf te win. Rusland het die evangelie aanvanklik gekry toe sy koning, Rurik, gewin is. Hongarye is gewin deur sy koning, Sint Stephen, te win. So ook Pole. In Afrika waar die hoofman gewin is, het die stam gevolg. Ons doen sendingwerk onder die gewone mense wat wonderlike Christene mag word maar wat min invloed het en nie die toestand van sake kan verander nie. Ons moet die heersers win en politici, ekonomie, wetenskaplikes en kunstenaars. Hulle is die ingenieurs van die siele van mense. Deur hulle te win, win jy die mense wat deur hulle gelei en beïnvloed word.

Uit die sendingoogpunt het die Kommunisme 'n voordeel wat ander sosiale stelsels nie het nie. Dit is meer gesentraliseerd. As die President van die V.S.A. hom tot die Mormonisme sou bekeer, sou Amerika nie as gevolg daarvan Mormoons word nie. Maar as Mao Tse-toeng hom tot die Christendom sou bekeer – of Bresjnew of Ceausjescu – mag

hulle hele land bereik word. So groot is die invloed van leiers.

Maar kan 'n Kommunistiese leier bekeer word? Stellig, want hy is ongelukkig en onveilig net soos sy slagoffer. Byna al die Kommunistiese heersers van Rusland het in die tronk geëindig of is deur hulle eie kamerade geskiet. So ook in China. Selfs die ministers van Binnelandse Sake soos Iagoda, Iejow en Beiria wat oënskynlik al die mag in hulle hande gehad het, het net soos die laaste anti-revolusionêr geëindig: 'n koëel deur die nek en dit was die einde vir hulle. Onlangs is Sjepelin, die Minister van Binnelandse Sake van die Sowjet-Unie, en Rankovic, die Minister van Binnelandse Sake van Joego-Slawië, soos vuil doeke uitgesmyt.

### HOE ONS DIE KOMMUNISME GEESTELIK KAN AANVAL

Die Kommunistiese bewind maak niemand gelukkig nie, nie eens die wat daaruit wins maak nie. Selfs hulle bewe met die gedagte dat die vangwa van die geheime polisie hulle enige nag kan kom haal omdat die partyleiding verander het. Ek het baie Kommunistiese leiers persoonlik geken. Hulle is swaarbelaste mense. Slegs Jesus kan hulle rus gee.

Om die Kommunistiese leiers vir Christus te win, mag beteken om die wêreld van vernietiging deur kernkrag te red en om die mensdom te red van verhongering weens die feit dat daar nou so baie aan duur wapens bestee word. Om die Kommunistiese heersers te win, mag die einde van internasionale spanning beteken. Om die Kommunistiese heersers te win, sal beteken om Christus en die engele met blydskap te vul. Dit kan die triomf van die Kerk beteken. Al die streke waar sendelinge so hard swoeg, soos Nieu-Guinee of Madagaskar sal eenvoudig volg as die Kommunistiese Heersers gewin word want dit sal 'n totaal nuwe stoot gee aan die Christelikheid.

Ek was persoonlik bekend met bekeerde Kommuniste. Ek was self 'n strydende ateïs in my jeug. Bekeerde Kommuniste en ateïste het Christus baie lief omdat hulle baie gesondig het.

In sendingwerk moet daar strategies gedink word. Uit

die oogpunt van die redding van siele is alle siele gelyk: uit die oogpunt van sendingstrategie is hulle nie gelyk nie. Dit is belangriker om 'n man van groot invloed te win wat later duisende kan win as om met die heiden in die oerwoud te spreek en hom alleen van verlossing te verseker. Daarom het Jesus verkies om Sy bediening nie in een of ander klein dorpie af te sluit nie maar in Jerusalem, die geestelike hoofkwartier van die wêreld. Om dieselfde rede het Paulus so hard gestreef om in Rome te kom.

Die Bybel sê die saad van die vrou sal die kop van die slang vermorsel (vgl. Gen. 3:15). Ons kielie die slang op sy maag en laat hom lag. Die kop van die slang is êrens tussen Moskou en Peking, nie in Tunis of Madagaskar nie. Die Kommunistiese wêreld moet die vernaamste saak van die Kerkleiers en sendingbestuurders wees sowel as van elke denkende Christen. Ons moet roetinewerk laat vaar. „Vervloek is hy wat nalatig is om die werk van die Here te doen" (Jer. 48:10). 'n Geestelike frontaanval op die Kommunisme is nodig. Oorloë word alleen deur offensiewe en nooit deur defensiewe strategie gewin nie. Teenoor die Kommunisme was die Kerk tot nou toe steeds op die defensief en het sy daardeur die een land na die ander aan die Kommunisme prysgegee. Hierdie toestand moet dadelik in die Kerk as geheel verander. 'n Psalm sê God slaan ystergrendels stukkend (vgl. Ps. 117:16). Die Ystergordyn is vir Hom 'n kleinigheid.

Die eerste Kerk het in die verborge en onwettiglik te werk gegaan en het oorwin. Ons moet leer om weer op dieselfde manier te werk. Voor die koms van die Kommunisme kon ek nooit verstaan waarom so baie persone in die Nuwe Testament byname gehad het nie: „Simeon wat Niger genoem word", „Johannes wat ook Markus genoem word", en so meer. Ons gebruik ook nou geheime name in ons werk in die Kommunistiese lande.

Ek kon nooit verstaan waarom Jesus toe Hy wou hê Sy dissipels moes die pasga gaan berei nie vir hulle 'n adres gegee het nie maar gesê het: „Gaan na die stad toe en volg 'n man wat 'n kruik dra." Nou verstaan ek dit. Ons maak

ook gebruik van sulke geheime tekens van herkenning in die werk van die Ondergrondse Kerk. As ons ooreenkom om so te werk te gaan – om terug te keer na die metodes van die vroeë Christelikheid – kan ons in die Kommunistiese lande doeltreffend vir Christus werk.

Maar toe ek sekere Kerkleiers in die Weste ontmoet, in plaas van liefde vir die Kommuniste (wat lank al tot die organisering van sendingwerk in die Kommunistiese lande sou gelei het) het ek gevind dat hulle beleid aan die kant van die Kommuniste was. Ek het nie die ontferming van die Goeie Samaritaan vir die verlore siele van die huis van Karl Marx gevind nie.

Wat 'n mens werklik glo, is nie wat hy in sy geloofsbelydenis opsê nie maar slegs die dinge waarvoor hy regtig gereed is om te sterf. Die Christene van die Ondergrondse Kerk het bewys dat hulle gereed is om vir hulle geloof te sterf. Ek gaan nou voort met 'n werk wat weer vir my gevangenskap in 'n Kommunistiese land kan beteken, nuwe martelinge en die dood, omdat ek leier is van 'n geheime sending agter die Ystergordyn waarvan ek al die risiko self dra. Ek glo die dinge wat ek skryf.

Ek het die reg om te vra: Sou die Kerkleiers van Amerika wat vriende maak met die Kommuniste gereed wees om vir hierdie geloof van hulle te sterf? Wie verhinder hulle om hulle hoë posisies in die Weste te laat vaar en amptelike pastors in die Ooste te word om daar – op die plek – met Kommuniste saam te werk? Die bewys van so 'n geloof is nog nie deur enige Westelike Kerkleier gegee nie.

Menslike woorde het ontstaan uit die mense se behoefte om mekaar te verstaan wanneer hulle saam jag en visvang en later by die gesamentlike produksie van die dinge wat nodig is vir die lewe, om also hulle gevoelens teenoor mekaar uit te druk. Daar bestaan geen menslike woorde om die verborgenhede van God en die hoogtes van die geestelike lewe behoorlik te beskrywe nie.

Eweneens bestaan daar geen menslike woorde wat die dieptes van duiwelse wreedheid kan beskrywe nie. Kan u in woorde uitdrukking gee aan wat 'n man gevoel het wat op

die punt gestaan het om deur die Nazi's in 'n vuuroond gegooi te word of wat gesien het hoe hulle sy kind in hierdie vuuroond gooi? Dit is dus nutteloos om te probeer beskrywe wat Christene onder die Kommuniste gely het en nog ly.

Ek was in die tronk saam met Lucretiu Patrascanu, die man wat die Kommunisme in Roemenië aan die bewind gebring het. Sy kamerade het hom beloon deur hom in die tronk te gooi. Hoewel hy by sy volle verstand was, het hulle hom in 'n sielsiekehospitaal gesit by mal mense totdat hy ook mal geword het. Hulle het dit ook aan Anna Pauker, hulle vorige Staatsekretaris gedoen. Dikwels ontvang Christene ook hierdie soort behandeling. Hulle ontvang elektriese skokke. Hulle word in dwangbuise gesteek.

Die wêreld is met afgryse vervul oor wat daar op die Chinese strate gebeur. Ten aansien van almal oefen die Rooi Wag sy gruwels uit. Probeer u nou voorstel wat daar met 'n Christen in 'n Chinese tronk plaasvind waar niemand dit sien nie! Die laaste tyding oor 'n vermaarde Evangeliese skrywer, 'n Chinees, is dat hy en ander Christene wat geweier het om hulle geloof te verloën hulle ore, tonge en bene verloor het.

Maar die ergste wat die Kommuniste doen, is nie dat hulle die liggame van mense martel en doodmaak nie. Hulle vervals die gedagtes van mense en vergiftig die gemoedere van die jeug en die kinders. Hulle het hul handlangers in posisies van leierskap in die kerke geplaas om die Christene te lei en die kerke te vernietig. Hulle leer die jeug nie slegs om *nie* in God en Christus te glo nie maar om hierdie name te *haat.*

In watter woorde kan ons uitdrukking gee aan die tragedie van Christenmartelare wat by hulle tuiskoms na jare in die tronk met veragting ontvang word deur hulle kinders wat intussen strydende ateïste geword het?

*Hierdie boek is geskrywe, nie soseer met ink nie maar wel met die bloed van bloeiende harte.*

Maar soos die drie jong manne in die tyd van Daniël uit die vuuroond te voorskyn gekom het sonder dat hulle selfs na die vuur geruik het, so ruik die Christene wat in Kom-

munistiese tronke was nie na bitterheid teen die Kommuniste nie.

Soos 'n blom wat jy onder jou voet vergruis, jou beloon deur vir jou sy geur te gee, so het die Christene, deur die Kommuniste gemartel hulle folteraars met liefde beloon. Ons het baie van ons tronkbewaarders na Christus gelei. En ons word beheer deur een begeerte naamlik om aan die Kommuniste wat ons laat ly het die beste te gee wat ons het, die verlossing wat van onse Here Jesus Christus kom.

Ek het nie die voorreg gehad wat baie van my broeders in die geloof gehad het nie naamlik om 'n martelaarsdood in die tronk te sterf nie. Ek is vrygelaat en kon selfs Roemenië verlaat om na die Weste te kom.

In die Weste het ek by baie van die kerkleiers presies die teenoorgestelde gesindheid aangetref as wat oorheersend is by die Ondergrondse Kerk agter die Yster- en die Bamboesgordyne. Baie Christene in die Weste het geen liefde vir die Kommuniste nie. Die bewys hiervan is dat hulle niks doen vir die redding van diegene in die Kommunistiese lande nie. Hulle doen sendingswerk onder die Jode, onder die Mohammedane, onder die Boeddhiste. Hulle het sendings om Christene van een denominasie te beweeg om na 'n ander oor te gaan maar hulle *het geen sending vir die Kommuniste nie.* Hulle het hulle nie lief nie anders sou hulle al lank gelede so 'n sending gestig het net soos Carey in sy liefde vir die Indiërs en Hudson Taylor in sy liefde vir die Chinese hulle respektiewe sendings in die lewe geroep het.

Maar dis nie genoeg dat hulle nie die Kommuniste liefhet en niks doen om hulle vir Christus te win nie maar deur hulle selfvoldaanheid, deur hulle versuim en soms deur as werklike medepligtiges op te tree, sterk sommige Westerse Kerkleiers die Kommuniste in hulle ongeloof. Hulle help die Kommuniste om westerse kerke binne te dring en leierskap in die kerke en in die wêreld te verower. Hulle hou Christene in die duister omtrent die gevare van die Kommunisme.

Deur nie die Kommuniste lief te hê nie en deur niks te doen om hulle vir Christus te win nie onder die voorwendsel dat hulle nie toegelaat word om iets te doen nie; asof die

eerste Christene Nero se verlof gevra het om die Evangelie te versprei, het hulle hul eie gemeentes ook nie lief nie. Want as hulle nie die Kommuniste vir Christus win nie, sal hulle die Weste verower en die Christelikheid hier ook ontwortel.

### DIE LESSE VAN DIE GESKIEDENIS WORD GEÏGNOREER

In die eerste eeue was daar 'n bloeiende Christelike lewe in Noord-Afrika. Vandaar het Augustinus en Cyprianus en Athanasius en Tertullianus gekom. Die Christene van Noord-Afrika het slegs een plig versuim: om die Mohammedane vir Christus te win. Die gevolg was dat die Mohammedane Noord-Afrika binnegeval en die Christendom vir eeue uitgeroei het. Noord-Afrika behoort vandag nog aan die Mohammedane en die Christelike sending noem hulle „die blok van onbekeerbares".

Laat ons iets leer uit die geskiedenis!

In die tyd van die Hervorming het die godsdiensbelange van Huss, Luther en Calvyn ooreengestem met die belange van die Europese volke om ontslae te raak van die juk van die Pousdom wat toe 'n verdrukkende politieke en ekonomiese mag was. So ook vandag: die belange van die Ondergrondse Kerk om die Evangelie onder die Kommuniste sowel as hulle slagoffers te versprei, stem ooreen met die belang van alle vrye volke om in vryheid voort te bestaan.

Daar bestaan geen politieke mag wat die Kommunisme kan omverwerp nie. Die Kommuniste besit kernkrag en om hulle met geweld aan te val, sou beteken om 'n nuwe wêreldoorlog te ontketen met honderde miljoene slagoffers. Ook is baie westerse heersers gebreinspoel en verlang nie eens om die Kommunistiese heersers omver te werp nie. Hulle het dit al dikwels gesê. Hulle verlang dat dwelmstofverslaafdheid, rampokkery, kanker en tering moet verdwyn maar nie die Kommunisme wat baie meer slagoffers as al die ander saam opgeëis het nie. Ilya Ehrenbrug, die Sowjetskrywer sê dat as Stalin sy lewe lank niks anders gedoen het as om die name van sy onskuldige slagoffers op te skrywe nie sy lewe nie lank genoeg sou gewees het om die taak te voltooi nie. Op die Twintigste Kongres van die Kommu-

nistiese Party het Chroestsjof gesê: „Stalin het duisende eerlike en onskuldige Kommuniste gelikwideer . . . Uit eenhonderd nege-en-dertig lede en kandidate van die Sentrale Komitee wat op die sewentiende Kongres gekies is, is agt-en-negentig d.w.s. sewentig persent later gearresteer en doodgeskiet."

Stel u nou voor wat hy aan die Christene gedoen het.

Chroestsjof het Stalin verloën maar het self voortgegaan om dieselfde ding te doen. Sedert 1959 is die helfte van die kerke van Sowjet-Rusland wat nog oop was, gesluit.

In China is daar 'n nuwe golf van barbarisme wat erger is as die van die Stalinistiese tydperk. Openlike kerklewe het heeltemal verdwyn. Nuwe arrestasies vind al weer in Rusland en Roemenië plaas. (Ons het so pas berig ontvang van massa-arrestasies in Rusland.)

In lande met 'n bevolking van eenbiljoen word die hele geslag van die jeug deur middel van skrikaanjaging en misleiding opgevoed met haat teen alles wat Westers is en veral teen die Christelikheid. In Rusland is dit niks ongewoons om plaaslike beamptes voor kerke te sien staan op loer na kinders nie. Die wat hulle vind wat kerk toe gaan, word geklap en weggejaag. Die toekomstige vernietigers van die Westerse Christelikheid word sorgvuldig en stelselmatig opgevoed.

Daar is maar net een mag wat die Kommunisme kan omverwerp. Dit is dieselfde mag wat Christenstate die plek van die heidense Romeinse Ryk laat inneem het, die mag wat van Teutone en Wikings Christene gemaak het, die mag wat die bloedige Inkwisisie omvergewerp het. Hierdie mag is die mag van die Evangelie verteenwoordig deur die Ondergrondse Kerk wat in alle Kommunistiese lande bestaan. Om hierdie Kerk by te staan en te help, is nie net 'n saak van vereenselwiging met lydende broeders nie. Dit beteken lewe of dood vir u land en vir u kerke. Om hierdie Kerk by te staan, is nie net in die belang van vrye Christene nie maar behoort ook die beleid van vrye regerings te wees.

Die Ondergrondse Kerk het reeds Kommunistiese heersers vir Christus gewin. Gheorghiu Dej, Roemenië se eerste-

minister het as 'n bekeerde gesterf nadat hy sy sondes bely en sy sondige lewe verlaat het. In Kommunistiese lande is daar Kommunistiese lede van die regering wat verborge Christene is. Dit kan uitbrei. Dan sal ons 'n egte verandering in die beleid van sommige Kommunistiese regerings kan verwag – nie veranderinge soos die van Tito en Gomulka waarna dieselfde diktatorskap van 'n wrede ateïstiese party voortgeduur het nie maar 'n swaai na Christelikheid en vryheid.

Hiervoor bestaan daar nou buitengewone geleenthede.

Die Kommuniste wat baie dikwels net so opreg is in hulle gelowe as wat Christene in hulle s'n is, is besig om deur 'n groot krisis te gaan. Hulle het regtig geglo dat die Kommunisme 'n broederskap onder die nasies sou skep. In plaas daarvan sien hulle nou dat Kommunistiese lande met mekaar baklei soos honde. Hulle het werklik geglo dat die Kommunisme 'n aardse paradys tot stand sou bring in teenstelling met wat hulle noem die denkbeeldige paradys in die hemel. En nou ly hulle mense honger. Koring moet van kapitalistiese lande ingevoer word.

Die Kommuniste het in hulle leiers geglo. Nou het hulle in hulle eie koerante gelees dat Stalin 'n massamoordenaar en Chroestsjof 'n idioot was. Dit geld ook vir hulle nasionale helde soos Rakosi, Gero, Anna Pauker, Rankowici en so meer. Die Kommuniste glo nie meer in die onfeilbaarheid van hulle leiers nie. Hulle is soos Katolieke sonder 'n Pous.

Daar is 'n leegheid in die harte van Kommuniste. Hierdie leegte kan deur Christus alleen gevul word. Die menslike hart soek uiteraard na God. Daar is 'n geestelike leegte in elke mens totdat dit deur Christus gevul is. Dit geld ook vir die Kommuniste. In die Evangelie is daar 'n krag van liefde wat by hulle ook ingang kan vind. Ek het dit sien gebeur. Ek weet dit kan gedoen word.

Christene, deur die Kommuniste bespot en gefolter, het vergeet en vergewe wat aan hulle persoonlik en aan hulle gesinne gedoen is. Hulle doen hulle bes om die Kommuniste te help om deur die krisis te kom en die weg na Christus te vind. Vir hierdie werk het hulle ons hulp nodig. En nie slegs

hiervoor nie. Christelike liefde is altyd universeel. By Christene bestaan daar geen partydigheid nie. Jesus het gesê die son van God gaan op oor slegtes en goeies. Dit is ook waar van Christelike liefde.

Die Christenleiers van die Weste wat vriendskap aan die Kommuniste bewys, regverdig dit deur die leer van Jesus dat ons selfs ons vyande moet liefhê. Maar nooit het Jesus geleer dat ons *net* ons vyande moet liefhê terwyl ons ons broeders vergeet nie. Hulle toon hul liefde deur diegene wie se hande vol bloed van Christene is, van voedsel en drank te voorsien, nie deur hulle die goeie tyding van Christus te bring nie. Maar hulle wat deur die Kommuniste verdruk word, word vergeet. Hulle word nie bemin nie.

Die Evangeliese en Katolieke kerke van Wes-Duitsland het in die afgelope sewe jaar $125 miljoen (R87½ miljoen) vir die hongerlydendes gegee. Amerikaanse Christene het nog meer gegee.

Daar is baie mense wat honger ly maar ek kan my nie iemand voorstel wat meer honger ly as Christenmartelare nie of wat meer aanspraak het op hulp van die vrye Christene nie. As die Duitse en Britse en Amerikaanse en Skandinawiese kerke soveel geld byeen kan kry vir noodleniging, behoort dit aan alle noodlydendes bestee te word *maar in die eerste plek aan die Christenmartelare en hulle families.*

Is dit wat tans gebeur?

Ek is deur Christenorganisasies vrygekoop, 'n bewys dat Christene vrygekoop kan word. Nietemin is ek die enigste geval van iemand in ons land wat deur Christene vrygekoop is. En die feit van my vrykoping sal Christenorganisasies van die Weste beskuldig van pligsversuim in ander gevalle.

Die eerste Christene het hulleself afgevra of die nuwe Kerk net vir die Jode was of ook vir die heidene. Die vraag het die regte antwoord gekry. In 'n ander vorm het die probleem weer sy verskyning in die twintigste eeu gemaak. Die Christelikheid is nie net vir die Weste nie. Christus behoort nie net aan Amerika, Engeland en ander demokratiese lande nie. Toe Hy gekruisig is, het een van Sy hande

na die weste uitgestrek en die ander na die ooste. Hy wil Koning wees, nie alleen van die Jode nie maar ook van die heidene, Koning ook van die Kommuniste, nie alleen van die Westerse wêreld nie. Jesus het gesê: „Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die *ganse* mensdom." Hy het Sy bloed vir almal gegee en almal behoort die Evangelie te hoor en te glo.

Wat ons in Kommunistiese lande bemoedig om die Evangelie te verkondig, is die feit dat diegene wat daar Christene word vol liefde en ywer is. Ek het nooit een enkele lou Russiese Christen ontmoet nie. Gewese jong Kommuniste kan buitengewone dissipels van Christus word.

Christus het die Kommuniste lief en verlang om hulle van die Kommunisme te bevry, net soos Hy alle sondaars liefhet en verlang om hulle van sonde te bevry. Sommige Westerse kerkleiers vervang hierdie enigste korrekte houding met 'n ander een: inskiklikheid teenoor die Kommunisme. Hulle begunstig die sonde, hulle help die Kommunisme om te triomfeer en verhinder hierdeur die verlossing van die Kommuniste sowel as van hulle slagoffers.

### WAT EK NA MY VRYLATING GEVIND HET

Toe ek die tronk verlaat het en weer by my vrou was, het sy my gevra wat my planne vir die toekoms was. „Die ideaal wat ek voor my het," was my antwoord, „is die lewe van 'n geestelike kluisenaar." My vrou het gesê sy het dieselfde gedagte gehad.

In my jong dae was ek 'n baie dinamiese tipe maar die tronk en veral die jare van eensame opsluiting het my verander in 'n dromerige, peinsende mens. Al die storms in die hart het bedaar. Ek het my nie aan die Kommunisme gesteur nie. Ek het dit nie eens opgemerk nie. Ek het my in die omhelsings van die hemelse Bruidegom bevind. Ek het gebid vir hulle wat ons mishandel het en ek kon hulle met my hele hart liefhê. Ek het baie min hoop gehad om ooit vrygelaat te word maar wanneer dit soms by my opgekom het om te wonder wat ek sou doen ingeval ek sou vrykom,

het ek altyd gemeen dat ek my êrens sou terugtrek en die lewe van lieflike vereniging met die hemelse Bruidegom sou voortsit.

God is „die Waarheid". Die Bybel is die „waarheid omtrent die Waarheid". Teologie is die „waarheid oor die waarheid oor die Waarheid." Fundamentalisme is die „waarheid oor die waarheid oor die waarheid omtrent die Waarheid". En Christenmense lewe in hierdie baie waarhede oor die Waarheid en as gevolg daarvan het hulle nie „die Waarheid" nie. Honger, geslaan en bedwelmd het ons die teologie en die Bybel vergeet. Ons het die „waarhede omtrent die Waarheid" vergeet, en daarom het ons in „die Waarheid" gelewe. Daar staan geskrywe dat die Seun van die mens sal kom in 'n uur en op 'n dag wat ons nie verwag nie. Ons kon nie meer dink nie. In ons donkerste ure van marteling het die Seun van die mens na ons gekom en die tronkmure soos diamante laat skitter en die selle met lig vervul. Êrens, daar ver onder ons was die folteraars in die sfeer van die liggaam maar die gees het hom in die Heer verlustig. Ons sou hierdie blydskap nie vir die van koninklike paleise verruil het nie.

Om teen iemand of iets te veg? Niks van die aard was verder uit my gedagtes nie. Ek het geen begeerte gehad om enige oorloë te voer nie, selfs regverdige oorloë nie. Ek wou liewer lewende tempels vir Christus bou. Dit was met die hoop op stille jare van bepeinsing vorentoe dat ek die tronk verlaat het.

Maar reeds die dag na my ontslag het ek te staan gekom voor aspekte van die Kommunisme, baie leliker as al die martelinge in die tronke. Een na die ander het ek groot predikers en pastors van verskillende kerke ontmoet, ja, selfs biskoppe wat eenvoudig met groot droefheid bely het dat hulle vir die geheime polisie aanbringers teen hulle eie kuddes geword het. Ek het hulle gevra of hulle bereid was om op te hou om aanbringers te wees, selfs op gevaar af dat hulle self in die tronk sou beland. Almal het gesê, „nee," en het verduidelik dat dit nie vrees vir hulle eie persoon was wat hulle verhinder het nie. Hulle het my vertel van die nuwe ontwikkeling in die kerke, dinge wat nog nie voor my

inhegtenisneming bestaan het nie – dat om te weier om 'n aanbringer te word die sluiting van die kerk kon beteken.

In elke dorp is daar die regering se verteenwoordiger vir die beheer van „kultusse", 'n man van die geheime Kommunistiese polisie. Hy het die reg om enige priester of pastor te ontbied net wanneer hy wil en hom te vra wie in sy diens was, wie dikwels nagmaal gebruik, wie 'n sielewinner is, wat mense alles kom bely, en so meer. As jy nie antwoord nie, word jy in die pad gesteek en 'n ander „leraar" in jou plek aangestel wat meer sal sê as jy. Waar die regeringsverteenwoordiger nie so iemand het nie, sluit hy eenvoudig die kerk.

Die meeste predikante het aan die geheime polisie informasie verskaf met die verskil dat sommige dit met teësin gedoen en probeer het om sommige dinge te verberg terwyl ander in die gewoonte geraak het en hulle gewete is verhard. Nog ander het 'n geesdrif daarvoor ontwikkel en meer gesê as wat van hulle verlang is. Ek het kinders van Christenmartelare hoor bely dat hulle verplig geword het om informasie te verskaf oor gesinne wat hulle met vriendelikheid ontvang het, anders is hulle gedreig dat hulle nie hulle studies sou kon voortsit nie.

Ek het die Baptiste-Kongres bygewoon, 'n kongres onder die teken van die Rooi Vlag. Hier het die Kommuniste besluit wie die „gekose leiers" sou wees. Ek het nou geweet dat daar aan die hoof van alle offisiële kerke manne was wat deur die Kommunistiese party benoem was. En toe het ek besef dat ek die gruwel van verwoesting waarvan Jesus praat in die heiligdom sien staan het.

Daar was altyd goeie en slegte pastors en predikante maar nou die eerste keer in die geskiedenis van die Kerk besluit die Sentrale Komitee van 'n openlike ateïstiese party wat hom die uitroeiing van alle godsdiens ten doel gestel het wie die Kerk moet lei. Om dit met watter oogmerk te lei? Ongetwyfeld ten einde te help met die ontworteling van die godsdiens.

Lenin het geskrywe: „Elke godsdienstige idee, elke idee van God, selfs om die geringste aandag aan die idee van

God te gee, is 'n onuitspreeklike gruwel van die gevaarlikste soort, aansteeklikheid van die afskuwelikste soort. Miljoene sondes, vuil dade, gewelddade en fisiese aansteeklikheid is ver minder gevaarlik as die subtiele, geestelike idee van 'n God."

Die Kommunistiese partye van die hele Sowjet-gebied is Leninisties. Vir hulle is godsdiens erger as kanker, tering of sifilis. En *hulle* besluit wie die godsdienstige leiers sal wees. En met hulle werk die leiers van die offisiële kerk saam deur 'n vergelyk te tref.

Ek het gesien hoe die kinders en jongmense met ateïsme vergiftig is terwyl die offisiële kerke nie die minste kans het om dit teen te werk nie. In ons hoofstad, Boekarest is daar geen kerk waarin jy 'n jeugbyeenkoms of 'n Sondagskool vir kinders sal vind nie. Die kinders van Christene groei op in die skool van haat.

Toe ek dit alles aanskou het, het ek die Kommunisme gehaat soos ek dit nooit onder al hulle mishandelinge gehaat het nie. Ek het dit nie gehaat om wat dit aan my gedoen het nie, maar vanweë die kwaad wat dit doen aan die eer van God, aan die Naam van Christus en aan die siele van een-biljoen mense onder die heerskappy daarvan.

Kleinboere van alle dele van die land het my besoek en vertel hoe die kollektiwisasie uitgevoer word. Hulle was nou hongerige slawe wat voorheen op hulle eie lande en wingerde was. Hulle het geen brood gehad nie. Hulle kinders was sonder melk, sonder vrugte – en dit in 'n land met natuurlike rykdomme gelyk aan die van Kanaän van ouds.

Broeders het aan my beken dat die Kommunistiese regime van hulle almal diewe en leuenaars gemaak het. Weens honger moes hulle steel van wat oorspronklik hulle eie landerye was maar nou aan die gemeenskapsplaas behoort het. Dan moes hulle lieg om die diefstal te bedek.

Werkers het met my gepraat oor die verskrikkinge in die fabrieke en die uitbuiting van werkkragte soos waarvan die kapitaliste nooit gedroom het nie. Die werkers het geen reg gehad om te staak nie.

Intellektueles moes teen hulle innerlike oortuigings leer dat daar geen God is nie.

Die hele lewe en denke van een-derde van die wêreld is vernietig of vervals.

Jong meisies het kom klae dat hulle na die Kommunistiese Jeugorganisasie ontbied en berispe en gedreig is omdat hulle 'n seun gesoen het wat 'n Christen was en die naam van 'n ander seun is aan hulle gegee as een wat hulle kon soen!

Alles was verskriklik oneg en lelik.

Toe ontmoet ek die stryders van die Ondergrondse Kerk – my kamerade van lank gelede – sommige wat nooit gevang is nie en ander wat weer die stryd aangeknoop het nadat hulle uit die tronk ontslaan is. Hulle het my versoek om weer die stryd saam met hulle aan te knoop. Ek het hulle geheime byeenkomste bygewoon waar hulle gesing het uit gesangboeke wat met die hand geskryf was.

Ek het gedink aan Sint-Antonius die Grote wat dertig jaar in die woestyn gewoon het. Hy het hom geheel en al van die wêreld teruggetrek en sy hele lewe aan vas en bid gewy. Maar toe hy verneem van die stryd tussen Athanasius en Arius ten opsigte van die Godheid van Christus het hy die lewe van bepeinsing verlaat en na Alexandrië gegaan om die waarheid te help verdedig. Ek het Sint-Bernardus de Clairvaux onthou. Ook hy was 'n monnik ver bo in die berge maar hy het gehoor van die dwaasheid van die Kruistogte, van Christene wat Arabiere en Jode en hulle broeders in die geloof van 'n ander belydenis doodmaak ten einde 'n leë graf te verkry. Daarop het hy sy klooster verlaat en van sy hoogtes afgekom om teen die Kruistogte te preek.

Ek het besluit om te doen wat alle Christene behoort te doen: om die voorbeelde van Christus, die apostel Paulus en die groot heiliges te volg, die gedagte om te gaan stil lewe te laat vaar en om die stryd te hervat.

Watter soort stryd sou dit wees?

Christene in die tronk het altyd vir hulle vyande gebid en aan hulle 'n pragtige getuienis gegee. Die begeerte van ons hart was dat hulle gered moes word en ons het gejuig so dikwels as wat dit geskied het. Maar ek het die bose

Kommunistiese stelsel gehaat en ek het verlang om die Ondergrondse Kerk te versterk, *die enigste mag wat hierdie verskriklike tirannie kan omverwerp deur die krag van die Evangelie.* Ek het nie net aan Roemenië gedink nie maar aan die hele Kommunistiese wêreld.

Maar ek het so baie ongeërgdheid in die Weste aangetref. Skrywers oral in die wêreld het geprotesteer toe twee Kommunistiese skrywers, Siniavski en Daniël deur hulle eie kamerade tot tronkstraf gevonnis is. Maar selfs die kerke protesteer nie wanneer Christene in die tronk gestop word vir hulle geloof nie.

Wie bekommer hom oor broeder Kuzyck wat gevonnis is omdat hy „giftige" Christelike publikasies soos die stigtelike boekies van Torrey en gedeeltes van die Bybel versprei het? Wie weet van broeder Prokofiew wat gestraf is omdat hy geskrewe preke versprei het? Wie weet van die Joodse Christen, Grunvald wat om soortgelyke oortredings in Rusland gevonnis is en wie se seuntjie deur die Kommuniste vir goed weggeneem is? Ek weet wat ek gevoel het toe ek weggeneem is van my Mihai. Ek ly saam met broeder Grunvald, Ivanenko, Ouma Sjevchuk, Taisja Tkachenko, Ekaterina Vekazina, Georgi Vekazin, die egpaar Pilat in Letland en so meer – name van heiliges en helde van die geloof in die twintigste eeu! Ek buig my om hulle kettings te soen soos die eerste Christene die kettings gesoen het van hulle mede-Christene toe hulle uitgelei is om vir die wilde diere gegooi te word.

Sommige Westerse Kerkleiers gee niks vir hulle om nie. Die name van die martelare is nie op hulle gebedslyste nie. Onderwyl hulle besig was om gemartel en gevonnis te word, is die Russiese Baptistiese en Ortodokse offisiële leiers wat hulle aangekla en verraai het met groot eerbetoon ontvang in Nieu-Delhi, in Genève en op ander konferensies. Daar het hulle aan almal die versekering gegee dat daar in Rusland volkome godsdiensvryheid bestaan. 'n Leier van die Wêreldraad van Kerke het die Bolsjewistiese aartsbiskop Nikodim gesoen toe hy hierdie versekering gegee het. Toe het hulle saam feesgevier in die indrukwekkende naam

van die Wêreldraad van Kerke terwyl die heiliges in die tronk kool met ongewaste ingewande geëet het, net soos ek in die Naam van Christus geëet het.

So kon dinge nie voortgaan nie. Die Ondergrondse Kerk het besluit dat ek die land moes verlaat as die geleentheid hom sou voordoen om aan u, Christene, mee te deel wat daar aan die gang is.

Ek het besluit om die „Kommunisme" aan die kaak te stel hoewel ek die „Kommuniste" liefhet. Ek vind dit nie reg om die Evangelie te verkondig sonder om die Kommunisme te veroordeel nie.

Sommige sê vir my: „Verkondig die suiwer Evangelie!" Dit herinner my daaraan dat die Kommunistiese geheime polisie ook aan my gesê het ek moet Christus verkondig maar geen melding van die Kommunisme maak nie. Is dit werklik die geval dat diegene wat ten gunste is van wat genoem word „'n suiwer Evangelie," met dieselfde gees besiel is as daardie lede van die Kommunistiese geheime polisie?

Ek weet nie wat hierdie sogenaamde suiwer Godsdiens is nie. Was die prediking van Johannes die Doper suiwer? Hy het nie net gesê: „Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele is naby" nie. Hy het ook gesê: „Jy, Herodes, is sleg." Hy is onthoof omdat hy hom nie by abstrakte prediking bepaal het nie. Jesus het nie slegs die „suiwer" bergrede gelewer nie maar ook wat sommige werklike kerkleiers 'n negatiewe preek sou genoem het: „Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes . . . slange, addergeslag!" Dit was vanweë sulke „onsuiwer" predikinge dat Hy gekruisig is. Die Fariseërs sou hulle nie aan die Bergrede gesteur het nie.

Die sonde moet by die naam genoem word. Die Kommunisme is vandag die gevaarlikste sonde in die wêreld. Elke Evangelie wat dit nie veroordeel nie is nie die suiwer Evangelie nie. Die Ondergrondse Kerk veroordeel dit en waag daardeur hulle vryheid en lewe. Des te minder moet ons hier in die Weste stilbly.

Ek is vasbeslote om die Kommunisme te veroordeel, nie

in die sin waarin diegene wat gewoonweg bekend staan as anti-Kommuniste dit doen nie. Hitler was 'n anti-Kommunis en was nietemin 'n tiran. Ons haat die sonde en het die sondaar lief.

### WAAROM EK IN DIE WESTE LY

Ek ly meer in die Weste as wat ek in Kommunistiese lande gely het.

My lyding bestaan in die eerste plek in die verlange na die onuitspreeklike skoonhede van die Ondergrondse Kerk, die kerk wat die ou Latynse gesegde vervul – *Nudis nudum Christi sequi* (Naaktes, volg die naakte Christus).

In die Kommunistiese kamp het die Seun van die mens en die wat aan Hom behoort geen plek om die hoof neer te lê nie. Christene bou daar geen huise vir hulleself nie. Tot watter nut? Dit sal gekonfiskeer word by hulle eerste arrestasie. Die blote feit dat jy 'n nuwe huis het, kan 'n groter motief wees om jou tronk toe te stuur omdat die Kommuniste graag hierdie huis wil hê. Daar begrawe jy nie jou vader nie; ook groet jy nie jou familie voordat jy Christus volg nie. Wie is jou moeder, jou broer, jou suster? Jy is in hierdie opsig soos Jesus. Moeder en broer is vir jou alleen diegene wat die wil van God doen. Wat die natuurlike bande betref, kan hulle nog tel wanneer dit so dikwels gebeur dat die bruid die bruidegom verkla, kinders die ouers, vroue hulle mans? Dit is meer en meer slegs die geestelike bande wat nog oorbly.

Die Ondergrondse Kerk is 'n arm en lydende kerk maar dit het geen lou lede nie. 'n Diens in die Ondergrondse Kerk is net soos een in die Vroeë Kerk van negentienhonderd jaar gelede. Die prediker ken geen uitvoerige teologie nie. Hy ken geen homiletiek nie, soos Petrus dit nie geken het nie. Elke teologiese professor sou vir Petrus 'n standpunt gegee het vir sy preek met Pinkster. Bybeltekste is nie baie bekend in Kommunistiese lande nie omdat Bybels so seldsaam is. En buitendien, die prediker was baie waarskynlik jare lank in die tronk en wel sonder 'n Bybel.

Wanneer hulle hul geloof in 'n Vader verklaar, beteken

dit baie want daar is 'n drama agter hierdie bewering. In die tronk het hulle daagliks hierdie almagtige Vader om brood gevra en in plaas daarvan kool met onnoemlike vuilheid ontvang. Nogtans glo hulle dat God die liefdevolle Vader is. Hulle is soos Job wat gesê het: „Al wil Hy my doodmaak – ek hoop op Hom." Hulle is soos Jesus wat vir God „Vader" genoem het, selfs toe Hy oënskynlik aan die kruis verlate was. Wie ook al die geestelike skoonheid van die Ondergrondse Kerk geken het, kan nie meer tevrede wees met die leegheid van sommige van die Westerse kerke nie.

Ek ly in die Weste meer as wat ek in 'n Kommunistiese tronk gely het, want nou sien ek met my eie oë dat die westerse beskawing aan die sterwe is.

In sy *Decline of the West* het Oswald Spengler geskryf: „Jy is sterwende. Ek sien in jou al die kensketsende stigmas van bederf. Ek kan bewys dat jou groot rykdom en jou groot armoede, jou kapitalisme en jou sosialisme, jou oorloë en jou revolusies, jou ateïsme en jou pessimisme en jou sinisme, jou sedeloosheid, jou gebroke huwelike, jou geboortebeperking wat besig is om jou van onder uit te mergel en jou van bo in jou brein dood te maak – ek kan bewys dat hierdie dinge die kensketsende tekens was van die sterwende eeue van antieke state – Alexandrië en Griekeland en neurotiese Rome."

Dit is geskrywe in 1926. Sedertdien het die demokrasie en die beskawing reeds gesterf in die helfte van Europa en selfs sover as Kuba. Die res van die Weste slaap.

Maar daar is een mag wat nie slaap nie, die mag van die Kommuniste. Waar die Kommuniste in die Ooste teleurgesteld is en hulle illusies kwytgeraak het, het die Kommunisme in die Weste hewig gebly. Die westerse Kommuniste glo eenvoudig nie al die slegte rapporte oor die wreedhede en ellende en vervolging in die Kommunistiese lande nie. Met onvermoeide ywer dra hulle hul geloof oral uit – in die sitkamers van die aansienlikes, in die klubs van intellektueles, in universiteite, in die agterbuurte en in die kerke. Ons, die Christene, is dikwels halfhartig aan die kant van die

hele waarheid. Hulle is heelhartig aan die kant van die leuen.

Intussen bespreek teoloë van die Weste kleinighede.

Dit herinner my dat terwyl die troepe van Mahomet II in 1493 Konstantinopel omsingel het en daar besluit moes word of die Balkan eeue lank onder Christelike of Mohammedaanse heerskappy sou staan, 'n plaaslike kerkraad in die beleërde stad die volgende probleme bespreek het: Wat was die kleur van die oë van die Heilige Maagd? Wat is die geslag van die engele? Wat gebeur wanneer 'n vlieg in heilige water val – word die vlieg heilig of is die water besmet? Dit mag slegs 'n legende wees betreffende daardie tye maar lees die kerktydskrifte van vandag en jy vind dat presies sulke vrae bespreek word. Die bedreiging van die Kommunisme en die lyding van die Ondergrondse Kerk word feitlik nooit genoem nie. Daar is eindelose diskussies oor teologiese sake, oor rituele en oor ondergeskikte punte.

Daar was 'n geselskap in 'n sitkamer. Iemand het die vraag gestel: „As jy op 'n skip was wat sink en jy kon ontsnap na 'n geïsoleerde eiland met die moontlikheid om net een boek uit die skip se boekery met jou mee te neem, watter boek sou jy kies? Een het gesê: „Die Bybel." 'n Ander: „Shakespeare." Maar 'n skrywer het die regte antwoord gegee: „Ek sou 'n boek kies wat my kon leer hoe om 'n skuit te bou en hoe om die kus te bereik. Daar sou ek vry wees om te lees wat ek wil."

Om die vryheid te bewaar vir alle denominasies en alle teologieë en om dit te betreur waar dit verlore geraak het weens die Kommunistiese verdrukking is baie belangriker as om aan te dring op een besondere teologiese opvatting.

„Die waarheid maak vry," het Jesus gesê. Maar ook: „Vryheid en vryheid alleen kan die waarheid gee." In plaas van oor bykomende sake te stry, behoort ons eerder saam te staan in hierdie stryd teen die tirannie van die Kommunisme.

Ek ly ook deur te deel in die toenemende lyding van die Kerk agter die Ystergordyn. Daar ek deur daardie lyding gegaan het, kan ek my 'n voorstelling daarvan maak.

Verlede Junie het die Sowejetkoerante *Izvestia* en *Dereven-skais Jizn* die Russiese Baptiste daarvan beskuldig dat hulle lede geleer word om kinders dood te maak om vir sondes te boet. Dit is die ou beskuldiging van rituele moord soos vroeër teen die Jode ingebring. Maar ek weet wat dit beteken. In 1959 was ek in die tronk van Cluj in Roemenië saam met die prisonier Lazarovici wat beskuldig was dat hy 'n meisie vermoor het. Hy was slegs dertig jaar oud maar sy hare het oornag onder die martelinge spierwit geword. Hy het soos 'n ou man gelyk. Vingernaels het hy nie gehad nie. Hulle is uitgepluk om hom te dwing om die misdaad te erken wat hy nie gepleeg het nie. Na 'n jaar van martelinge is sy onskyld bewys en is hy vrygelaat maar die vryheid het vir hom niks meer beteken nie. Hy was vir altyd 'n gebroke man.

Ander mense kan 'n koerantartikel lees en kan lag oor die onsinnige beskuldiginge in die Sowjet-pers teen die Baptiste. Ek weet wat dit vir die beskuldigdes beteken. Dit is vreeslik om in die Weste te wees en gedurig sulke beelde voor jou oë te hê.

Waar is vandag die aartsbiskop Yermogen van Kaluga (U.S.S.R.) en die ander sewe biskoppe wat protes aangeteken het teen die uiterstes van medewerking met die Sowjet-regime soos beoefen deur die patriarg Alexei en die aarts-biskop Nikodim wat werktuie is in die hande van die Kommuniste? As ek nie die biskoppe wat in Roemenië geprotesteer het naby my in die tronk sien sterf het nie sou ek nie nou so bekommerd wees oor hierdie godsalige biskoppe nie.

Die predikante Nikolai Esjliman en Gleb Yakumin is deur die patriarg gedissiplineer omdat hulle godsdiensvry-heid vir hulle kerk gevra het. Soveel weet die Weste. Maar ek was in die tronk saam met Vader Ioan van Vladimiresjti, Roemenië, met wie dieselfde ding gebeur het. Oënskynlik was daar maar net 'n kerklike „dissiplinering" maar ons offisiële kerkleiers, soos alle offisiële kerkleiers van Kom-munistiese lande, werk hand aan hand met die geheime polisie. Die wat hulle onder dissipline sit, kom ook onder

die meer doeltreffende „dissipline" van die tronk – martelinge, slae, dwelming.

Ek sidder by die gedagte aan die lyding van hulle wat in die Kommunistiese kamp vervolg word. Ek sidder as ek dink aan die ewige bestemming van hulle folteraars. *Ek sidder vir Westerse Christene wat nie hulle vervolgde broeders te hulp snel nie.*

Diep in my hart sou ek graag die skoonheid van my eie wingerd bewaar en nie in so 'n groot stryd betrokke raak nie. Ek sou so graag êrens in stilte gaan rus maar dit is nie moontlik nie. Kommunisme is op die drumpel. Toe die Kommuniste Tibet binnegeval het, het hulle die wat net in totaal geestelike sake geïnteresseerd was, omgebring. In ons land het hulle almal wat hulle van die werklikheid verwyder het, omgebring. Kerke en kloosters is ontbind behalwe net genoeg om uitlanders se oë te verblind. Hierdie stilte en rus waarna ek verlang, sou 'n ontvlugting wees van die werklikheid en ook gevaarlik vir my siel.

Ek *moet* hierdie stryd lei, hoewel dit baie gevaarlik vir my persoonlik is. As ek verdwyn, kan u daarvan versekerd wees dat dit die Kommuniste sal wees wat my ontvoer het. Hulle het my in 1948 op straat ontvoer en onder 'n valse naam in die tronk gestop. Anna Pauker, destyds ons Staatsekretaris, het aan die Sweedse ambassadeur, Sir Patrick von Reuterswaerde, gesê: „O, Wurmbrand wandel nou op die strate van Kopenhagen." Die Sweedse minister het 'n brief van my wat ek uit die tronk gesmokkel het in sy sak gehad; hy het geweet dat hy na 'n leuen geluister het. So iets kan weer gebeur. As ek gedood word sal die moordenaar iemand wees wat deur die Kommuniste aangestel is. Niemand anders het enige motief om my dood te maak nie. As u gerugte hoor omtrent my morele verdorwenheid, diefstal, homoseksualiteit, owerspel, politieke onbetroubaarheid, liegery, of wat ook al, sal dit maar net die vervulling wees van die dreigement van die geheime polisie: „Ons sal jou sedelik vernietig."

Uit 'n baie goed ingeligte bron verneem ek dat die Roemeense Kommuniste besluit het om my om te bring

na die getuienis wat ek voor die Senaat van die V.S.A. afgelê het. Hulle sal probeer om my liggaamlik om te bring of om my reputasie dood te maak. Hulle sal my probeer dreig deur my vriende in Roemenië te terroriseer. Hulle beskik oor kragtige middele.

*Maar stilbly kan ek nie.* En u plig is om kalm te ondersoek wat ek sê. Selfs as u dink dat ek, na alles wat ek deurgemaak het, aan 'n vervolgingskompleks ly, moet u uself afvra wat hierdie vreeslike mag van die Kommunisme is wat sy burgers aan sulke komplekse laat ly. Watter mag is dit wat maak dat 'n man van Oos-Duitsland selfs 'n kind in 'n stootskraper neem en deur die doringdraadversperring bars op gevaar af dat sy hele gesin doodgeskiet mag word?

Die Weste slaap en moet wakker geskud word!

Mense wat ly, soek 'n sondebok, iemand op wie hulle die skuld kan laai. Om so iemand te vind, maak die las baie ligter. Ek kan dit nie doen nie.

Ek kan nie die skuld op sommige van die kerkleiers van die Weste laai wat kompromis maak met die Kommunisme nie. Die kwaad kom nie van hulle nie. Dit is baie ouer. Hierdie leiers is selfs slagoffers van 'n baie ouer euwel. Hulle het nie die gemors in die kerk geskep nie. Hulle het dit gevind.

Vandat ek in die Weste is, het ek baie teologiese kweekskole besoek. Daar het ek lesings oor die geskiedenis van klokke en die geskiedenis van liturgiese liedere gehoor, oor kanonieke wette wat reeds lank gelede in onbruik geraak het of oor kerkdissipline wat nie meer bestaan nie. Ek het teologiese studente sien leer dat die verhaal van die skepping in die Bybel nie waar is nie, ook nie die van Adam of van die vloed of van Moses se wonderwerke nie; dat die profesieë na hulle vervulling geskrywe is; dat die maagdelike geboorte 'n mite is en so ook die opstanding van Jesus; dat Sy beendere êrens in 'n graf gebly het; dat die Sendbriewe nie eg is nie; dat Openbaring die boek van 'n kranksinnige is; maar andersins is die Bybel 'n Heilige Boek! (Dit laat

ons met 'n heilige boek waarin daar na bewering meer leuens voorkom as in 'n Kommunistiese nuusblad.)

Dit is wat huidige kerkleiers geleer het toe hulle op kweekskool was. Dit is die atmosfeer waarin hulle lewe. Waarom sou hulle getrou wees aan 'n Meester van wie daar soveel vreemde dinge gesê word? Waarom sou kerkleiers getrou wees aan 'n kerk waarin dit vry verkondig kan word dat God dood is?

Hulle is leiers van die offisiële Kerk, nie van die Bruid van Christus nie. Hulle is leiers in 'n kerk waarin baie reeds lank gelede die Meester verraai het. Wanneer hulle iemand van die ondergrond teëkom – 'n martelaar van die lydende kerk – beskou hulle hom as 'n vreemde wese.

Tweedens, dit is nie reg om mense slegs oor een deel van hulle houding te oordeel nie. As ons dit sou doen, sou ons soos die Fariseërs wees vir wie Jesus sleg was omdat Hy nie hulle reëls oor die Sabbat gerespekteer het nie. Dieselfde kerkleiers wat 'n verkeerde houding teenoor die Kommunisme het, mag in baie ander dinge volkome reg wees en mag persoonlik opreg wees. En selfs waar hulle verkeerd was, mag hulle miskien nog verander.

Ek was eenmaal by 'n Ortodokse aartsbiskop in Roemenië. Hy was 'n man van die Kommuniste wat sy eie skape aangekla het. Ek het sy hand tussen my hande geneem en hom die gelykenis van die verlore seun vertel. Dit was in die aand in sy tuin. „Kyk met watter liefde ontvang God 'n sondaar wat terugkeer," het ek gesê. „Hy ontvang selfs 'n biskop met vreugde as hy berou toon." Ek het vir hom Christelike liedere gesing. Hierdie man het tot bekering gekom.

Ek was in die tronk in dieselfde sel met 'n Ortodokse priester wat ateïstiese lesings geskryf het in die hoop om vrygelaat te word. Ek het met hom gepraat en hy het die stukke wat hy geskryf het, opgeskeur en daardeur gevaar geloop om nooit vrygelaat te word nie.

Ek kan van niemand 'n sondebok maak en langs hierdie weg die las wat op my hart lê, verlig nie.

Ek het nog 'n ander pyn. Baie goeie vriende verstaan my verkeerd. Sommige beskuldig my van bitterheid en wrok teenoor die Kommuniste wat ek weet is nie waar nie.

Die Mosaïese skrywer, Claude Montefiore het gesê Jesus se houding teenoor die Skrifgeleerdes en Fariseërs, Sy openbare veroordeling van hulle is in stryd met Sy bevel om ons vyande lief te hê en diegene wat ons vloek te seën. Dr. W. R. Matthews sê dit is 'n onsamehangendheid en inkonsekwensie in Jesus. Hy gee as verskoning dat Jesus nie 'n intellektueel was nie.

Montefiore se indruk van Jesus was verkeerd. Jesus het die Fariseërs *liefgehad* hoewel Hy hulle in die openbaar veroordeel het. En ek het die Kommuniste lief sowel as hulle werktuie in die kerk hoewel ek hulle veroordeel.

Ek word gedurig gemaan: „Vergeet die Kommuniste! Werk alleen in geestelike dinge!"

Ek het 'n Christen ontmoet wat onder die Nazi's gely het. Hy het gesê hy stem volkome met my saam solank as ek vir Christus getuig maar ek moet geen woord teen die Kommunisme sê nie. Ek het hom gevra of Christene wat in Duitsland teen Hitler geveg het, verkeerd was en of hulle hul moes bepaal het by die Bybel sonder om een woord teen die tiran te sê? Sy antwoord was: „Maar Hitler het sesmiljoen Jode omgebring! 'n Mens was *verplig* om teen hom te praat." „Maar," het ek gesê, „die Kommunisme het dertigmiljoen Russe en miljoene Chinese en andere gedood en hulle het Jode ook doodgemaak. Moet ons net protesteer wanneer Jode gedood word en nie wanneer Russe gedood word nie?" Die antwoord was: „Dit is glad 'n ander saak!" Ek het geen verduideliking ontvang nie.

Ek is in Hitler se tyd en in Kommunistiese tye deur die polisie geslaan en ek kon geen verskil sien nie. Albei was baie seer.

Die Christelikheid het baie aspekte van die sonde om teen te stry en nie net Kommunisme nie. Ons is nie behep met net hierdie een probleem nie maar die Kommunisme is op die oomblik die grootste en gevaarlikste vyand van die Christelikheid en ons moet saamstaan daarteen.

Mag ek dit weer sê: Die doel van die mens is om Christusgelykvormig te word. Om dit te verhinder, is die hoofdoel van die Kommuniste. Hulle is hoofsaaklik anti-godsdienstig. Hulle glo dat die mens na die dood soute en minerale word en niks anders nie. Hulle wil hê die hele lewe moet op die vlak van die materie geleef word. Hulle ken slegs die massas. Hulle woord is die van die duiwel in die Nuwe Testament toe aan hom gevra is hoe hy heet: „Ons is legio." Persoonlikheid, die grootste gawe van God aan die mensdom, moet vernietig word. Hulle het 'n man in die tronk gestop omdat hy 'n boek deur Alfred Adler by hom gehad het – *Individuele Sielkunde*. Die offisiere van die geheime polisie het hom toegesnou: „O so! Individueel, altyd individueel! Waarom nie kollektief nie?"

Jesus wil hê ons moet persoonlikhede wees. Daarom bestaan daar geen moontlikheid van 'n kompromis tussen ons en die Kommunisme nie. Die Kommuniste weet dit. *Nauka i Religio* (Wetenskap en Godsdiens), hulle tydskrif, skryf: „Godsdiens is strydig met Kommunisme. Dit is vyandiggesind daarteen . . . Die inhoud van die program van die Kommunistiese Party is 'n doodsteek vir die godsdiens . . . Dit is 'n program vir die skepping van 'n ateïstiese samelewing waarin mense vir ewig ontslae sal wees van die godsdienstige gebondenheid."

Kan die Christelikheid samebestaan met die Kommunisme? Hier gee die Kommuniste die antwoord op hierdie vraag . . . „Kommunisme is 'n doodsteek vir die godsdiens."

## HOOFSTUK VYF

EK WIL nou weer oor die Ondergrondse Kerk praat.

Die Kerk werk onder baie moeilike omstandighede. Ateïsme is die staatsgodsdiens in alle Kommunistiese lande. Hulle gun 'n mate van vryheid aan die manier waarop ou mense glo maar kinders en jongmense *mag nie glo nie*. Alles in hierdie lande – radio, beeldradio, bioskoop, teater,

pers, uitgewery – het die een oogmerk om geloof in God uit te roei.

Die Ondergrondse Kerk het baie min middele om die geweldige kragte van die totalitêre staat te bekamp. Die ondergrondse evangeliedienaars in Rusland het geen teologiese opleiding gehad nie. Daar is pastors wat nog nooit 'n hele Bybel deurgelees het nie.

Ek sal u vertel hoedat baie van hulle georden is. Ons het 'n jong Rus ontmoet wat 'n geheime predikant was. Ek het hom gevra wie hom georden het. Sy antwoord was: „Ons het geen werklike biskop gehad om ons te orden nie. Die offisiële biskop wou niemand orden wat nie deur die Kommunistiese Party goedgekeur was nie. Tien van ons, jong Christene, het toe na die graf van 'n biskop gegaan wat as martelaar gesterf het. Twee van ons het ons hande op sy grafsteen gelê. Die ander het 'n kring om ons gevorm en ons het die Heilige Gees gevra om ons te orden. Ons is seker dat ons deur die deurboorde hande van Jesus georden is."

Myns insiens is hierdie jongman se ordening geldig voor God. Manne met so 'n ordening wat nooit enige teologiese opleiding gehad het nie en baie dikwels maar min van die Bybel weet, sit die werk van Christus voort.

Dit is soos die Kerk van die eerste eeue. Watter kweekskole het hulle wat die wêreld vir Christus omgekeer het, gehad? Kon hulle almal lees? En van waar het hulle Bybels gekry? God het met hulle gepraat.

Ons van die Ondergrondse Kerk het geen katedrale nie maar is enige katedraal mooier as die lug van die hemel waarheen ons opgekyk het wanneer ons in die geheim in die bosse vergader het? Die gekwetter van voëltjies het die plek van die orrel geneem. Die blommegeur was ons wierook. En die verslete klere van 'n martelaar, pas uit die tronk ontslaan, was meer indrukwekkend as 'n priester se toga. Die maan en die sterre was ons kerse. Die engele was ons altaardienaars wat hulle aangesteek het.

*Ek kan nooit die skoonheid van hierdie kerk beskryf nie.*

Dikwels na 'n geheime diens word Christene gevang en

tronk toe gestuur. Daar dra Christene kettings met die blydskap waarmee 'n bruid 'n kosbare juweel dra wat sy van haar geliefde gekry het. Die waters in die tronk is stil. Jy ontvang Sy kus en Sy omhelsing en jy sou nie plek wil ruil met 'n koning nie. Ek het waaragtig juigende Christene slegs in die Bybel in die Ondergrondse Kerk en in die tronk gevind.

Die Ondergrondse Kerk word onderdruk maar het ook baie vriende – selfs in die geledere van die geheime polisie en onder lede van die regering. Soms beskerm hierdie geheime gelowiges die Ondergrondse Kerk.

Russiese nuusblaaie het onlangs gekla oor die toenemende getalle „uiterlik ongelowiges". Hulle, so verduidelik die Russiese pers, is tallose manne en vroue wat vir die Kommunistiese mag werksaam is – in regeringskantore, in propagandadepartemente en oral – wat uiterlik deurgaan as Kommuniste, maar van binne geheime gelowiges en lede van die Ondergrondse Kerk is.

Die Kommunistiese pers het die storie vertel van 'n jong vrou wat in die Kommunistiese propagandadepartement gewerk het. Na werkure het sy na haar woonstel gegaan waar sy haar man ontmoet het wat van sy werk af gekom het. Na die aandete het sy en haar man 'n groep jongmense van ander woonstelle in hulle gebou versamel vir geheime Bybelstudie en bidure.

*Dit gebeur dwarsdeur die Kommunistiese wêreld.* Daar bestaan tienduisende sulke „uiterlik ongelowiges" in elke Kommunistiese land. Hulle ag dit verstandiger om nie die vertoonkerke waar hulle dopgehou sal word en tog maar net 'n verwaterde Evangelie sal hoor, te besoek nie. In plaas daarvan bly hulle in die posisie van gesag en verantwoordelikheid wat hulle beklee en van waar hulle stilweg en doeltreffend vir Christus getuig.

Die Ondergrondse, getroue Kerk het duisende lede in sulke plekke. Hulle hou geheime dienste in kelders, op solders, in woonstelle en huise.

In Rusland onthou niemand meer die argumente vir of teen kinderdoop en grootdoop, vir of teen pouslike

onfeilbaarheid nie. Hulle is nie pre- of postmillennialiste nie. Hulle kan nie die profesieë vertolk nie en stry nie daaroor nie maar ek het my dikwels verwonder oor hoe goed hulle teenoor ateïste die bestaan van God kon bewys.

Hulle antwoorde aan ateïste is eenvoudig: „As jy genooi word na 'n fees met allerhande heerlike geregte sou jy glo dat daar niemand was wat dit berei het nie? Maar die natuur het vir ons 'n feesmaal berei! Jy het tamaties en perskes en appels en melk en heuning. Wie het al hierdie dinge vir die mens berei? Die natuur is blind. As jy nie in God glo nie, hoe kan jy die feit verklaar dat die blinde natuur daarin geslaag het om presies daardie dinge voort te bing wat ons in sulke oorvloed en verskeidenheid nodig het?"

Hulle kan bewys dat die ewige lewe bestaan. Ek het een van hulle met 'n ateïs hoor pleit: „Veronderstel ons kon met 'n embrio in sy moeder se skoot praat en dat jy hom sou meedeel dat die embrionale lewe maar kort van duur is, waarna daar 'n werklike lang lewe volg; wat sou die embrio se antwoord wees? Hy sou presies dieselfde antwoord gee wat julle ateïste vir ons gee wanneer ons met julle praat van die paradys en die hel. Hy sou sê dat die lewe in sy moeder se skoot die enigste lewe is en dat alle ander dinge godsdienstige dwaasheid is. Maar as die embrio kon dink, sou hy vir homself sê: ,Hier groei arms aan my. Ek het hulle nie nodig nie. Ek kan hulle nie eens uitstrek nie. Waarom groei hulle. Waarskynlik met die oog op 'n toekomstige stadium van my bestaan wanneer ek met hulle sal moet werk. Bene groei maar ek moet hulle teen my bors gebuig hou. Waarom groei hulle? Waarskynlik volg daar 'n lewe in 'n groot wêreld waar ek sal moet loop. Oë groei hoewel ek deur dikke duisternis omring is en hulle nie nodig het nie. Waarom kry ek oë? Waarskynlik volg daar 'n lewe met lig en kleure.' As die embrio dus kon nadink oor sy eie ontwikkeling sou hy weet van 'n lewe buitekant die skoot van sy moeder sonder dat hy dit gesien het. So is dit ook met ons. Solank as wat ons jonk is, besit ons krag maar geen verstand om dit reg te gebruik nie. Wanneer

ons met die jare toegeneem het in kennis en wysheid wag die lykwa om ons na die graf te neem. Waarom was dit nodig om in kennis en wysheid te groei wat ons nie meer kan gebruik nie? Waarom ontwikkel daar arms en bene en oë aan 'n embrio? *Dit is vir wat volg.* So is dit met ons hier. Ons neem hier toe in ondervinding, kennis en wysheid vir wat volg. Ons word voorberei om te dien op 'n hoër vlak wat op die dood volg."

Die Kommunistiese leer omtrent Jesus is dat Hy nooit bestaan het nie. Die werkers van die Ondergrondse Kerk antwoord baie maklik hierop: „Watter nuusblad het jy daar in jou sak? Is dit die *Prawda* van vandag of gister? Laat my sien! Ha! 14 Januarie 1964. Vanwaar af word 1964 getel? Van die Een af wat nie bestaan het of 'n rol gespeel het nie? Jy sê Hy het nooit bestaan nie maar jy tel darem die jare van Sy geboorte af. Die Tyd het voor Hom bestaan maar toe Hy kom, het dit vir die mensdom gelyk dat alles wat voorheen gewees het vergeefs was en dat die ware tyd nou eers begin het. Jou Kommunistiese koerant is self 'n bewys dat Jesus nie 'n verdigsel is nie."

Pastors in die Weste veronderstel gewoonlik dat almal wat hulle in die kerk het werklik oortuig is omtrent die vernaamste waarhede van die Christelikheid wat hulle egter nie is nie. 'n Mens hoor selde 'n preek wat die waarheid van ons geloof bewys. Maar agter die Ystergordyn gee manne wat nooit geleer het hoe om dit te doen nie aan hulle bekeerlinge 'n baie deeglike fondament.

Daar is nie 'n duidelike skeidingsmuur wat aandui waar die Ondergrondse Kerk wat die vernaamste bolwerk van die Christelikheid is, eindig en die offisiële Kerk begin nie. Hulle is *deureengevleg. Baie pastors van die vertoonkerke beoefen 'n geheime parallelel bediening ver buite die beperikngs wat die Kommuniste hulle opgelê het.*

Die offisiële Kerk, die kerk van medewerkers met die Kommuniste, het 'n lang geskiedenis. Dit het onmiddellik na die Russiese Sosialistiese Revolusie begin met die „Lewende Kerk" met 'n priester genaamd Sergius aan die hoof. Hierdie „Lewende Kerk" het destyds in Moskou

openlik verklaar: „Ons oogmerk is nie om die Kerk te herbou nie maar om alle godsdiens uit te wis." 'n Pragtige program vir 'n Kerk! Ons het so 'n Sergius in elke land gehad.

In Hongarye onder die Katolieke was dit Vader Balogh. Hy en sommige Protestantse predikante het die Kommuniste gehelp om die volkome beheer van die staat oor te neem.

In Roemenië het die Kommuniste aan die bewind gekom met behulp van 'n Ortodokse priester genaamd Burducea, vroeër 'n Fascis wat vir die sondes van sy verlede by die Rooies moes vergoed deur selfs nog „Rooier" te word as sy base. Hierdie priester het naby Wisjinski, die Sowjet se Staatsekretaris, gestaan en goedkeurend geglimlag toe laasgenoemde by die vestiging van die nuwe Kommunistiese regering verklaar het: „Hierdie regering sal 'n aardse paradys bou en julle sal nie langer 'n hemelse nodig hê nie."

Wat betref Aartsbiskop Nikodim van Rusland, dit is bekend dat hy 'n aanbringer is vir die regering. Majoor Deriabin, 'n gewese lid van die Russiese Geheime Polisie, het getuig dat Nikodim hulle werktuig was.

Dit is die toestand in byna alle denominasies. Die teenswoordige leierskap van die Roemeense Baptiste is met geweld opgedring. Dit veroordeel die ware Christene. In Rusland doen die leierskap van die Baptiste dieselfde. Die president van die Roemeense Adventiste, Tasjiki het my self meegedeel dat hy 'n aanbringer van die Kommunistiese geheime polisie was van die eerste dag dat hulle aan die bewind gekom het.

Eerder as om al die kerke te sluit – hoewel hulle derduisende gesluit het – het die Kommuniste listig besluit om 'n aantal offisiële kerke oop te laat en hulle te gebruik as vensters waardeur hulle Christene en die Christelikheid kon waarneem, kon beheer en uiteindelik kon vernietig. Hulle het besluit dat dit beter sou wees om die struktuur van die kerk te laat voortbestaan en dit in 'n Kommunistiese werktuig te omskep om die Christene te beheer en besoekers wat

na hulle lande kom, te mislei. So 'n kerk is my ook aangebied op voorwaarde dat ek as pastor by die geheime polisie verslag sou doen oor my gemeentelede. Dit skyn asof Westerlinge dit nie kan verstaan nie maar die Ondergrondse Kerk sal altyd weier om gekontroleerde kerke te aanvaar as 'n plaasvervanger van betekenisvolle, doeltreffende evangelisasie „aan alle kreaturen" – die jeug inkluis.

In die offisiële kerke is daar egter ware geestelike lewe ten spyte van baie verraderlike leiers. (Ek het die indruk gekry dat in baie Westerse kerke daar 'n soortgelyke situasie is. Die gemeentes is soms getrou, nie vanweë nie maar ten spyte van hulle hoogste leiers.)

Die Ortodokse liturgie het onveranderd gebly en dit voed die harte van die gemeentelede, selfs as die preke die Kommuniste vlei. Die Lutherane, Presbiteriane en ander Protestante sing dieselfde ou liedere. En buitendien, selfs die preke van die aanbringers moet iets van die Skrif bevat. Mense kom tot bekering onder die invloed van manne wat hulle vooraf ken as verraaiers, van wie hulle weet dat hulle die geheime polisie van hulle bekerings sal vertel. Hulle moet dus hulle geloof verberg vir hom wat hulle deur sy bedorwe preek hierdie geloof gegee het. Hier het ons die groot wonderwerk van God waarvan Moses in Levitikus 11 in simboliese taal skrywe: „En as van hulle aas (wat volgens die Mosaïese wet onrein is) val op enige saad wat gesaai word – dit sal rein wees."

Billikheidshalwe moet gesê word dat nie al die offisiële kerkleiers of selfs al die offisiële hoofleiers manne van die Kommuniste is nie.

Lede van die Ondergrondse Kerk is ook baie prominent in die offisiële kerke behalwe wat betref sommige wat verborge moet bly. Hulle sorg daarvoor dat die Christelikheid nie flou en laf nie maar 'n strydende geloof is. Toe die geheime polisie gekom het om die klooster van Wladimiresjti in Roemenië te sluit (en ook op baie plekke in Rusland) het hulle dit maar moeilik gevind. Sommige Kommuniste het met hulle lewe geboet vir die misdaad om die godsdiens te probeer verbied.

Maar die offisiële kerke word minder en minder. Ek wonder of daar in die hele Sowjet-Unie nog vyf- of sesduisend kerke bestaan. (In die V.S.A. met dieselfde bevolkingsyfer is daar meer as driehonderdduisend.) Hierdie „kerke" is meer dikwels slegs klein kamertjies – nie 'n „kerk" soos ons dit vir ons voorstel nie. Besoekers uit die Weste sien 'n stampvol kerk in Moskou – die enigste Protestantse kerk in die stad – en praat oor die vryheid wat daar bestaan. „Selfs die kerke loop oor!" verklaar hulle met blydskap. Hulle besef nie die tragedie van een Protestantse kerk vir sewemiljoen siele nie! En tagtig persent van die mense van die Sowjet-Unie is selfs nie binne reisafstand van die een-kamerkerke nie. Hierdie menigtes moet òf vergeet word òf met ondergrondse metodes van evangelisasie bereik word. Daar is geen ander keuse nie.

Hoe meer die Kommunisme in 'n land vorder, hoe meer moet die Kerk ondergronds gaan. Die geslote offisiële kerke word nou vervang deur die byeenkomste van die anti-godsdienstige organisasies.

### HOE DIE ONDERGRONDSE KERK „VOEDING KRY" UIT ATEÏSTIESE LEESSTOF

Maar die Ondergrondse Kerk weet ook hoe om hierdie dinge te benut. In die eerste plek word die Kerk deur die ateïstiese leesstof gevoed net soos Elia deur die kraaie gevoed is. Die ateïste het baie vernuf en ywer aan die dag gelê om Bybeltekste te bespot en te kritiseer.

Hulle het boeke gepubliseer onder die titels *Die Komiese Bybel* en *Die Bybel vir Gelowiges en Ongelowiges.* Hulle het probeer aantoon hoe verspot Bybeltekste is en om dit te doen, het hulle baie tekste aangehaal! Hoe het ons tog hieroor gejuig! Die kritiek was so onnosel dat niemand dit ernstig opgeneem het nie. Maar miljoene eksemplare van die boeke is gedruk en dit was vol Bybeltekste wat onuitspreeklik lieflik was, selfs waar die Kommuniste dit bespot het. Bybeltekste bly waar, selfs as die Duiwel hulle aanhaal.

Die Kommunistiese uitgewery was baie bly om duisende briewe te ontvang met die versoek dat die ateïstiese boeke

wat met die Bybeltekste die spot dryf, herdruk mag word. Hulle het nie geweet dat hierdie briewe van die Ondergrondse Kerk kom wat geen ander geleentheid gehad het om die Skrifte te bekom nie.

Ons het ook geweet hoe om van die ateïstiese byeenkomste gebruik te maak.

'n Professor van Kommunisme het in 'n vergadering gedemonstreer dat Jesus niks anders as 'n towenaar was nie. Die professor het voor hom 'n beker water gehad. Hy het daar 'n bietjie poeier ingegooi en dit het rooi geword. „Dit is die hele wonderwerk," het hy verduidelik. „Jesus het 'n poeier soos hierdie in sy mou gehad en toe voorgegee dat Hy op 'n wonderbaarlike wyse die water in wyn verander het. Maar ek kan nog beter doen as Jesus; ek kan die wyn weer in water verander." Toe gooi hy 'n ander poeier in die vloeistof en dit was weer helder. Toe weer 'n derde poeier en dit was rooi.

'n Christen het opgestaan en gesê: „U het ons verbaas, kameraad professor, met wat u in staat is om te doen. Ons sal graag nog een ding van u vra: Drink 'n bietjie van u wyn." „Dit kan ek nie doen nie," was die antwoord. „Die poeier was gif." Daarop sê die Christen: „Daar het u die hele verskil tussen u en Jesus. Hy, met Sy wyn, het ons tweeduisend jaar lank blydskap gegee terwyl u ons met u wyn vergiftig." Die Christen het in die tronk beland. Die nuus omtrent die voorval het egter baie ver versprei en die geloof versterk.

Ons is swak, klein Dawids maar ons is sterker as die Goliat van ateïsme omdat God aan ons kant is. Die waarheid behoort aan ons.

By een geleentheid het 'n Kommunistiese lektor 'n lesing gegee oor die ateïsme. Al die werkers in die fabriek is aangesê om dit by te woon en onder hierdie werkers was daar baie Christene. Hulle het stil gesit en luister na al die argumente teen God en omtrent die onnoselheid van in Christus te glo. Die spreker het voortgegaan om te bewys dat daar geen geestelike wêreld, geen God, geen Christus, geen hiernamaals was nie; dat die mens slegs materie is

met geen siel nie. Telkens het hy herhaal dat slegs materie bestaan.

Toe staan daar 'n Christen op en vra of hy iets kon sê. Toestemming is verleen. Die Christen het sy voustoel opgetel en op die grond neergesmyt. Hy het 'n paar oomblikke daarna staan en kyk. Toe stap hy na die Kommunistiese lektor en klap hom in die gesig. Laasgenoemde se gesig was bloedrooi van ergernis. Hy het liederlik gevloek en sy mede-Kommuniste aangespoor om die Christen te arresteer. „Hoe durf jy my klap?" wou hy weet. „Waarom doen jy dit?"

„U het so juis bewys dat u 'n leuenaar is," het die Christen geantwoord. „U het gesê dat alles materie is en niks anders nie. Ek het die stoel opgetel en neergesmyt. Dit is waarlik materie. Die stoel het nie kwaad geword nie. Dit is slegs materie. Toe ek u geklap het, het u nie soos die stoel gereageer nie. U het anders gereageer. Materie word nie kwaad of boos nie maar *u* het. U het dus ongelyk, kameraad professor. Die mens is meer as materie. Ons is geestelike wesens!"

Op tallose sulke maniere het gewone Christene van die Ondergrondse Kerk uitvoerige ateïstiese argumente weerlê.

In die tronk het die politieke beampte my bars gevra: „Hoe lank gaan jy volhard in jou verspotte godsdiens?" My antwoord was: „Ek het tallose ateïste op hulle sterfbed dit hoor betreur dat hulle godloos was; hulle het Christus aangeroep. Kan jy jou voorstel dat 'n Christen dit in die aangesig van die dood sou betreur dat hy 'n Christen was en vir Marx of Lenin sou aanroep om hom van sy geloof te red?" Hy het begin lag: „'n Slim antwoord." Ek het vervolg: „Wanneer 'n ingenieur 'n brug gebou het, is die feit dat 'n kat daaroor kan loop, geen bewys dat die brug sterk is nie. Daar moet 'n trein oor gaan om sy sterkte te toets. Die feit dat jy 'n ateïs kan wees wanneer alles voor die wind gaan, is geen bewys van die waarheid van die ateïsme nie. Dit hou geen steek in die oomblikke van groot krisis nie." Ek het die boeke van Lenin as bewys aangevoer dat selfs

nadat hy eersteminister van die Sowjet-Unie geword het, het Lenin gebid wanneer dinge verkeerd geloop het.

Ons is stil en kan rustig wag op die ontwikkeling van gebeurtenisse. Dit is die Kommuniste wat onrustig is en nuwe anti-godsdienstige kampanjes van stapel stuur. Hierdeur bewys hulle wat Augustinus gesê het: „Onrustig is die hart totdat dit in U rus."

WAAROM SELFS KOMMUNISTE GEWIN KAN WORD

As die Ondergrondse Kerk deur u, die vrye Christene, gehelp word, sal dit die harte van die Kommuniste win en die aansig van die wêreld verander. Dit sal hulle win want dit is onnatuurlik om 'n Kommunis te wees. Selfs 'n hond wil graag sy eie been hê. Die harte van Kommuniste rebelleer teen die rol wat hulle moet speel en die onsinnighede wat hulle moet glo.

Wanneer individuele Kommuniste beweer het dat materie alles is, dat ons 'n handvol chemikalieë is wat op 'n bepaalde manier georganiseer is en dat ons na die dood weer slegs sout en minerale sal wees, was dit genoeg om hulle te vra: „Hoe is dit dat Kommuniste in so baie lande hulle lewe vir hulle ideaal gegee het? Besit ,'n handvol chemikalieë' ideale? Kan ,minerale' hulleself ter wille van andere opoffer?" Hierop het hulle geen antwoord nie.

En dan die wreedheid! Mense is nie geskape om wreedaards te wees nie en kan dit nie verdra om lank wreedaards te bly nie. Ons het dit gesien in die ineensakking van Naziheersers van wie sommige selfmoord gepleeg het terwyl ander berou gekry en hulle misdade bely het.

Daar is iets positiefs in die geweldige afmetings van dronkenskap in Kommunistiese lande. Daar is die verlange na 'n wyer lewe wat die Kommunisme nie kan gee nie. Die deursnee Rus is 'n groothartige, edelmoedige persoon. Kommunisme is ondiep en oppervlakkig. Hy soek die diepe lewe en daar hy dit nêrens anders kan vind nie soek hy dit in alkohol. Hy gee in alkoholisme uitdrukking aan sy afsku van die onmenslike en bedrieglike lewe wat hy moet voer.

Vir 'n paar oomblikke maak alkohol hom vry soos die waarheid hom sou vrymaak as hy dit maar net kon weet.

Gedurende die Russiese besetting het ek eenmaal in Boekarest 'n onweerstaanbare drang gevoel om 'n kroeg binne te gaan. Ek het my vrou geroep om my te vergesel. Toe ek binnekom, sien ek 'n Russiese kaptein met 'n geweer in sy hand besig om almal te bedreig terwyl hy aandring op meer drank. Dit was hom geweier omdat hy alreeds baie dronk was. Mense was paniekbevange. Ek het na die eienaar gegaan en hom gevra om die kaptein van drank te voorsien met die belofte dat ek by hom sou gaan sit en sorg dat hy hom stil gedra. Ons is met een bottel wyn na die ander bedien. Daar was drie glase op die tafel. Die kaptein, altyd hoflik, het al drie glase gevul . . . en al drie geledig. Ek en my vrou het nie gedrink nie. Hoewel hy baie dronk was, was hy by sy volle positiewe. Hy was gewoond aan alkohol. Ek het met hom oor Christus gepraat en hy het met onverwagte aandag geluister.

Eindelik het hy gesê: „Noudat u my vertel het wie u is, sal ek u vertel wie *ek* is. Ek is 'n Ortodokse priester wat onder die eerstes was om my geloof te verloën toe die groot vervolging onder Stalin begin het. Ek het van dorp tot dorp gegaan om lesings te gee en te verkondig dat daar geen God is nie en dat ek as 'n priester 'n bedrieër was. ‚Ek is 'n bedrieër en al die ander predikante is bedrieërs,' het ek gesê. Ek het hulle meegedeel dat ek baie gewaardeer geword het vir my ywer en daarom 'n offisier van die geheime polisie geword het. My straf van God was dat ek met hierdie hand Christene moes doodmaak nadat ek hulle gemartel het. En nou drink en drink ek om te vergeet wat ek gedoen het maar dit wil nie werk nie."

Baie Kommuniste pleeg selfmoord. Dit het hulle grootste digters, Essenin en Maiakowski gedoen. Dit het hulle groot skrywer, Fadeew gedoen. Hy het juis sy roman *Geluk* voltooi waarin hy verduidelik het dat geluk bestaan in onvermoeid vir die Kommunisme te werk. Self was hy so gelukkig daarin dat hy homself geskiet het nadat hy sy roman voltooi het. Sy siel het dit te swaar gevind om so 'n groot leuen te dra.

Joffe en Tomkin – groot Kommunistiese leiers en vegters vir die Kommunisme in Tsaritsiese tye – kon nie verdra om te aanskou hoe die Kommunisme daar in werklikheid uitsien nie. Ook hulle einde was selfmoord.

Kommuniste is ongelukkig, selfs hulle grootste diktators. Hoe ongelukkig was Stalin! Nadat hy byna al sy ou kamerade omgebring het, het hy gedurig in vrees verkeer om self vergiftig of vermoor te word. Hy het agt slaapkamers gehad wat soos brandkluise in 'n bank gesluit kon word. Niemand het ooit geweet in watter kamer hy enige gegewe nag geslaap het nie. Hy het nooit geëet tensy die kok eers die kos in sy teenwoordigheid geproe het nie. Die Kommunisme maak niemand gelukkig nie, selfs nie sy diktators nie. Hulle het Christus nodig.

Deur die Kommunisme omver te werp, sou ons nie slegs die slagoffers van die Kommunisme bevry nie maar die Kommuniste self ook.

Die Ondergrondse Kerk verteenwoordig die diepste behoeftes van ons verslaafde volke. Help hierdie kerk!

Die onderskeidende kenmerk van die Ondergrondse Kerk is sy erns in die geloof.

'n Predikant wat homself vermom agter die skuilnaam „George", vertel die volgende voorval in sy boek oor God se Ondergrond:

'n Russiese leërkaptein het na 'n predikant in Hongarye gekom en gevra om hom alleen te sien. Hy was baie jonk en astrant en baie bewus van sy eie rol as oorwinnaar. Hy is na 'n klein spreekkamertjie gebring en nadat die deur toegemaak was, wys hy na 'n kruis teen die muur en sê: „Jy weet dat daardie ding 'n leuen is. Dit is net 'n stuk bedrog wat julle predikante gebruik om die arme mense te mislei en dit vir die rykes makliker te maak om hulle in onkunde te hou. Kom nou, ons is alleen! Erken aan my dat jy nooit werklik geglo het dat Jesus Christus die Seun van God is nie!"

Die predikant het gelimlag. „Maar my arme kêrel, natuurlik glo ek dit. Dit is die waarheid."

„Kyk, moenie hierdie streek by my uithaal nie!" roep die kaptein uit. „Ek is ernstig. Moenie vir my lag nie!"

Hy het sy rewolwer uitgehaal en dit naby die liggaam van die leraar gehou. „As jy nie nou erken dat dit 'n leuen is nie, skiet ek!" het hy gesê.

„Dit kan ek nie erken nie want dit is die waarheid. Onse Heer is regtig en waaragtig die Seun van God," was die predikant se woorde.

Die kaptein het sy rewolwer op die grond gesmyt en die man van God om die hals geval. Trane het in sy oë ontspring.

„Dit *is waar!*" het hy uitgeroep. „*Dit is waar!* Ek glo dit ook maar ek kon nie seker wees dat mense vir hierdie geloof sou sterf nie totdat ek dit vir myself uitgevind het. O, dankie, dankie! U het my geloof versterk. Nou kan ek ook vir Christus sterf. U het my gewys hoe."

Ek weet van ander sulke gevalle. Toe die Russe Roemenië beset het, het twee gewapende Russiese soldate met geweer in die hand 'n kerk binnegegaan en gesê: „Ons glo nie in julle geloof nie. Die van julle wat dit nie dadelik laat vaar nie sal op die plek geskiet word. Die wat hulle geloof laat vaar, kom uit hier na die regterkant!" Sommige het na die regterkant beweeg. Hulle is beveel om die kerk te verlaat en huis toe te gaan. Hulle het gevlug vir hul lewe. Toe die Russe alleen was met die oorblywende Christene het hulle hul omhels en gesê: „Ons is ook Christene maar ons wou graag gemeenskap geniet met diegene wat die waarheid die moeite werd ag om voor te sterwe."

Sulke manne veg vir die Evangelie in ons lande. En hulle veg nie net vir die Evangelie nie. Hulle is ook die vegters vir vryheid.

In die huise van baie Westerse Christene word soms ure lank na wêreldse musiek gluister. In ons huise word ook soms luide musiek gehoor maar dit is slegs om te dien as bedekking vir die gesprekke oor die Evangelie en die ondergrondse werk sodat die bure dit nie kan hoor en die geheime polisie daarvan verwittig nie.

Hoe juig hulle as hulle by 'n seldsame geleentheid 'n ernstige Christen uit die Weste ontmoet!

Hy wat hierdie woorde skrywe, is maar 'n onbeduidende man. Maar ek is die stem van hulle wat stemloos is: van diegene wat gemuilband is en nooit in die Weste verteenwoordig is nie. In hulle naam vra ek groot erns in die geloof en in die hantering van die probleme van die Christelikheid. In hulle naam vra ek u gebede en hulp vir die getroue, lydende Ondergrondse Kerk in Kommunistiese lande.

Ons *sal* die Kommuniste win. Eerstens, omdat God aan ons kant is.

Tweedens, omdat ons boodskap beantwoord aan die diepste behoeftes van die harte.

Kommuniste wat onder die Nazi's in die tronk was, het aan my beken dat hulle in moeilike ure gebid het. Ek het selfs Kommunistiese offisiere sien sterf met die woorde „Jesus, Jesus!" op hulle lippe.

Ons sal win omdat al die kulturele erfenis van ons volk aan ons kant is. Die Russe kan al die geskrifte van moderne Christene verbied maar daar is die boeke van Tolstoi en Dostoiewsji en mense vind die lig van Christus daarin. Dit is die geval met Goethe in Oos-Duitsland, Szienkiewicz in Pole en ander. Die grootste Roemeense skrywer was Sadoweanu. Sy boek, *Die Lewens van Heiliges*, het die Kommuniste gepubliseer onder die titel, *Die Legende van Heiliges.* Maar selfs onder hierdie titel is die lewens van die heiliges 'n inspirasie.

Hulle kan nie afdrukke van Raphael, Michelangelo en Leonardo da Vinci weglaat uit die geskiedenis van die kunste nie. Hierdie prente spreek van Christus.

Wanneer ek met 'n Kommunis oor Christus gesels, is die diepste geestelike behoeftes van sy hart my bondgenote – my helpers. Sy grootste moeilikheid is om nie my argumente te beantwoord nie. Sy groot moeilikheid is om die stem van sy eie gewete tot bedaring te bring want dit is aan my kant.

Ek het professors van die Marxisme persoonlik geken wat, voordat hulle 'n ateïstiese lesing gegee het, eers gebid het dat God hulle daarin moes help! Ek weet van Kommu-

niste wat ver weg na 'n geheime diens gegaan het. Toe hulle uitgevind is, het hulle gelieg dat hulle ooit in 'n ondergrondse diens was nie. Daarna het hulle geween en dit betreur dat hulle die moed gehad het om uit te staan vir die geloof wat hulle gedwing het om die diens by te woon nie. Hulle is ook manne.

En as 'n persoon eers eenmaal geloof gekry het – selfs 'n baie primitiewe geloof – ontwikkel en groei hierdie geloof. Ons is seker dat dit sal oorwin want ons van die Ondergrondse Kerk het dit keer op keer sien oorwin.

Die Kommuniste word deur Christus bemin. Hulle kan en moet vir Christus gewin word. Hulle kan alleen deur die Ondergrondse Kerk agter die Ystergordyn gewin word. Wie verlang om die verlange van die hart van Jesus vir die verlossing van die siele van alle mense te bevredig, behoort die Ondergrondse Kerk in sy werk by te staan. Jesus het gesê: „Verkondig aan die ganse mensdom." Hy het nooit gesê: Stop by die Ystergordyn nie. Getrouheid aan God en aan Sy Groot Opdrag verplig ons om by die Ystergordyn verby te werk – na die een uit elke drie lewendes wat onder die Kommunisme verslaaf is. Ons kan hulle bereik deur saam te werk met die Ondergrondse Kerk wat alreeds daar is!

### OFFISIËLE PASTORS EN PREDIKANTE WAT HULLE NIE LAAT BETEUEL EN DIE SWYE LAAT OPLÊ NIE

Die derde lewensbelangrike deel van die Ondergrondse Kerk is die groot liggaam van getroue pastors in die offisiële maar beteuelde en stilgemaakte „kerke". Die Ondergrondse Kerk is nie iets wat volkome *apart* van die offisiële kerk is nie. In baie Kommunistiese lande, soos Joego-Slawië, Pole en Hongarye, is baie pastors van die offisiële kerke besig om in die geheim in die Ondergrondse Kerk te werk. In sommige lande is die twee deureengevleg. Hierdie pastors word nie toegelaat om buitekant hulle klein eenkamerkerke oor Christus te praat nie. Hulle word nie toegelaat om kinder- of jeugdienste te hou nie. Nie-Christene is bang om te kom. Die pastors mag nie vir siek lidmate in hulle huise

bid nie. Hulle is aan alle kante ingehok deur Kommunistiese regulasies wat hulle „kerke" byna sonder betekenis maak. Hierdie pastors met dwangmaatreëls voor hulle wat van „godsdiensvryheid" 'n bespotting maak, waag dikwels hulle vryheid deur moedig tegelyk 'n geheime bediening uit te oefen wat die Kommunistiese restriksies ignoreer. Hulle preek in die geheim in Christenhuise en kelders. Hulle ontvang en versprei in die geheim Christelike leesstof aan hongerige siele. Hulle waag hulle vryheid deur in die geheim die offisiële beperkings te ignoreer en die hongerige siele om hulle heen te bearbei. Oënskynlik volgsaam en gehoorsaam op die oppervlakte, waag hulle hul lewens deur die Woord van God in die geheim te versprei. Baie sulke manne is onlangs in Rusland ontdek en gearresteer. Hulle het verskeie jare tronkstraf gekry.

Hulle is die lewensbelangrike derde deel van die Ondergrondse Kerk.

Vroeëre predikante, deur die Kommuniste uitgeskop en vervolg; die lekekerk; offisiële pastors wat in die geheim 'n baie groter en uitgebreider bediening uitoefen as wat hulle toegelaat word – al hierdie persone is werksaam in die Ondergrondse Kerk. En die Ondergrondse Kerk sal voortduur totdat die Kommunisme verslaan is. In sommige lande is een deel bedrywiger as 'n ander – maar hulle is almal daar, besig om teen groot risiko vir Christus te werk. 'n Man wat dikwels in Kommunistiese lande reis en baie belang stel in godsdienstige probleme, het teruggekom en geskrywe dat hy nooit enige Ondergrondse Kerk teengekom het nie.

Dit is soos wanneer 'n mens in Midde-Afrika tussen onopgevoede stamme sou reis en by jou terugkoms sou sê: „Ek het deeglik navraag gedoen. Ek het hulle gevra of hulle prosa praat. Almal het gesê hulle praat nie prosa nie." Waarheid is dat hulle almal prosa praat sonder dat hulle weet dat wat hulle praat, prosa is.

Die Christene van die eerste dekades het nie geweet dat hulle Christene was nie. As jy hulle aangaande hulle godsdiens sou uitgevra het, sou hulle geantwoord het dat

hulle Jode was, Israeliete, gelowiges in Jesus as die Messias, broeders, heiliges, kinders van God. Die naam „Christen" is eers baie later deur ander op hulle toegepas, die eerste keer in Antiochië.

Niemand van Luther se volgelinge het geweet dat hulle Lutherane was nie. Luther het self heftig beswaar gemaak teen hierdie benaming.

„Ondergrondse Kerk" is 'n naam wat deur die Kommuniste sowel as deur Westerse navorsers insake die godsdienstige situasie in die Ooste aan 'n geheime organisasie gegee is wat spontaan in alle Kommunistiese lande gevorm is. Die lede van die Ondergrondse Kerk noem nie hulle organisasie by hierdie naam nie. Hulle noem hulleself Christene, gelowiges, kinders van God. Maar hulle doen ondergrondse werk, hulle vergader ondergronds, hulle versprei die Evangelie in heimlike byeenkomste, soms bygewoon deur dieselfde uitlanders wat beweer dat hulle nooit die Ondergrondse Kerk gesien het nie. Dit is 'n baie gepaste naam deur die teenstanders gegee en deur hulle wat van buite met liefde na hierdie wonderlike geheime organisasie kyk.

'n Mens kan jare deur die Weste reis sonder om ooit 'n spioenenet van die Sowjet teen te kom. Dit beteken nie dat hierdie spioenenet nie bestaan nie. Dit is net nie so onnosel om hom aan nuuskierige reisigers te toon nie.

In die volgende hoofstuk haal ek uittreksels aan uit die Sowjet-pers wat die bestaan en toenemende belangrikheid van hierdie moedige Ondergrondse Kerk bewys.

## HOOFSTUK SES

EK HET vertel van ons eie ondervinding in verband met die verspreiding van Christus se boodskap in die geheim in die Sowjet-leër sowel as in Kommunistiese Roemenië.

Ek het 'n beroep op u gedoen om te help om Christus

te verkondig aan die Kommuniste en die volk wat deur hulle verdruk word.

Is my uitdaging „fantasties" en „onuitvoerbaar"?

Is dit realisties?

Bestaan die Ondergrondse Kerk *nou* in Rusland en ander lande? Is ondergrondse werk vandag nog daar moontlik?

Op hierdie vrae kan ons antwoord met baie goeie nuus.

Die Kommuniste is besig om 'n halwe eeu van Kommunistiese heerskappy te herdenk maar hulle oorwinning is 'n neerlaag. Die Christelikheid het gewen – nie die Kommunisme nie. Die Russiese pers wat deeglik deur ons organisasie dopgehou word, is vol inligting in verband met die Ondergrondse Kerk. Vir die eerste keer het die Ondergrondse Kerk so sterk geword dat dit selfs half in die openbaar werk en die Kommuniste laat skrik. Inligting wat ons uit ander oorde bereik, bevestig die verslae van die Kommunistiese pers. Onthou, die Ondergrondse Kerk is soos 'n ysberg! Dit is hoofsaaklik onder die oppervlakte, slegs 'n klein deeltjie steek gewoonlik bo uit.

In hierdie hoofstuk laat ek nou 'n kort versameling van die belangrikste nuusbrokkies volg.

#### DIE TOP VAN DIE YSBERG

Op 7 November 1966 het die Ondergrondse Kerk in Suhumi (Kaukasus) 'n groot diens onder die blou lug gehou. Baie gelowiges het van ander stede gekom om hierdie vergadering by te woon. Aan die einde van die diens het sewe-en-veertig jongmense Christus aangeneem en is hulle op die plek in die Swart See gedoop net soos in Bybeltye. Daar was geen onderrig vooraf nie. Na vyftig jaar van Kommunistiese diktatorskap sonder Bybels of ander Christelike boeke en sonder kweekskole is die predikers van die Ondergrondse Kerk nie opgeleide teoloë nie maar dit was Filippus, die diaken, ook nie. En toe 'n hofdienaar met wie hy miskien slegs 'n uur gepraat het, hom vra: „Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?" was Filippus se antwoord: „As u glo met u hele hart, is dit geoorloof." Hulle

het toe dadelik afgegaan in die water en die bekeerling is gedoop. (vgl. Hand. 8:36-38).

Daar is genoeg water in die Swart See en die Ondergrondse Kerk het weer met die gebruike van die Bybelse tyd begin.

*Uchitelskaia Gazeta* (Die Onderwyserstydskrif) van 23 Augustus 1966 bring die nuus dat in Rostow-op-Don Baptiste wat weier om hulle gemeentes volgens wet te registreer en hulle sogenaamde „leiers" wat deur die Kommuniste aangestel is te gehoorsaam 'n demonstrasie op die strate georganiseer het. Dit was op die eerste Mei. Soos Jesus Sy wonderwerke op die Sabbat verrig het en Sy teenstanders, die Fariseërs getrotseer het, so kies die Ondergrondse Kerk ook die Kommunistiese feesdae om die Kommunistiese wette te trotseer. Die eerste Mei is 'n feesdag waarop die Kommuniste altyd hulle groot demonstrasies het wat almal verplig word om by te woon. Maar hierdie keer het die tweede grootste mag in Rusland – die Ondergrondse Kerk – ook daardie dag op die strate verskyn.

Vyftienduisend gelowiges het opgedaag. Wat hulle gedwing het, was slegs die liefde van God. Hulle het geweet hulle waag hulle vryheid. Hulle het geweet dat verhongering en martelinge vir hulle in die tronk wag.

Elke gelowige in Rusland ken die „Geheime Manifes", gedruk deur die Evangeliese Christene in Barnaul, waarin beskryf word hoe suster Hamara van die dorp Kulunda die tyding ontvang het dat haar man in die tronk oorlede is. Sy was nou 'n weduwee met vier klein kindertjies. Toe sy die lyk van haar man ontvang het, kon sy die merke van die boeie aan sy hande sien. Die hande, vingers en die voete was vreeslik verbrand. Daar was meswonde aan die onderste deel van die maag. Die regtervoet was opgeswel. Op albei voete was daar tekens van slae. Die hele liggaam was vol wonde van 'n vreeslike afranseling.

Elke gelowige wat na die openbare demonstrasie in Rostow-op-Don gekom het, het geweet dat dit ook sy lot kon wees. *Tog het hulle gekom.* Hulle het egter ook geweet dat hierdie martelaar wat net drie maande na sy be-

kering sy lewe vir God afgelê het, begrawe is in die teenwoordigheid van 'n groot skare gelowiges wat plakkate gedra het met die woorde:

„Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins" (Fil. 1:21).

„Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak maar die siel nie kan doodmaak nie" (Matt. 10:28).

„Toe sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die Woord van God" (Open. 6:9).

Die voorbeeld van hierdie martelaar was 'n inspirasie vir hulle in Rostow-op-Don. Hulle het op die straat saamgedrom om 'n klein huisie. Oral was daar mense – sommige op die naburige dakke, ander in die bome soos Saggeüs in die ou dae. Tagtig persone het tot bekering gekom, meestal jongmense. Onder hierdie getal was drie-en-twintig voorheen Komsomols (lede van die Kommunistiese Jeugororganisasie)!

Die gelowiges het dwarsdeur die hele stad geloop na die rivier Don waar die doopplegtigheid plaasgevind het.

Voertuie vol Kommunistiese polisie het opgedaag en die gelowiges op die oewer van die rivier omsingel. Hulle wou die broeders in beheer arresteer. (Hulle kon nie al vyftienhonderd arresteer nie). Die gelowiges het dadelik op hulle knieë geval en ernstig gebid dat God Sy kinders moes beskerm en hulle toelaat om daardie dag hulle diens te hou. Daarop het die broeders en susters skouer aan skouer rondom die leiers gaan staan met die hoop om die polisie te verhinder om hulle te arresteer. Die spanning het groot geword.

*Uchitelskaia* rapporteer dat die „onwettige" Baptiste-organisasie in Rostow 'n ondergrondse drukkery besit. (In Rusland sluit die woord „Baptis" Evangeliegesindes en Pinkstermense in.) Daar word publikasies gedruk waarin die jeug gemaan word om uit te staan vir hulle geloof. In een van hierdie publikasies word Christenouers gevra om iets te doen (wat ek ook dink is 'n baie goeie ding), naamlik „om hulle kinders na begrafnisse te neem sodat hulle kan leer om hulle nie oor verbygaande dinge te kwel

nie." Ouers word ook gevra om hulle kinders 'n Christelike opvoeding te gee as 'n teengif teen die ateïsme waarmee hulle in die Kommunistiese skole vergiftig word.

*Uchitelskaia Gazeta* sluit sy artikel af met die vraag: „Waarom meng onderwysers so bangerig in die lewens van gesinne waarin kinders (deur godsdiens) *geïdiotiseer* word?"

Hierdie „Onderwysers-Tydskrif" gee ook 'n beskrywing van wat gebeur het by die verhoor van die ondergrondse werkers wat in die geheim gedoop het.

„Die jeugdige gelowiges was uitdagend en minagtend teenoor die Kommunistiese hof. Hulle het kwaad en dweepsugtig gereageer. Jong vroulike toeskouers het die *verweerders* met bewondering aangekyk en die ateïstiese publiek met afkeer."

Lede van die Ondergrondse Kerk het hulle aan slae en gevangenskap blootgestel deur voor die Kommunistiese Party se hoofkwartier in Rusland te betoog om meer vryheid.

Ons besit 'n geheime dokument deur die „onwettige" Komitee van die Evangeliese Baptistekerke van die Sowjet-Unie soos in teenstelling met die Kommuniste beheerde „Baptiste-Unie" onder leiding van die verraaier Karew, wat die mensliewendheid roem van die Kommunistiese massamoordenaars van Christene en die „vryheid" wat daar heers, ophemel. Die dokument is deur geheime kanale na die Weste gesmokkel. Daarin lees ons van 'n ander heldhaftige publieke demonstrasie in Moskou self. Ek vertaal uit hierdie manifes:

„*Dringende kommunikasie.*

„Geliefde Broeders en Susters, Genade vir u en vrede van God onse Vader en onse Here Jesus Christus.

„Ons haas ons om u mee te deel dat die afvaardiging van die kerke van Evangeliese Baptiste-Christene, vyfhonderd in getal wat op 16 Mei 1966 na Moskou gereis het om die sentrale bewindhebbers te ontmoet, na die gebou van die Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party van die U.S.S.R. gegaan het met die versoek om ontvang en aangehoor te word.

„Ons het 'n petisie aangebied, geadresseer aan die algemene sekretaris, Brezjnew."

Verder heet dit in die manifes dat hierdie vyfhonderd man die hele dag voor die gebou gestaan het. Dit was die eerste demonstrasie in Moskou teen die Kommunisme en dit is op tou gesit deur die afvaardiging van die Ondergrondse Kerk. Aan die einde van die dag het hulle 'n tweede petisie aan Brezjnew geadresseer, ingehandig en daarin gekla dat 'n sekere „kameraad" Stronganow geweier het om hulle versoek aan Brezjnew voor te lê en hulle gedreig het.

Die vyfhonderd afgevaardigdes het die hele nag op die strate gebly. Motors het by hulle verbygery om hulle met modder en vuilis te bespat en hulle is beledig. Hoewel dit gereent het en hulle so behandel is, het hulle tot die oggend voor die gebou van die Kommunistiese Party gebly!

Die volgende dag is aan hulle voorgestel dat die vyfhonderd broeders 'n gebou moes binnegaan om 'n aantal mindere Kommunistiese beamptes te ontmoet maar „wetende dat gelowiges wat die outoriteite besoek het dikwels geslaan is wanneer hulle 'n gebou binnegegaan het waar daar geen getuies was nie het die afvaardiging eenparig geweier en steeds gewag om deur Brezjnew te woord gestaan te word."

Toe gebeur die onvermydelike.

Om 1.45 nm. het agt-en-twintig busse daar aangekom en het die wrede wraakoefening teen die gelowiges begin. „Ons het 'n kring gevorm, mekaar se hande geneem en die lied gesing: *‚Die beste dae van ons lewe is die dae wanneer ons 'n kruis kan dra.'* Die manne van die geheime polisie het ons begin slaan, die jonges en die oues. Hulle het manne uit die kring getrek en hulle in die gesig en op die kop geslaan en hulle op die teerstraat neergegooi. Hulle het van die broeders aan die hare na die busse gesleep. Sommige wat probeer het om weg te kom, is geslaan totdat hulle hul bewussyn verloor het. Toe die busse vol gelowiges was, is hulle na 'n onbekende plek weggeneem. Uit die geheimepolisiebusse kon die liedere van ons broeders en susters

gehoor word. Dit het alles voor die oë van 'n groot menigte mense plaasgevind."

En hier volg nou iets wat baie mooier is. Nadat die vyfhonderd gearresteer en gewis gemartel is, het broeder G. Bins en broeder Horew (die ware herder van Christus se kudde) nog die moed gehad om na dieselfde Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party te gaan (net soos Jesus na die gevangeneming van Johannes die Doper Sy openbare prediking begin het op dieselfde plek en met dieselfde woorde waarvoor Johannes die Doper gely het: „Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele het naby gekom").

Bins en Horew het gevra waar die gearresteerde afgevaardigdes was en hulle loslating geëis. Hierdie twee moedige broeders het eenvoudig verdwyn. Later is tyding ontvang dat hulle in die tronk van Lefortowskaia gewerp is.

Was hierdie Christene van die Ondergrondse Kerk bang? O nee! Ander het dadelik weer hulle vryheid gewaag en die manifes gepubliseer wat ons hier voor ons het en waarin die verhaal voorkom van wat gebeur het en verklaar word dat dit aan hulle „*genadiglik gegee is om nie alleen in Christus te glo nie maar ook vir Hom te ly*" (Fil. 1:29). Hulle vermaan die broeders dat „niemand verontrus mag word onder hierdie verdrukkinge nie want julle weet self dat ons hiervoor bestemd is" (vgl. 1 Thess. 3:3). Hulle haal ook Hebreërs 12:2 aan en spoor die gelowiges aan om op te kyk na „Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is die kruis verdra het en die skande verag het."

Die Ondergrondse Kerk het openlik die ateïstiese vergifting van die jeug in Rostow en in Moskou en dwarsoor Rusland geopponeer. Hulle veg teen die Kommunistiese gif en teen die verraderlike leiers van die offisiële kerk waaromtrent hulle in een van hulle geheime manifeste skryf: „In ons dae dikteer die Satan en ‚die kerk' aanvaar al die besluite wat strydig is met die bevele van God." (Aangehaal in *Pravda Ukraini* van 4 Oktober 1966).

*Pravda Vostoka* het die verhoor gepubliseer van die broe-

ders Alexei Neverow, Moris Garmasjow en Axen Zubow wat groepe georganiseer het om na die radio-uitsendings van die Evangelie uit Amerika te luister. Hulle het hierdie boodskappe op band opgeneem, wat hulle daarna gesirkuleer het.

Hulle is ook daarvan aangekla dat hulle geheime Evangeliese dienste georganiseer het in die vorm van „uitstappies" en „kunskringe". So werk die Ondergrondse Kerk – net soos die Vroeë Kerk in die katakombes van Rome gewerk het.

*Sovietscaia Moldavia* van 15 September 1966 kla ook dat die Ondergrondse Kerk boekies met die mimeograaf kopieër. Hulle kom in openbare plekke byeen hoewel dit deur die wet verbied is en gaan van die een plek na die ander om vir Christus te getuig.

Hierdie selfde nuusblad vertel dat drie jong seuns en vier meisies in die trein van Reni na Chisinau 'n Christelike lied gesing het: „Kom ons wy ons jeug aan Christus." Die verslaggewer sê dit het hom gewalg want hierdie gelowiges preek „op die strate, in die stasies, in treine, busse en selfs in staatsinrigtings." Dit is weer die Ondergrondse Kerk aan die werk in Rusland vandag.

Een van hulle leiers, Gladsjewiki, het in die hof verskyn. Die broeders, gelei deur die „fanatikus" Madan, het gekom en in die hof gesing!

Op 1 Mei het die Christene van die dorpe Copceag en Zaharowka by gebrek aan kerke 'n geheime diens in die bos georganiseer. Hulle organiseer ook dienste onder die voorwendsel dat dit 'n verjaarsdagparty is. (Baie Christenfamilies met vier of vyf lede mag soveel as vyf-en-dertig verjaarsdae in een jaar hê as 'n dekmantel vir geheime dienste.) Geen tronk en geen marteling kan die Christene van die Ondergrondse Kerk bang maak nie. Net soos die geval met die Vroeë Kerk, verdiep die vervolging slegs hulle toegewydheid.

*Pravda Ukraini* van 4 Oktober 1966 het gesê dat broeder Prokofiew (een van die leiers van die Ondergrondse Kerk in Rusland) reeds drie maal in die tronk was maar die

oomblik wanneer hy losgelaat word, begin hy weer geheime Sondagskole organiseer. Nou is hy al weer gearresteer.

In 'n geheime manifes het hy geskrywe: „Deur sig aan die menslike regulasies (hy bedoel die Kommunistiese wette) te onderwerp, het die offisiële kerk die seën van God verbeur."

En wanneer u hoor van die tronkstraf van 'n Russiese broeder stel u tog nooit 'n tronk voor soos in die Weste nie. 'n Tronk in Rusland beteken *verhongering, marteling en breinspoeling*.

*Nauka i Religia* (Wetenskap en Godsdiens) No. 9 van 1966 rapporteer dat die Christene Evangeliese leesstof versprei binne-in die bande van *Ogoniok* – 'n tydskrif soos *Look* of *Time*. Hulle gee boeke uit op die buiteband waarvan te sien is *Anna Karenina*, 'n roman deur Leo Tolstoi. In die binnekant is daar 'n gedeelte van die Bybel.

Hulle sing liedere. Die wysie is „Die Kommunis Internasionaal" maar die woorde is „Prys Christus!" (*Kazakstanskaia Pravda*, 30/6/66).

In 'n geheime brief uit Kulanda (Siberië) sê die Christene dat die offisiële leierskap van die „Baptiste" „die kerk en sy ware dienaars in die wêreld vernietig het op dieselfde manier as die hoëpriesters, Skrifgeleerdes en Fariseërs wat Jesus Christus aan Pilatus oorgelewer het." Maar die getroue Ondergrondse Kerk werk voort! Die bruid van Christus volhard om Hom te dien. Die Kommuniste erken selfs dat ek gelyk het wanneer ek beweer dat die Ondergrondse Kerk Kommuniste vir Christus win. Hulle *kan* gewin word!

*Bakinskii Rabocii* (Die Werker van Baku) van 27 April 1966 het 'n brief gereproduseer van Tania Ciugunowa ('n lid van die Kommunistiese Jeugliga) wat vir Christus gewin is. Die Kommunistiese outoriteite het op die brief beslag gelê. Dit lees:

„Liewe tant Nadia, Ek stuur vir u seëninge van ons dierbare Heer. Tant Nadia, *hoe lief het Hy my!* Ons is niks voor Hom nie. Tant Nadia, ek glo dat u hierdie woorde verstaan: ‚Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat julle vervloek,

doen goed aan die wat julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg!'"

Nadat hierdie brief gekonfiskeer was, moes Peter Serebrennikow, die broeder wat haar en baie ander jong Kommuniste na Christus gelei het, tronk toe gaan. Die Kommunistiese nuusblad haal uit een van sy preke aan: „Ons moet in ons Verlosser glo soos die eerste Christene gedoen het. Vir ons is die hoogste wet die Bybel. Ons erken niks anders nie. Ons moet ons haas om mense van die sonde te red, veral die jeug." Toe hy daarop gewys is dat die Sowjet se wette dit verbied om die Jeug van Christus te vertel, was sy antwoord: „Vir ons is die Bybel die enigste wet" – 'n baie normale antwoord waar 'n wrede ateïstiese diktatorskap die land regeer.

Dan beskryf die Kommunistiese nuusblad 'n „barbaarse" toneel: „Jong seuns en meisies sing geestelike liedere. Hulle ontvang die rituele doop en volg die bose, verraderlike leer van liefde vir jou vyande."

*Bakinskii Rabocii* sê dat baie jong seuns en meisies wat lede is van die Kommunistiese Jeugliga in werklikheid Christene is! Dit sluit die artikel af met die woorde: „Hoe magteloos moet die Kommunistiese skool wees, hoe vervelend en van lig beroof . . . dat die pastors in staat is om sy dissipels onder die neus van hulle onverskillige opvoeders weg te gryp!"

*Kazakstanskaia Prawda* van 30 Junie 1966 is met afgryse vervul om te ontdek dat die beste leerling met die beste prestasies 'n Christenseun was.

*Kirgizskaia Prawda* van 17 Januarie 1966 haal 'n ondergrondse Christelike blaadjie aan moeders aan: „Laat ons ons kragte en gebede saamspan om die lewens van ons kinders aan God toe te wy van die oomblik dat hulle in die wieg kom! . . . Laat ons ons kinders red van die invloed van die wêreld!"

Hierdie pogings is met sukses bekroon! Die Kommunistiese nuusblaaie getuig daarvan! Die Christelikheid gaan vooruit onder die jeug!

*Sovietskaia Justitia*, (No. 9 van 1966) 'n nuusblad van

Celiabinsk, Rusland, vertel hoe Nina, 'n lid van die Kommunistiese Jeugliga, 'n Christen geword het deur na 'n geheime diens van Christene te gaan. Die blad gee 'n beskrywing van so 'n Ondergrondse Diens. „Dit word om middernag gehou. Verborge, lugtig selfs vir hulle eie skaduwee het mense van verskillende dele gekom en die donker kamer met baie lae plafon gevul. Daar was so baie dat daar geen plek was om te kniel nie. Weens die gebrek aan lug het die primitiewe gaslamp doodgegaan. Sweet het van die gesigte van die aanwesiges afgeloop. Op straat was een van die kinders van die Heer op die uitkyk vir die polisie."

Maar Nina het gesê dat sy in so 'n byeenkoms met omhelsings, warmte en sorg verwelkom is. „Hulle het (soos ek ook nou het) 'n groot en verligtende geloof gehad – 'n geloof in God. Hy neem ons in Sy beskerming. Laat die Komsomols wat my ken by my verbygaan sonder om my te groet! Laat hulle my met veragting aankyk en my as 'n ‚Baptis' uitskel, asof hulle my 'n klap gee! Laat hulle dit doen! Ek het hulle nie nodig nie."

So het baie ander jong Kommuniste soos sy besluit om Christus tot die end toe te dien.

*Kazakhstanskaia Pravda* van 18 Augustus 1967 beskryf die verhoor van die broeders Klassen, Bondar en Teleghin. Dit word nie vermeld watter vonnis hulle opgelê is nie, maar hulle misdaad word aangekondig: Hulle het hulle kinders van Christus vertel.

*Sovietskaia Kirghizia* van 15 Junie 1967 kla dat die Christene „die toediening van administratiewe middele teen hulleself uittart." Gevolglik het die onskuldige Kommunistiese outoriteite wat gedurig uitgetart word om Christene te arresteer (uitgetart deur hierdie Christene self wat nie tevrede is om vry te bly nie) 'n ander groep gearresteer. Hulle misdaad was dat hulle in besit was van 'n onwettige drukpers met vyftien hektograwe en ses boekbindersmasjiene waarop hulle Christelike lektuur gedruk het.

*Pravda* van 21 Februarie 1968 rapporteer dat daar aan

die lig gekom het dat duisende vroue en meisies gordels en linte gedra het met Bybeltekste en gebede daarop gedruk. Die outoriteite het ondersoek ingestel en gevind dat die persoon wat hierdie nuwe mode (wat ek ook by die Weste kan aanbeveel) op tou gesit het, niemand anders was as 'n Christenlid van die Kommunistiese polisie nie, naamlik broeder Stasiuk van Liubertz. Die nuusblad kondig sy arrestasie aan.

*Kazakstanskaia Prawda* van 18 Januarie 1966 verhaal dat by 'n verhoor van Pinkster-Christene, toe die vonnis gevel is vir die misdaad van Christelike liedere in die openbaar te sing, die veroordeeldes op hulle knieë geval en gesê het: „Ons gee ons oor in die hande van God. Ons dank U, o Heer, dat U ons toegelaat het om vir die geloof te ly." Op daardie oomblik het die gelowiges in die gehoor dieselfde lied gesing waarvoor hulle broeders so pas veroordeel was tot tronkstraf en marteling.

Die antwoorde wat Christene van die Ondergrondse Kerk gee wanneer hulle voor Kommunistiese howe gebring word, is Goddelik geïnspireerd. Een regter het gevra: „Waarom trek julle mense aan na julle verbode sekte?" 'n Christensuster se antwoord was: „Ons doel is om die *hele wêreld* vir Christus te win."

„Julle godsdiens is anti-wetenskaplik," het die regter by 'n ander verhoor gesê, waarop die beskuldigde meisie, 'n student geantwoord het: „Ken u meer wetenskap as Einstein, as Newton? Hulle was gelowiges. Ons heelal dra Einstein se naam. Op skool het ek geleer dat dit die Einsteinse Heelal heet. Einstein het geskrywe: ‚As ons die Judaïsme van die profete en die Christelikheid soos Jesus dit geleer het, sou reinig van wat daarna gekom het, veral van die priesterbeleid, sou ons 'n godsdiens hê wat die wêreld van alle sosiale euwels kan red. Dit is die heilige plig van elke mens om sy bes te doen om hierdie godsdiens tot oorwinning te voer.' En dink aan ons groot fisioloog, Pawlow! Sê ons boeke nie dat hy 'n Christen was nie? Selfs Marx sê in sy voorwoord tot *Das Kapital*: ‚Die Christelikheid, veral in sy Protestantse vorm, is die ideale godsdiens

om karakters wat deur die sonde verwoes is, oor te maak.' Ek het 'n karakter gehad wat deur die sonde verwoes was. Marx het my geleer om 'n Christen te word ten einde dit oor te maak. Hoe kan u, Marxiste, my hieroor veroordeel?"

Dit is maklik om te verstaan waarom die regter geswyg het.

Op dieselfde beskuldiging naamlik dat hy 'n anti-wetenskaplike godsdiens beoefen het, het 'n Christen in die hof geantwoord: „Ek is seker, meneer die Regter, dat u nie so 'n groot wetenskaplike is as Simpson, die uitvinder van chloroform en baie ander medisynes nie. Toe aan hom gevra is wat hy as sy grootste ontdekking beskou, was sy antwoord: ,Dit was nie chloroform nie. My grootste ontdekking was om te weet dat ek 'n sondaar is en dat ek gered kon word deur die genade van God'."

Die lewe, die selfopoffering, die bloed wat hulle gereed is om vir hulle geloof te stort, is die grootste argument vir die Christelikheid wat die Ondergrondse Kerk aanbied. Dit vorm wat die vermaarde sendeling in Afrika, Albert Schweitzer genoem het, „die heilige gemeenskap van hulle wat die merk van pyn dra," die gemeenskap waaraan Jesus, die Man van Smarte, behoort het. Die Ondergrondse Kerk is verenig deur 'n band van liefde vir die Heiland. Dieselfde band verenig die lede van die kerk met mekaar. Niemand in die wêreld kan hulle verslaan nie.

In 'n brief wat in die geheim uitgesmokkel is, sê die Ondergrondse Kerk: *„Ons bid nie om beter Christene te wees nie maar dat ons die enigste soort Christene mag wees wat God wil hê dat ons moet wees: Christusgelykvormige Christene, dit is, Christene wat gewilliglik die kruis tot eer van God dra."*

Met die versigtigheid van slange, volgens die leer van Jesus, weier die Christene om op vrae en voor die hof te sê wie hulle leiers is.

*Prawda Vostoka* (Die Waarheid van die Ooste) van 15 Januarie 1966 vertel hoe die verweerder, Maria Sevciuk op die vraag wie haar na Christus gelei het, geantwoord het: „God het my in Sy gemeente getrek." Op die vraag:

„Wie is julle leier?" het 'n ander geantwoord: „Ons het geen menslike leier nie."

Hoewel die top van die „ysberg" op sommige plekke sigbaar is, beoefen Christene op ander plekke selfdoop om die arrestasie van hulle leiers te voorkom. Op sommige plekke vind die doop in 'n rivier plaas terwyl die doper en die dopeling albei maskers dra sodat niemand hulle kan fotografeer nie.

*Uchitelskaia Gazeta* van 30 Januarie 1964 vertel van 'n ateïstiese lesing in die dorp Voronin van die distrik Volnecino-Korskii. Die oomblik toe die spreker afgesluit het, het die gelowiges openlik die ateïstiese leringe begin aanval deur middel van vrae wat die ateïstiese lektor nie kon beantwoord nie. „Waarvandaan," het hulle gevra, „kry julle Kommuniste die morele beginsels wat julle verkondig maar nie gehoorsaam nie – soos, moenie steel nie en moenie doodslaan nie?" Die Christene het die lektor getoon dat elke beginsel van daardie aard uit die Bybel kom waarteen die Kommuniste veg. Die lektor was totaal in die war en die lesing het geëindig met 'n oorwinning vir die gelowiges.

### DIE VERVOLGING VAN DIE ONDERGRONDSE KERK NEEM TOE

Die Christen van die Ondergrondse Kerk ly vandag meer as ooit tevore. Alle godsdienste in Rusland word vervolg. Vir Christene is dit hartverskeurend om van die verdrukking van die Jode in Kommunistiese lande te verneem maar die vernaamste skyf van vervolging is die Ondergrondse Kerk. Die Sowjet-pers rapporteer 'n golf van massa-arrestasies en verhore. In een plek is twee-en-tagtig Christene in 'n gestig vir kranksinniges geplaas. Vier-en-twintig is na 'n paar dae dood weens „verlengde gebed!" Van wanneer af maak verlengde gebed dood? Kan u u voorstel wat hulle deurgemaak het?

Die ergste lyding wat hulle moet ondergaan, as gevind word dat hulle hul kinders van Christus vertel, is dat hulle kinders van hulle weggeneem word vir altyd – en hulle geen besoekregte het nie!

Die Sowjet-Unie was mede-ondertekenaar van die Verenigde Volke se verklaring „teen diskriminasie op die gebied van die opvoeding" wat stipuleer: „Ouers moet die reg hê om die godsdienstige en morele opvoeding van die kinders te verseker volgens hulle eie oortuigings". Verraaier Karew, leier van die offisiële Baptiste-Unie van die Sowjet-Unie, verseker sy lesers in 'n artikel dat hierdie reg in Rusland 'n werklikheid is – en sy liggelowige dupes glo hom! Nou luister wat sê die Sowjet-pers.

*Sowjetskais Russia* van 4 Junie 1963 vertel hoedat ses kinders van die Baptis Markrinkowa weggeneem is omdat sy hulle die Christelike geloof geleer het en hulle verbied het om die Pionierdas te dra. Toe sy die vonnis gehoor het, was al wat sy gesê het: „Ek ly vir die geloof." Sy moet betaal vir die losies van die kinders wat van haar weggeneem is. Hulle word nou vergiftig met ateïsme. Christenmoeders, dink aan haar smart!

*Ucitelskaia Gazeta* vertel ons dat dieselfde ding met Ignatii Mullin en sy vrou gebeur het. Die regter het geëis dat hulle afstand doen van hulle geloof. Hy het gesê: „Kies tussen God en julle dogter. Kies julle God?" Die vader se antwoord was: „Ek sal my geloof nie opgee nie."

Paulus sê: „Ons weet dat . . . alles ten goede meewerk . . ." (Rom. 8:28). Ek het gesien dat sulke kinders wat as Christene opgevoed was van hulle ouers weggeneem en in Kommunistiese skole geplaas is. In plaas van deur die Kommunisme vergiftig te word, het hulle die geloof wat hulle tuis geleer het na die ander kinders versprei!

Die Bybel sê dat wie sy kinders liewer het as vir Jesus Hom nie werd is nie. Hierdie woorde het betekenis agter die Ystergordyn. Probeer om 'n week te lewe sonder om u kinders te sien! Dan sal u weet wat die lyding van ons broeders in Rusland is.

Om Christene hulle ouerlike regte te ontneem duur selfs vandag nog voort. Die heel jongste feite wat ons uit die Sowjet-pers self kan bewys, het te doen met mev. Sitsj wie se seun Vsetsjeslaw, volgens *Znamia Iunosti* van 29 Maart

1967, van haar weggeneem is eenvoudig omdat sy hom in die vrees van die Here opgevoed het; en ook mev. Zabawina van Habarowsk wat haar kleindogter Tania, 'n wees, moes afgee omdat sy haar 'n Christelike „onnatuurlike opvoeding" gegee het. (*Sovietskaia Rossia* van 13 Jan. 1968).

Dit sou onbillik wees om slegs van die Protestantse Ondergrondse Kerk te praat. Die Ortodokse Christene in Rusland is totaal veranderd. Miljoene van hulle het deur die tronke gegaan. Daar het hulle geen krale, geen kruisbeelde, geen heilige beelde, geen wierook, geen kerse gehad nie. Die leke was in die tronk sonder 'n geordende priester. Die priesters het geen togas, geen koringbrood, geen wyn om te wy, geen heilige olie, geen boeke met bereide gebede om te lees gehad nie. En hulle het uitgevind dat hulle sonder al hierdie dinge kon klaarkom deur in die gebed direk tot God te gaan. Hulle het begin bid en God het Sy Gees op hulle begin uitstort. 'n Egte, geestelike ontwaking, baie ooreenstemmend met die fundamentele Christelikheid is aan die gang onder die Ortodokse Christene in Rusland.

So gebeur dit dat in Rusland sowel as in die satellietlande daar 'n Ortodokse Ondergrondse Kerk is wat in werklikheid evangelies, fundamenteel en baie naby God is en slegs deur die krag van die gewoonte 'n klein bietjie van die Ortodokse rituaal behou. Hierdie Ortodokse Ondergrond het ook sy groot martelare gelewer. Wie kan sê waar die bejaarde aartsbiskop Wermogen van Kaluga hom nou bevind? Hy het dit gewaag om te protesteer teen die verraderlike samewerking tussen die Patriargaat en die godlose Kommunistiese regering.

Vyftig jaar van Kommunistiese heerskappy! En die Russiese pers is vol van die triomf van die Ondergrondse Kerk. Dit gaan deur onuitspreeklike ontberings maar het getrou gebly . . . en dit groei!

Ons in Roemenië het die saad gesaai deur ons geheime werk in die Russiese leër. Andere het dit in Rusland self en in ander lande deur die Russe binnegeval ook gedoen. Die saad het vrug afgewerp. Die Kommunistiese wêreld

kan vir Christus gewin word. Kommuniste kan Christene word. Dit kan ook gebeur met die wat deur hulle verdruk word as ons hulle maar net wil help.

Die bewys dat ek gelyk het, is die feit dat die Ondergrondse Kerk in die Sowjet-Unie, in China en in byna alle Kommunistiese lande floreer. Om die skoonheid van ons mede-Christene onder vreeslike omstandighede te toon, laat ek hier 'n paar briewe uit Rusland volg – die laastes uit Russiese tronke.

### HOE VARIA, 'N KOMMUNISTIESE MEISIE, CHRISTUS VIND, VIR HOM GETUIG EN 'N SLAWEARBEIDSTER WORD

Die eerste drie briewe is van Maria, die Christenmesie wat vir Varia na Christus gelei het.

*Eerste brief*

... Ek bly nog altyd hier. Ek word baie bemin. Ek word ook bemin deur 'n lid van die sel van die Komsomol (die Kommunistiese Jeugliga). Sy het vir my gesê: „Ek kan nie verstaan watter soort mens jy is nie. Hier is so baie wat jou beledig en seermaak en tog het jy almal lief." Ek het haar meegedeel dat God gesê het ons moet almal liefhê, nie net ons vriende nie maar ook ons vyande. Hierdie meisie het my voorheen baie kwaad aangedoen maar ek het met besondere besorgdheid vir haar gebid. Toe sy my vra of ek haar ook kon liefhê, het ek haar omhels en het ons albei begin huil. Nou bid ons saam.

Bid tog asseblief vir haar. Haar naam is Varia.

Wanneer 'n mens luister na die wat God luidrugtig loën, skyn dit of hulle dit regtig bedoel. Maar die lewe toon dat baie van hulle, al vloek hulle God met die mond, 'n groot verlange in hulle harte het. En 'n mens hoor die gekreun van die hart ... Hierdie mense soek iets en wil graag hulle innerlike leegheid met hulle godloosheid bedek.

U suster in Christus, Maria.

*Tweede brief*

In my vorige brief het ek u van die ateïstiese meisie, Varia, vertel. Nou haas ek my, geliefdes, om u van ons groot blydskap te vertel: Varia het Christus as haar persoonlike Verlosser aangeneem en openlik voor almal daarvan getuig.

Toe sy tot geloof in Christus gekom en die vreugde van verlossing geken het, het sy terselfdertyd baie ongelukkig gevoel. Sy was ongelukkig omdat sy vroeër verkondig het dat daar geen God was nie. Nou het sy besluit om boete te doen vir haar sonde.

Ons het saam met Varia na die vergadering van die godloses gegaan. Hoewel ek haar gewaarsku het om versigtig te wees, was dit tevergeefs. Varia het gegaan en ek het saam met haar gegaan om te sien wat gebeur. Na die gesamentlike sang van die Kommunistiese lied (waaraan Varia nie deelgeneem het nie) het sy verlof gevra om te praat. Toe sy aan die beurt kom, het sy voor die hele gehoor gaan staan. Moedig en met diep gevoel het sy voor hulle van Christus as haar Verlosser getuig en haar vroeëre kamerade gevra om haar te vergewe dat haar geestelike oë tot dan toe nog toe was en dat sy nie gesien het dat sy self op pad was na die verderf en besig was om ander daarheen saam te sleep nie. Sy het hulle gesmeek om die weg van die sonde te verlaat en na Christus te kom.

Almal het doodstil gesit en niemand het haar in die rede geval nie. Toe sy klaar was met praat, het sy met haar pragtige stem die hele Christelike lied gesing: „Ek skaam my nie om die Christus te verkondig wat gesterf het en om Sy gebooie en die mag van Sy kruis te verdedig nie."

En daarna . . . daarna het hulle ons Varia weggeneem.

Dit is vandag die negende Mei. Ons weet niks van haar nie. Maar God is magtig om haar te red. Bid!

U Maria.

*Derde brief*

Gister, die tweede Augustus het ek met ons geliefde Varia 'n gesprek in die tronk gehad. My hart bloei as ek aan haar dink. Trouens, sy is maar nog 'n kind, slegs negentien jaar oud. As 'n gelowige in die Heer is sy ook maar 'n geestelike baba maar sy het die Heer lief met haar hele hart en het onmiddellik die moeilike weg gevolg. Die arme kind is so honger. Toe ons hoor dat sy in die tronk is, het ons vir haar pakkies gestuur. Sy het egter maar min ontvang van wat ons gestuur het. Toe ek haar gister gesien het, was sy maer, bleek en geslaan. Slegs die oë het geskitter met die vrede van God en met 'n onaardse blydskap.

Ja, geliefdes, die wat nie die wonderlike vrede van Christus ondervind het nie kan dit nie verstaan nie . . . Maar hoe gelukkig is hulle wat hierdie vrede besit! Geen lyding en frustrasie behoort ons wat in Christus is, te keer nie . . .

Deur die ystertralies het ek haar gevra: „Varia, is jy nie jammer oor wat jy gedoen het nie?" „Nee," was haar antwoord. „As hulle my sou vrylaat, sou ek weer gaan en vir hulle die groot liefde van Christus verkondig. Moenie dink dat ek ly nie. Ek is baie bly dat die Heer my so liefhet en my die vreugde gee om vir Sy Naam te verduur."

Ek versoek u om spesiaal uit u hart vir haar te bid. Waarskynlik sal sy na Siberië gestuur word. Hulle het haar klere en al haar goed van haar weggeneem, alles behalwe wat sy aan haar lyf gehad het. Sy het geen familiebetrekkinge nie en ons moet die noodsaaklikste dinge vir haar kollekteer. Ek het die laaste bedrag wat u my gestuur het, opsy gesit. As Varia gedeporteer word, sal ek dit aan haar gee. Ek glo dat God haar sal versterk en haar die krag sal gee om in die toekoms ook uit te hou. Mag God haar bewaar!

U Maria.

*Vierde brief*

Liewe Maria, Eindelik is ek in staat om aan jou te skrywe. Ons het veilig by . . . aangekom. Ons kamp is tien myl van

die dorp af. Ek kan nie ons lewe beskryf nie. Jy ken dit. Ek wil net graag iets oor myself skryf. Ek dank God dat Hy my gesondheid gee en dat ek liggaamlik kan werk. Ek en suster X is aan die werk gesit in die werkswinkel. Ons werk daar met masjiene. Die werk is moeilik en suster X se gesondheid is sleg. Ek moet vir ons albei werk. Ek maak eers my werk klaar en dan help ek my suster. Ons kos is net soos joue, baie skraal. Ons werk van twaalf tot dertien uur per dag. Maar dit is nie wat ek aan jou wou skrywe nie.

My hart loof en dank God dat Hy my deur jou die weg van die saligheid getoon het. Noudat ek op hierdie weg is, is daar 'n doel in my lewe en weet ek waarheen om te gaan en vir wie ek ly. Ek voel die begeerte om te getuig en aan almal te vertel van die groot blydskap van verlossing wat ek in my hart het. Wie kan ons skei van die liefde van God in Christus? Niemand en niks nie; geen tronk en geen lyding nie. Die lyding wat God ons stuur, versterk ons net meer en meer in die geloof in Hom. My hart is so vol dat die genade van God oorloop. By die werk vloek en straf hulle my en gee my ekstra werk omdat ek nie kan stilbly nie maar aan almal moet vertel wat die Heer vir my gedoen het. Hy het van my 'n nuwe wese gemaak, 'n nuwe skepsel – van my wat op pad was na die verderf. Kan ek stilbly na so iets? Nee, nooit! Solank as wat my lippe kan praat, sal ek voor almal van Sy groot liefde getuig.

Op pad na die kamp het ons baie broeders en susters in Christus teengekom. Hoe verbasend is dit dat 'n mens, wanneer jy die broeders en susters die eerste keer sien deur die Gees voel dat hulle kinders van God is. Dis onnodig om te praat. Jy voel en weet sommer uit die staanspoor wie hulle is.

Onderweg na die kamp het 'n vrou by een spoorwegstasie gekom en vir ons kos gebring. Sy het net twee woorde gesê: „God leef."

Die eerste aand toe ons hier aankom (dit was laat), is ons na ondergrondse barakke geneem. Ons het die aanwesiges begroet met: „Vrede vir julle!" Tot ons groot vreugde kom daar uit alle hoeke die antwoord: „Ons

ontvang julle met vrede." En van die eerste aand het ons gevoel ons was deel van 'n familie.

Ja, dit was werklik die geval. Ons is baie hier wat in Christus glo as ons persoonlike Verlosser. Meer as die helfte van die prisoniers is gelowiges. Onder ons is daar groot sangers en goeie Evangeliedienaars. Hoe wonderlik is dit om saans na 'n harde dagtaak almal saam te kom en 'n tydjie aan die voete van ons Heiland in die gebed deur te bring! Met Christus is daar oral vryheid. Ek het hier baie mooi geestelike liedere geleer en elke dag gee God my meer en meer van Sy Woord. Op negentienjarige ouderdom het ek die geboortedag van Christus vir die eerste keer gevier. Nooit sal ek hierdie wonderlike dag vergeet nie! Ons moes die hele dag lank werk. Nietemin kon 'n paar van ons broeders na die rivier hier naby gaan. Daar het hulle die ys gebreek en die plek berei waar ek en sewe broeders gedurende die nag volgens die Woord van God gedoop is. O, hoe gelukkig is ek en hoe wens ek dat jy ook nou hier by my was, Maria, sodat ek deur my liefde vir jou ten minste 'n klein bietjie kon vergoed vir kwaad wat ek jou in die verlede aangedoen het. Maar God stel elkeen van ons in sy plek en ons moet pal staan waar God ons plaas.

Groet die hele familie van God se kinders. God sal julle gesamentlike werk ryklik seën, soos Hy my ook geseën het. Lees Hebreërs 12:1-3.

Al ons broeders groet jou en is bly dat jou geloof in God so sterk is en dat jy Hom onophoudelik loof in jou lyding.

Jou Varia.

*Vyfde brief*

Liewe Maria, Eindelik het ek die geleentheid gekry om 'n paar reëls aan jou te skrywe. Ek kan jou meedeel, my liefste, dat ek en suster X deur die genade van God fris en gesond is. Ons is nou in . . . Hulle stuur ons . . . en ons bly daar.

Ek dank jou vir jou moederlike sorg vir my. Ons het alles ontvang wat julle vir ons berei het. Baie dankie vir een

uiters waardevolle ding, vir die Bybel. Dankie aan almal en wanneer jy aan hulle skrywe, dra my groete en dank aan hulle oor vir wat hulle vir my gedoen het.

Vandat die Heer die diepe verborgenheid van Sy heilige liefde aan my geopenbaar het, beskou ek my as die gelukkigste mens in die wêreld. Die vervolging wat ek moet verduur, beskou ek as 'n spesiale genade. Ek is bly dat die Heer my van die eerste dae van my geloof die groot vreugde geskenk het om vir Hom te ly. Bid almal vir my dat ek enduit aan die Heer getrou mag bly.

Mag die Heer julle almal bewaar en julle sterk vir die heilige stryd.

Ek en suster X soen julle almal. Wanneer ons na . . . gestuur word, sal ons miskien weer die geleentheid kry om aan jou te skryf. Moet jou nie oor ons nie kwel nie. Ons is bly en opgeruimd omdat ons loon in die hemel groot is. Matt. 5:11-12.

Jou Varia.

Dit is die laaste brief van Varia, die jong Kommunistiese meisie wat Christus gevind het, vir Hom getuig het en tot slawearbeid gevonnis is. Daar is nooit weer iets van haar gehoor nie maar haar wonderlike liefde en getuienis vir Christus toon die geestelike skoonheid van die lydende, getroue Ondergrondse Kerk in een derde van die wêreld onder die Kommunisme.

# HOOFSTUK SEWE

## MY BOODSKAP AAN U VAN DIE ONDERGRONDSE KERK

Ek is genoem „die stem van die Ondergrondse Kerk". Ek voel my nie waardig om die stem van so 'n geëerde d[illegible] van die Liggaam van Christus te wees nie. Hoe dit s[illegible] het jare lank in Kommunistiese lande 'n deel v[illegible] Ondergrondse Kerk gelei. Deur 'n wonderwerk [illegible] veertien jaar van marteling en gevangenskap o[illegible]

ontvang julle met vrede." En van die eerste aand het ons gevoel ons was deel van 'n familie.

Ja, dit was werklik die geval. Ons is baie hier wat in Christus glo as ons persoonlike Verlosser. Meer as die helfte van die prisoniers is gelowiges. Onder ons is daar groot sangers en goeie Evangeliedienaars. Hoe wonderlik is dit om saans na 'n harde dagtaak almal saam te kom en 'n tydjie aan die voete van ons Heiland in die gebed deur te bring! Met Christus is daar oral vryheid. Ek het hier baie mooi geestelike liedere geleer en elke dag gee God my meer en meer van Sy Woord. Op negentienjarige ouderdom het ek die geboortedag van Christus vir die eerste keer gevier. Nooit sal ek hierdie wonderlike dag vergeet nie! Ons moes die hele dag lank werk. Nietemin kon 'n paar van ons broeders na die rivier hier naby gaan. Daar het hulle die ys gebreek en die plek berei waar ek en sewe broeders gedurende die nag volgens die Woord van God gedoop is. O, hoe gelukkig is ek en hoe wens ek dat jy ook nou hier by my was, Maria, sodat ek deur my liefde vir jou ten minste 'n klein bietjie kon vergoed vir kwaad wat ek jou in die verlede aangedoen het. Maar God stel elkeen van ons in sy plek en ons moet pal staan waar God ons plaas.

Groet die hele familie van God se kinders. God sal julle gesamentlike werk ryklik seën, soos Hy my ook geseën het. Lees Hebreërs 12:1-3.

Al ons broeders groet jou en is bly dat jou geloof in God so sterk is en dat jy Hom onophoudelik loof in jou lyding.

Jou Varia.

*Vyfde brief*

Liewe Maria, Eindelik het ek die geleentheid gekry om 'n paar reëls aan jou te skrywe. Ek kan jou meedeel, my liefste, dat ek en suster X deur die genade van God fris en gesond is. Ons is nou in . . . Hulle stuur ons . . . en ons bly daar.

Ek dank jou vir jou moederlike sorg vir my. Ons het alles ontvang wat julle vir ons berei het. Baie dankie vir een

uiters waardevolle ding, vir die Bybel. Dankie aan almal en wanneer jy aan hulle skrywe, dra my groete en dank aan hulle oor vir wat hulle vir my gedoen het.

Vandat die Heer die diepe verborgenheid van Sy heilige liefde aan my geopenbaar het, beskou ek my as die gelukkigste mens in die wêreld. Die vervolging wat ek moet verduur, beskou ek as 'n spesiale genade. Ek is bly dat die Heer my van die eerste dae van my geloof die groot vreugde geskenk het om vir Hom te ly. Bid almal vir my dat ek enduit aan die Heer getrou mag bly.

Mag die Heer julle almal bewaar en julle sterk vir die heilige stryd.

Ek en suster X soen julle almal. Wanneer ons na . . . gestuur word, sal ons miskien weer die geleentheid kry om aan jou te skryf. Moet jou nie oor ons nie kwel nie. Ons is bly en opgeruimd omdat ons loon in die hemel groot is. Matt. 5:11-12.

Jou Varia.

Dit is die laaste brief van Varia, die jong Kommunistiese meisie wat Christus gevind het, vir Hom getuig het en tot slawearbeid gevonnis is. Daar is nooit weer iets van haar gehoor nie maar haar wonderlike liefde en getuienis vir Christus toon die geestelike skoonheid van die lydende, getroue Ondergrondse Kerk in een derde van die wêreld onder die Kommunisme.

## HOOFSTUK SEWE

### MY BOODSKAP AAN U VAN DIE ONDERGRONDSE KERK

Ek is genoem „die stem van die Ondergrondse Kerk”. Ek voel my nie waardig om die stem van so 'n geëerde deel van die Liggaam van Christus te wees nie. Hoe dit sy, ek het jare lank in Kommunistiese lande 'n deel van die Ondergrondse Kerk gelei. Deur 'n wonderwerk het ek veertien jaar van marteling en gevangenskap oorleef,

insluitende twee jaar opsluiting in 'n tronk se „sterfkamer". Deur 'n nog groter wonderwerk het God dit om een of ander rede goed geag om my uit die tronk te haal en my na die Weste te stuur om met die vrye Kerk te praat.

Ek praat namens my broeders wat in tallose naamlose grafte lê. Ek praat namens my broeders wat tans in bosse, kelders, solderkamers en ander sulke plekke in die geheim vergader.

Die Ondergrondse Kerk in Roemenië het besluit dat ek my land moes probeer verlaat en 'n boodskap moes bring aan die vrye Christene van die wêreld. Deur 'n wonderwerk was ek nou in staat om uit te kom en nou vervul ek die opdrag wat my opgelê is deur hulle wat in Kommunistiese lande agtergebly het om te arbei, te waag, te ly en te sterf.

Die boodskap wat ek van die Ondergrondse Kerk bring, is:

„Moet ons nie in die steek laat nie!"

„Moet ons nie vergeet nie!"

„Moet ons nie afskryf nie!"

„Gee ons die gereedskap wat ons nodig het. Ons sal die prys om dit te gebruik, betaal."

Hierdie boodskap is aan my opgedra om aan u te gee.

Ek praat ten behoewe van die stilgemaakte Kerk, die Ondergrondse Kerk, die „stom" Kerk wat geen stem het om te praat nie.

Luister na die geroep van u broeders en susters in Kommunistiese lande! Hulle vra nie ontvlugting, veiligheid of 'n gemaklike lewe nie. Hulle vra slegs die gereedskap waarmee hulle die ateïstiese vergiftiging van hulle jeug – die volgende geslag – kan verydel. Hulle vra Bybels om te gebruik by die verspreiding van die Woord van God. Hoe kan hulle die Woord van God versprei as hulle dit nie het nie?

Die Ondergrondse Kerk is soos 'n snydokter wat per trein gereis het. Die trein het met 'n ander trein gebots en honderde mense het op die grond gelê, beseer, vermink, sterwende. Die dokter het tussen die sterwendes beweeg en uitgeroep: „As ek tog net my instrumente gehad het! . . .

As ek maar net my instrumente gehad het!" Met die snykundige gereedskap kon hy baie lewens gered het. Hy het die gewilligheid besit . . . maar hy het nie die gereedskap gehad nie. Dit is die posisie van die Ondergrondse Kerk. Dit is *so gewillig* om sy alles te gee. Dit is *so gewillig* om sy martelare te gee! Dit is *so gewillig* om jare in Kommunistiese tronke te waag! Maar al sy gewilligheid is waardeloos as hy nie die gereedskap het om mee te werk nie. Die pleidooi van die getroue, moedige Ondergrondse Kerk aan u wat vry is, is: „Gee ons die gereedskap – Die Evangelies, die Bybels, die leesstof, die hulp – en ons sal die res doen!"

### HOE VRYE CHRISTENE KAN HELP

Elke vrye Christen kan dadelik help en wel soos volg:

Ateïste is mense wat nie die onsigbare bronne van hulle lewe erken nie. Hulle het geen gevoel vir wat misterie in die heelal en in die lewe is nie. Christene kan hulle op die beste manier help deur self nie deur aanskoue nie maar deur die geloof te wandel en self 'n lewe van gemeenskap met die onsigbare God te voer.

Hulle kan ons die beste help deur die lewe van konsekwente Christene te lewe, 'n lewe van selfopoffering. Hulle kan help deur so dikwels moontlik te protesteer wanneer Christene vervolg word.

Westerse Christene kan ons help deur vir die Kommuniste te bid dat hulle gered mag word. So 'n gebed mag naïef lyk. Ons het vir die Kommuniste gebid en hulle het ons die volgende dag nog erger gemartel as voor die gebed. Maar Christus se gebed vir Jerusalem was ook naïef. Hulle het Hom na hierdie gebed gekruisig. Maar slegs 'n paar dae later het hulle op hulle borste geslaan en vyfduisend het op een dag tot bekering gekom. Ook vir die ander het die gebed nie verlore gegaan nie. Elke gebed wat nie aanvaar word deur die persoon vir wie jy intree nie kom met groot seën na jou terug en word 'n vloek vir hom wat die voorwerp van jou gebed is. In gehoorsaamheid aan die Woord van God het ek en baie ander Christene altyd vir Hitler en sy

manne gebid en ek is daarvan oortuig dat ons gebede net soveel bygedra het tot sy neerlaag as die koeëls van die geallieerde soldate.

Ons moet ons naaste liefhê soos onsself. Die Kommuniste is net so seker ons naastes as ander mense.

Kommuniste is die gevolg van die veronagsaming van die woorde van Christus: „Ek het gekom dat hulle lewe en oorvloed kan hê." Christene het nog nie die lewe vir almal oorvloedig gemaak nie. Hulle het sommige op die rand gelaat van alles wat waardevol in die lewe is. Hierdie mense het gerebelleer en die Kommunistiese Party saamgestel. Hulle is dikwels die slagoffers van sosiale onreg. Nou is hulle verbitterd en wreed. Ons moet hulle beveg. Maar Christene, selfs al moet hulle teen 'n vyand veg, verstaan hom en het hom lief.

Ons is nie onskuldig aan die feit dat sommige mense Kommuniste is nie. Ons is ten minste skuldig deur pligsversuim. Hiervoor moet ons vergoed deur hulle lief te hê (wat iets totaal anders is as om van hulle te hou) en vir hulle te bid.

Ek is nie so naïef as om te glo dat liefde alleen die Kommunistiese probleem kan oplos nie. Ek sou nie aan die hand wou gee dat die gesaghebbers van 'n staat die probleem van rampokkery slegs deur liefde moet probeer oplos nie. Daar moet 'n polisiemag wees en regters en tronke vir rampokkers, nie net vir pastors nie. As rampokkers hulle nie wil bekeer nie, moet hulle opgesluit word. Ek sou nooit die Christelike frase omtrent „liefde" gebruik om die regte politieke, ekonomiese of kulturele stryd teen Kommuniste teen te werk nie, aangesien hulle niks anders as rampokkers op internasionale skaal is nie. Rampokkers steel 'n beurs; hulle steel hele lande.

Maar die pastor (en die individuele Christen) moet sy bes doen om die Kommunis na Christus te bring – watter misdaad hy ook al pleeg – sowel as sy onskuldige slagoffers. Hy moet met begrip vir hulle bid.

Tweedens, vrye Christene kan help deur Bybels en dele van Bybels te stuur. Middele bestaan om hierdie Bybels na Kommunistiese lande te stuur. Vandat ek uitgekom het, het ek reeds baie gestuur wat almal veilig daar aangekom het. Daar *is* beslis maniere om dit te stuur as u, vrye Christene dit maar net vir u broeders en susters van die Ondergrondse Kerk wil voorsien. Toe ek nog in Roemenië was, het ek self baie Bybels ontvang wat langs sekere kanale ingebring was. Daar bestaan geen moeilikheid om hulle die land in te kry nie. Hulle moet net voorsien word.

Daar is 'n geweldige behoefte aan Bybles. Duisende Christene in Rusland en satellietlande het twintig tot vyftig jaar lank geen Bybels of Evangelies gesien nie.

Twee baie vuil dorpenaars het eendag na my huis gekom. Hulle het van hulle dorp gekom om die hele winter deur bevrore grond te laai met die hoop om genoeg te verdien om 'n ou verskeurde Bybel te kan koop en na hulle dorp terug te neem. Daar ek Bybels uit Amerika ontvang het, kon ek hulle 'n nuwe Bybel gee, nie 'n ou verskeurde nie. Hulle kon hulle oë nie glo nie! Hulle wou my betaal met geld wat hulle verdien het deur bevrore grond te laai. Ek het hulle geld geweier. Hulle het hulle na hul dorp teruggehaas met die Bybel. 'n Paar dae later ontvang ek 'n brief van onbedwonge, opgetoë blydskap om my te dank vir die Skrifte. Dit was onderteken deur dertig dorpenaars! Hulle het die Bybel in dertig dele verdeel en die dele onder mekaar gesirkuleer!

Dit is pateties om 'n Rus te hoor smeek om een blad van die Bybel. Hy voed sy siel daarmee. Hulle is bly om 'n koei of 'n bok vir 'n Bybel te ruil. Een man wat ek geken het, het sy trouring verkoop ten einde 'n gehawende Nuwe Testament in die hande te kry. Ons kinders het nog nooit 'n Kerskaartjie gesien nie. As hulle een gehad het, sou al die kinders van die dorp daarom heen vergader het en een of ander bejaarde man sou miskien vir hulle vertel het van die babatjie Jesus en die Heilige Maagd en verder die verhaal van Christus en die verlossing. Dit alles . . . van een

Kerskaart! Ons kan Bybels, Evangelies en leesstof stuur. Dit is een manier waarop *u* iets kan doen.

Derdens, ons moet spesiale leesstof druk en stuur as teenaanval teen die ateïstiese gif wat aan die jeug gegee word van kleuterskool tot kollege. Die Kommuniste het *The Atheist's Guidebook* opgestel. Dit is die ateïste se „bybel." Vereenvoudigde weergawes daarvan word aan die kleintjies geleer en meer gevorderde weergawes van dieselfde *Guidebook* word geleer namate die kinders vorder. Hierdie bose „bybel" volg 'n kind soos hy opgroei en vorder en vergiftig hom die hele weg met ateïsme. Die Christenwêreld het nog nooit 'n antwoord op *The Atheist's Guidebook* gepubliseer nie. Ons kan en moet die Christelike antwoord op die giftige, ateïstiese leringe druk en instuur. Dit moet ons dadelik doen want die Ondergrondse Kerk het geen leesstof om aan die jeug wat deur hierdie boek vergiftig is te gee nie. Die Ondergrondse Kerk se hande is agter sy rug vasgebind totdat hy sulke leesstof in die verskillende tale van die Kommunistiese lande ontvang het.

Ons vergiftigde jeug moet 'n antwoord hê – God se antwoord – die Christelike antwoord – ons antwoord! Dit is nog iets wat u kan doen deur te help om sulke leesstof soos die antwoord op *The Atheist's Guidebook*, geïllustreerde jeugleesstof en Kinderbybels te verskaf.

Die vierde ding wat ons moet doen, is om met lede van die Ondergrondse Kerk saam te werk en hulle die finansiële middele te gee om rond te reis en met die Evangelie van persoon tot persoon te beweeg. Op hierdie oomblik is so baie van hulle aan hulle huise „vasgeketting" weens gebrek aan fondse om te gebruik vir reiskaartjies op bus en trein en vir voedsel op reis. Hulle is dus gestrand, nie in staat om rond te gaan nie terwyl dorpe twintig tot dertig myl verwyder hulle tevergeefs soebat om na hulle geheime dienste te kom. Deur vir hulle 'n paar pond per maand te gee (£5 – £10) (R10 – R20) kan ons hulle „ontketen" om op daardie roepstemme te antwoord en afgeleë dorpe met die Woord van God te besoek.

Die vroeëre pastors wat vir hulle geloof in die tronk was,

het 'n brandende Evangelieboodskap en 'n vurige liefde vir verlore siele maar die middele om daardie boodskap na die dorpe te neem, ontbreek. 'n Paar pond per maand sal hulle van die middele voorsien.

Christenleke, manne en vroue, moet hulp ontvang. Aangesien hulle Christene is, verdien hulle nouliks genoeg om van te lewe sodat daar niks oorbly om die omliggende dorpe met die Evangelie te besoek nie. Dit is die „wonderwerk" wat 'n paar pond per maand vir hulle sal doen.

Pastors van offisiële kerke wat teen groot risiko tegelyk 'n geheime, parallelle bediening uitoefen, moet in die geheim fondse ontvang vir sulke doeleindes. Hulle „salaris" wat hulle van die Kommunistiese regering ontvang, is uiters klein. Die *gewilligheid* van hierdie pastors om hulle vryheid op die spel te plaas deur die Kommunistiese regulasies te ignoreer en die Evangelie in geheime dienste aan kinders, jongmense en volwassenes te verkondig, *is nie genoeg nie.* Hulle moet die middele hê om hulle vrugbare geheime bediening uit te voer.

Vyf of tien pond per maand sal so 'n lid van die Ondergrondse Kerk help om die Evangelie doeltreffend te versprei. Dit is nog 'n manier waarop u die Ondergrondse Kerk kan help.

Vervolgens moet ons die Evangelie na die Kommunistiese lande oor die radio uitsaai. Deur van stasies in die vrye wêreld gebruik te maak, kan ons die Ondergrondse Kerk wat self 'n groot behoefte aan die Brood van die Lewe het geestelik voed. Deurdat die Kommunistiese regerings self van kortgolf-radio gebruik maak om hulle propaganda aan hulle eie mense oor te dra, besit miljoene Russe en ander verslaafde volke radio's wat hierdie uitsendings sal opvang. Die deure is nou oop om na Kommunistiese lande uit te saai. Hierdie werk moet uitgebrei word. Die Ondergrondse Kerk moet die geestelike voedsel kry wat hierdie uitsendings voorsien. Ook langs hierdie weg het u die geleentheid om die Ondergrondse Kerk in Kommunistiese lande te help.

Ons moet hulp verleen aan die gesinne van Christenmartelare. Tienduisende sulke gesinne ly vandag op 'n onbeskryflik tragiese manier. Wanneer 'n lid van die Ondergrondse Kerk gearresteer word, tref 'n verskriklike drama sy gesin. Dit is hoogs onwettig vir iemand om hulle te help. Dit is 'n weldeurdagte plan van die Kommuniste om die lyding van die vrou en kinders wat agterbly te verhoog. Wanneer 'n Christen tronk toe gaan – en dikwels na marteling en die dood – is dit maar die begin van die lyding. Sy gesin se lyding is sonder einde. Ek kan dit as 'n feit beweer dat as gewone Christene in die vrye wêreld nie aan my en my gesin hulp verleen het nie ons nooit behoue sou gebly en geleef het om by u te wees en hierdie woorde te skryf nie!

Daar het so pas 'n nuwe golf van massa-arrestasies en verskrikking teen Christene in Rusland en elders losgebars. Meer martelare word gedurig gemaak. Hoewel hulle na hul grafte en na hul loon gaan, leef hulle gesinne voort onder aaklig tragiese toestande. Ons kan en moet hulle help. Natuurlik moet ons verhongerende Indiërs en Afrikane help maar wie verdien die hulp van Christene meer as die gesinne van diegene wat vir Christus gesterf het of wat vir hulle geloof in Kommunistiese tronke gemartel word?

Sedert my vrylating het die European Christian Mission reeds baie hulp aan die gesinne van Christenmartelare gestuur. Wat gedoen is, is weinig in vergelyking met wat ons met u hulp kan doen.

As 'n lid van die Ondergrondse Kerk wat bly leef het en ontsnap het, het ek u 'n boodskap gebring, 'n smeekbede van my broeders wat ek agtergelaat het. Hulle het my gestuur om u hierdie boodskap van hulle te bring. Ek het op wonderbaarlike manier behoue gebly om dit af te lewer.

Ek het u vertel van die dringendheid om Christus aan die Kommunistiese wêreld te bring. Ek het u vertel van die dringendheid om die gesinne van Christenmartelare te help. Ek het aan u praktiese maniere voorgehou waarop u die Ondergrondse Kerk kan help om sy opdrag om die Evangelie te versprei te volvoer.

Toe hulle my onder my voete geslaan het, het my tong geskree. Waarom het my tong geskree? Die tong is nie geslaan nie. Dit was omdat die tong en die voete albei deel is van dieselfde liggaam. En u, vrye Christene is deel van dieselfde Liggaam van Christus wat nou in Kommunistiese tronke geslaan word, wat nou martelare vir Christus lewer.

Kan u nie ons pyn voel nie?

Die Vroeë Kerk in al sy skoonheid, opoffering en toegewydheid het in Kommunistiese lande herleef.

Terwyl onse Heer in die Tuin van Getsémané in die gebed geworstel het, was Petrus, Jakobus en Johannes slegs 'n hanetreetjie verwyder van die grootste drama in die geskiedenis – *maar hulle was vas aan die slaap*. Hoeveel van u eie Christelike besorgdheid en gawes is op die noodleniging van die martelaarskerk toegespits? Vra u pastors en kerkleiers wat daar in u naam gedoen word om u broeders en susters agter die Ystergordyn te help.

Agter die mure van die Ystergordyn word die drama, die dapperheid en die martelaarskap van die Vroeë Kerk herhaal – nou – en die vrye Kerk slaap. Ons broeders aldaar, alleen en sonder hulp, is besig om die grootste en dapperste stryd van die twintigste eeu te voer, gelyk aan die heldemoed, onverskrokkenheid en toegewydheid van die Vroeë Kerk. En die vrye Kerk slaap voort onbewus van hulle worstelstryd en smart, net soos Petrus, Jakobus en Johannes geslaap het in die uur van hulle Heiland se doodstryd.

Sal u ook slaap terwyl die Ondergrondse Kerk, u broeders in Christus, alleen ly en stry vir die Evangelie?

Sal u ons boodskap hoor: „Onthou ons, help ons!

„Moet ons nie in die steek laat nie!"

Nou het ek die boodskap van die getroue, gemartelde Ondergrondse Kerk in Kommunistiese lande afgelewer – die boodskap van *u* broeders en susters wat ly in die bande van die ateïstiese Kommunisme.


**Michael Wurmbrand**

**Help For Refugees, Inc.**

**PO Box 5161**

**Torrance, California 90510 USA**

**http://helpforrefugees.com**